

'n Onbegryplike
God &
onbegryplike
geloof:
*Elia, Jona en Habakuk se tydlose
boodskap*

Dr Jacobus de Koning

ELIA

HOOFSUK 1

Ontmoet Elia 3

HOOFSUK 2

Die spruit Krit (1 Kon 17:3-4) 17

HOOFSUK 3

Elia by Sarfat (1 Kon 17:8-16) 24

HOOFSUK 4

Elia by Sarfat
– ‘n donker voorsienigheid (1 Kon 17:17-24) 32

HOOFSUK 5

Elia en Agab (1 Kon 18:17-21) 41

HOOFSUK 6

Karmel (1 Kon 18:22-40) 52

HOOFSUK 7

Elia se depressie (1 Kon 18:41-1Kon 19:15 e.v)
61

HOOFSTUK 1

Ontmoet Elia

Ons leef in 'n tyd waarin daar meer sendingorganisasies is as ooit tevore. Konferensies, “gospel”-feeste, mimiekopvoerings en veelkleurige Christelike boekies is aan die orde van die dag.

Die banier waaronder charismatiese sowel as gereformeerde Christene vaar, is: “Ons werk vir die Here.” Almal gee die indruk dat hulle goed voorberei en geskool is vir dit wat hulle doen. Die hedendaagse Christenwerker loop oor van selfvertroue.

Die vraag wat enige nugtere regdenkende mens, wat nog te sê Christen, homself/haarself in hierdie tyd behoort af te vra, is dit: “Gegewe die oënskynde oorfloed Christelike aktiwiteite, hoe lyk die algemene geestelike en morele standaard vandag? Is daar 'n merkbare verbetering wat betref morele, etiese standaarde in “Christene” se beroepe, huwelike en gesinne?”

Kortweg: Hoe lyk die lewens van dié wat “vir die Here werk?” Lyk dit soos die lewe van die Bergrede (Matteus 5-7) of lyk dit al meer soos die wêreld om hulle? Verander dié met wie hulle in aanraking kom, of word byeenkomste op Sondae maar net al meer 'n plek waar sondaars tuis voel aan die een kant, en aan die ander kant, het dit nie net 'n plek geword waar teologiese fynproewers kom sit en kyk watter goeie preek hulle nou weer kan kry nie?

Het die kerk dalk bloot vir baie 'n *plek* geword wat godsdienstige goedere en dienste op Sondae verkoop en lidmate besluit of hulle daarvan hou of nie? Is die kerk nog 'n *liggaam van mense* wat in die wêreld inbeweeg met 'n profetiese boodskap aangaande die Koninkryk van God, soos Jesus? Is dit nie wat die kerk volgens

Johannes 20:21 moet wees nie? Volgens hierdie uitspraak van Jesus is die kerk – onthou Hy praat hier met die twaalf wat die kerk in embrio vorm is – ‘n klomp mense wat soos Hy, deur God gevorm en gestuur word om ‘n heerskappy van ‘n totaal ander aard sigbaar te maak.

Eenvoudig gestel: Is die wat hulleself die kerk van Jesus Christus noem, nog mense wat deur God voorberei en gestuur is vir hulle taak, of nie?

Dit is ooglopend van wesenlike belang om te probeer vasstel hoe berei God iemand, ja, Sy kerk (wat Jesus se liggaam is), voor om vir Hom te werk?

Dit is vrae wat nie so maklik te beantwoord is nie. Die objektiewe onfeilbare woord van God géé egter antwoorde hierop.

Daar is geen beter plek om te begin as juis die lewe van die profeet Elia nie.

Miskien sê jy: “Maar kan ons ‘n Ou Testamentiese voorbeeld gebruik?” Ek dink 2 Timoteus 3:16 en Romeine 15:4 gee ons die reg. Gaan lees dit gou as jy nie weet waarvan ek praat nie. Moontlik redeneer jy: “Maar Elia was ‘n profeet! – ek is net ‘n gewone Christen.” Wel, die Nuwe Testamentiese Christen is koning, priester en profeet! (1 Pet. 2:9-10). Ons kan dus onbeskaamd na hierdie gedeelte van God se Woord kom, want dit ís op jou van toepassing.

Om Elia egter te verstaan moet jy eers die omstandighede verstaan waarin hy optree.

h *Hoe lyk die tyd waarin Elia na vore tree?*

Hy bars hier in hoofstuk 17:1 op die verhoog, maar hoe lyk die dekor waarteen hy optree? Die dekor waarteen Elia optree is een van die donkerste in die geskiedenis van God se volk.

Agt en vyftig jaar het verloop sedert die ryk in twee geskeur het na Salomo se dood. Sewe konings heers in hierdie tyd oor Israel - sonder uitsondering goddelose mense.

Dit is miskien van belang om van die eerste een te lees, blaai na 1Konings 12:28-30:

Daarom het die koning raad gehou en twee goue kalwers gemaak en aan hulle gesê: Julle het lank genoeg opgegaan na Jerusalem—hier is, o, Israel, jou gode wat jou uit Egipteland laat optrek het! En die een het hy in Bet-el opgerig en die ander in Dan opgestel. En hierdie saak het tot sonde geword; ja, die volk het voor die een gaan aanbid tot by Dan.

Jerobeam wou dus gehad het dat God aanbid moet word op 'n ander manier - deur goue kalwers, maar nog belangriker is die feit dat die korrupsie begin by die *priesterskap*. Hy stel mense aan wat nooit geroep en toegerus is deur God nie!

Gaan lees maar self van die koning wat hom opvolg Die een erger as die ander. Die toestand raak egter **chaoties** wanneer **Agab** met die heidense prinses Isébel trou. 'n Tempel word vir Baäl opgerig in Samaria, en die priesters van Baäl kom in volle beheer van die godsdiens van Israel. 1Kon. 16:33 sê:

Ook het Agab die heilige boomstam gemaak, en Agab het nog meer gedoen om die HERE, die God van Israel, te terg, as al die konings van Israel, sy voorgangers.

Die toppunt daarvan alles word sekerlik verder bereik as Jerigo herbou word.

Baie jare gelede in Josua 6:26 is die volgende gesê:

In dié tyd het Josua hulle laat sweer met die woorde: Vervloek is die man voor die aangesig van die HERE wat sal opstaan om hierdie stad Jerigo op te bou: ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fundamente lê, en ten koste van sy jongste sal hy sy poorte insit.

Die herbou van Jerigo was dus ‘n openlike verwerping en uittarting van God.

Dit is teen hierdie swart agtergrond dat God vir Homself ‘n getuie oprig. Ja, elke lig was uitgedoof, elke stem van Goddelike getuienis gedemp. Geestelike dood het soos ‘n kombors oor alles gelê. Dit het inderdaad gelyk asof Satan in beheer was van die situasie.

Maar dan kom hoofstuk 17 vers 1

En Elia, die Tisbiet, uit Tisbe in Gilead, het vir Agab gesê: So waar as die HERE, die God van Israel, leef, voor wie se aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord!

h *Wie was hierdie Elia?*

Niks word gesê oor sy ouers of vorige lewe nie, maar sy naam is van van treffende belang. Want Elia beteken in Hebreeus “*my God is Jahwe*”.

Die volk het Baäl as hulle God aanvaar, hier kom die profeet wie se naam die ware God van Israel verkondig. Miskien dink jy, maar moet ‘n mens so maak met name? Is dit bedoel om vertaal te

word? Gaan lees gou Matteus 1:21,23 en Handeling 4:36. Het jy gesien? Ons het dus goeie grond waarop ons staan as ons instruksies uit name kry!

Maar hy word verder beskryf as die *Tisbiet*. Wat interessant genoeg beteken: “vreemdeling hier”, verder is dit duidelik dat hy uit *Gilead* kom.

Nou, Gilead is die onherbergsame bergagtige gedeelte van Palestina. Gevaarlike gebied om in te woon. Die mense van hierdie gebied was harde, gebreide mense, wat in wind en weer hulle skape opgepas het. Hulle het ook unieke kleredrag gehad, ’n kameelhaar kleeed het dikwels om hulle skouers gewapper.

Inderdaad was Elia, totaal in kontras met die dorpelinge in die laaglande en valleie, en veral dié in die voorhowe van die paleis.

Op watter ouderdom God Homself op reddende wyse aan Elia geopenbaar het, weet ons nie, maar in 1Konings 19:10 kry ons ’n aanduiding van sy geestelike kwaliteite:

*En hy antwoord: Ek het baie geywer vir die HERE,
die God van die leërskaare...*

Dit beteken eenvoudig dat hy God se eer op die hart gedra het, en dat die eer van Sy Naam vir hom meer beteken het as enige iets anders. In die lig daarvan het hy verseker meer en meer bedroef geword by die aanhoor van die afvalligheid van Israel.

Daar kan ook nie twyfel wees dat Elia bekend was met die Skrif nie, spesifiek dan natuurlik die eerste vyf boeke van Moses. Hy het geweet wat God vir Israel gedoen het, en dit moes sy groot begeerte gewees het dat God dienooreenkomstig geëer sou word.

Toe hy gehoor het dat God se altare omgegooi is, hoe sy diensknegte vermoor is, hoe heidense priesters beheer gekry het, het sy bloed met heilige woede gekook. Hy was baie jaloers!

Ons kan dus tot die konklusie kom dat die man wat God oprig in hierdie tyd van verval , ‘n man is wat uit en uit vór Hom is, ‘n man wat afgeskei was van die godsdienstige euwels van die tyd, ‘n man wat in eensaamheid die getuienis van God in sy hart gedra het.

Maar wat kon hierdie man doen, en wat het hy gedoen toe hy bewus word van die verval? Het hy besluit dat die ‘Jahwe-geloof’ te tradisievas geword het? Het hy geredeneer dat die rede vir die Baaldiens se vooruitgang geleë is in die feit dat hulle meer ‘los’ is en lekkerder feeste hou? Het hy gevoel die ‘Jahwe-geloof’ moet weer aantreklik gemaak word? Het hy besluit op ‘n paar Jahwe-sangfeeste?

Nee! Hy het besef, hy as ongekultiveerde man van die woestyn kon niks doen nie, en die Satan het sekerlik ook nog in sy oor gefluister: “Jý kan niks doen nie, die toestand is hopeloos.”

Maar daar was een ding wat hy kon doen, Hy kon bid. Ons sien dit uit Jakobus 5:17:

Elia was ‘n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie.

Hoekom bid Elia? Hy het gebid omdat hy oortuig was dat die Here God leef en heers oor alles. Hy bid omdat hy besef het dat God almagtig is en by Hom geen dinge onmoontlik is nie. Hy bid omdat hy geweet het hy is magteloos, daarom draai hy na die een wat geklee is in krag.

Maar vir gebed om effektief te wees, moet dit gegrond wees in die Woord van God. Dit lyk asof daar veral een spesifieke gedeelte in die Skrif was wat voor Elia was toe hy gebid het. Deuteronomium 11:16,17:

Neem julle in ag dat julle hart nie verlei word nie, sodat julle afwyk en ander gode dien en voor hulle neerbuig, en die toorn van die HERE teen julle ontvlam en Hy die hemel toesluit, sodat daar geen reën is en die aarde sy opbrengs nie gee nie, en julle gou uit die goeie land omkom wat die HERE julle gee.

Dit was presies die oortreding waaraan Israel nou skuldig was. Met ander woorde as hierdie Goddelike dreigement wat geskryf staan, nie nou sou plaasvind nie, sou dit inderdaad lyk of Jahwe (Israel se Verbondsgod) maar net 'n mite, 'n dooie tradisie was. En onthou: Elia was jaloers vir die Here God van die leërskaare - daarom bid hy ernstig dat dit nie moet reën nie.

Hier sien ons wat gebed is. Dit is om in geloof God se Woord aan te gryp en dit voor Hom te bring: “*Here U het gesê.*” Gebruik die beloftes van God as brandstof vir gebed.”

Miskien sê jy: Maar dit is **dare**m ‘n vreeslike gebed om te bid. Was dit meer vreeslik, as dat die nasate van Abraham, Isak en Jakob, die mense wat deur God in die lewe geroep, gelei en versorg is, dat hulle van Hom, ‘n bespotting gemaak het nie?

Ons moet onthou: daar is iets baie erger as fisiese ellende en lyding, en dit is morele verval en geestelike afvalligheid. Vandag sien ons dit na-tuurlik nie meer so nie. Die nuwe tien gebooie begin met: ‘Jy mag nie verskil nie,’ en die nuwe stel saligsprekinge: ‘Salig is die wat alles akkommodeer.’

Ons leef in ‘n mens-gesentreerde tyd, waar bitter min nog ‘Jaloers is vir God.’

Elia het net een begeerte gehad, en dit is dat die volk moes besef dat daar ‘n verband is tussen die verskriklike droogte en hulle sonde teen die lewende God.

Maar onthou: Elia was ‘n mens net soos ons. Dink maar wat moes deur sy gedagtes gaan as hy begin stap na Samaria, om sy boodskap af te lewer. Hy weet wat gebeur het met die ander profete...

Maar wat hy ookal gedink het op pad, hy bevind hom voor Agab hier in vers 1 en luister wat sê hy:

So waar as die HERE, die God van Israel, leef, voor wie se aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord!

Kom ons kyk na die betekenis van die uitspraak: ***Here, God van Israel.***

Hy herinner Agab dat die een waarmee hy te doen het, die Een is wat in ‘n verbond met Israel staan, of hy, Agab, dit wil weet of nie. Israel is *God se volk*. Sonder Hom sou hulle nie bestaan het nie.

Tweede ding wat Elia duidelik maak is dat die Here *leef*. Want sien hierdie feit is bevraagteken. Die idee het al meer ontstaan, omdat Jahwe nie gesien kan word nie, bestaan hy nie. Die Baäl aan die ander kant was sigbaar, en daar is geglo dit is hy wat reën gee, en vrugbaarheid. Elia laat Agab verstaan dat die Een wat leef, Jahwe is, en dit gaan nou sigbaar word!

Ek wonder of ons besef wat hier gebeur. Elia staan voor die heerser van Israel self. Die een met alle uitvoerende mag. Dit kos ‘n kort bevel en Elia bevind homself sonder ‘n kop.

Luister wat hy sê: “Voor wie se aangesig ek staan.” Hy laat Agab verstaan, ek staan nie in jou diens nie, ek is ‘n dienskneg van hierdie lewende God. Waarom sou ek jou vrees as ek staan voor die Koning van die heelal, wat met ‘n oogknip vir my en jou kan vernietig? Ek staan voor Hom, die lewende en tot wie ek gebid het, en wie my gebed beantwoord.

En luister wat hy doen word nog meer onbegryplik as mens dink aan die boodskap wat hy gee: *daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie* Nou, enige iemand wat die geografie en klimaat van Palestina ken, sal jou kan vertel dat selfs in Palestina se droë seisoen, wanneer daar geen reën val nie, is daar nog steeds dou wat maak dat die plante tog kan oorleef. Maar nóg reën en nóg dou vir so ‘n lang periode - dit sou die land van melk en heuning in ‘n land van dood en pestilensie verander.

Wat Elia hier sê, word nog meer skrikwekkend in die lig van die feit dat dit *alreeds 6 maande nie gedou of gereën* het toe hy hierdie boodskap bring nie. Hoe weet ons dit? Wel, blaai na hoofstuk 18:1. Vergelyk nou weer wat sê Jesus in Luk. 4:25:

Maar Ek sê vir julle met waarheid, daar was baie weduwees in Israel in die dae van Elía toe die hemel toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar ‘n groot hongersnood gekom het in die hele land.

Waar is die ekstra ses maande? Dit het reeds 6 maande lank nie gedou en gereën nie. Agab moes rasend gewees het toe hy hierdie boodskap hoor dat dit vir nog 3 jaar nie gaan reën nie.

Dit was geen gewone boodskap nie! Tog lees ons in Jakobus 5:17 dat Elia ‘n mens net soos ons was.

h *Wat was Elia se geheim?*

Elia was eerstens ‘n man van ***gebed***. Ja, soos ons gesê het - reeds 6 maande voor hy voor Agab verskyn begin hy bid! Gebed in die geheim was die bron van sy krag in die openbaar. Niemand het hom gesien of daarvan geweet nie. Maar hy het eers gebuig voor God, daarom het hy nie gebuig voor ‘n aardse koning nie. O, en sy gebed was nie ‘n ge-woonte-inkopielys nie, nee, hy het met erns gebid. Hy het God se beloftes afgeleit.

Maar in die tweede plek het hy ‘n ***kennis van God*** gehad: So waar as ... Die Here was ‘n lewende realiteit vir hom. Ja, die konsensus van die algemene publiek was, dat Jahwe nie meer leef nie. Dit het op die op-pervlak gelyk asof geen siel meer in die bestaan van Jahwe glo nie. Maar Elia is nie beweeg deur die publieke opinie nie. Waarom sou hy? Hy het God geken.

Hy was derdens bewus van die Here se ***teenwoordigheid***, “voor wie se aangesig ek staan”. Hy was nie net verseker van die realiteit van die Here se bestaan nie, maar hy was bewus dat hy in sy teenwoordigheid is. Dit is presies die woorde wat die Engel Gabriël gebruik in Lukas 1:19. Jy sien daarop het hy geen vrees vir die mens gehad nie, want hy het God gevrees. Die vrees van die Here in die Bybel beteken, nie ‘n bang wees nie, maar ‘n bewustheid dat jy leef voor die aangesig van die Een wat alles sien en weet, dat jy aan Hom alleen moet rekenskap gee. Dit beteken verder ‘n absolute lojaliteit aan Hom, en ‘n oortuiging dat Hy vir alle aspekte van my lewe relevant is.

Dit was die fondasies waarop Elia gestaan het.

h *Wat jy moet onthou*

Daar is ‘n paar dinge wat ons altyd in gedagte moet hou as ons ‘n gedeelte in die Bybel en veral dan in die Ou Testament, lees.

Die hele Bybel is een storie of drama waarin twee temas, die verbond en die koninkryk sentraal staan.

Een van die frases wat die meeste in die Bybel voorkom is “ *Ek sal jou God wees, en jy moet vir my ‘n volk wees.*” Dit is die sogenaamde **verbondsformule**. Dit loop soos ‘n goue draad deur die Bybel. So ook word al die individuele verbonde – met Abram, Moses en Dawid – hierdeur beskryf, alhoewel die inhoude bietjie verskil.

Het julle al gesien hoe eindig Openbaring 21:3? “*En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.*”

Die ander deur is die **koninkryk van God**. As jy wil weet wat daarmee bedoel word, moet jy by Genesis begin.

Wat sien ons daar? Ons sien God se mens is op God se plek, onder God se koningskap deur sy Woord. Wat is die verhoudings daar in die begin? ‘n Volkome verhouding met God, met mekaar en met die geska-pe omgewing. Dit is hoe die koninkryk van God lyk.

Wat gebeur as sonde inkom? Wel jy bevind jou *buite* die koninkryk. Gaan lees weer wat gebeur daar in Eden. Maar in die Bybel kom God en Hy begin weer met een man, naamlik Abram en Hy gee vir hom weer al die beloftes wat Hy aan Adam gegee het. Jy kan hierdie beloftes gaan lees in Genesis 15, 17 en 22.

Hier belowe God ten diepste dat Hy die volk se God sal wees en dat hulle op sy plek sal wees (die land). Dus: Hy sal hulle Koning wees!

Sien jy die verbond en die koninkryk van God? Die Bybel eindig met die verbond (Op. 21:3) , sowel as met die koninkryk (1Kor. 15:28).

Baie belangrik: **Jesus** is die vervulling van die verbond. Hy vervul, bring tot volheid (maak vol), die oorspronklike bedoeling daarvan. Juis daarom handel die hele Bybel oor Jesus (Vgl. Joh. 5:46; Luk. 24: 27,44) nie net sekere gedeeltes nie. En daarom het die hele Bybel vir jou en my betekenis, nie net gedeeltes nie. Die Bybel is *een verhaal en daardie verhaal raak my en jou ten diepste! Ook die gedeeltes oor Elia!*

Ons as Nuwe Testamentiese Christene, wat leef ná die koms, dood en opstanding van Jesus moet onself altyd afvra hoe ‘n Ou Testamentiese gedeelte inpas by hierdie openbaring. Hoe dit Christus openbaar.

Dan moet ons vra wat is ons verhouding tot Christus en wat hierdie gedeelte vir ons sê as ons dit deur Christus benader.

As ons nou na Elia kyk, moet ons eerstens besef dat Jesus op eksplisiete wyse sy bediening vergelyk met die bediening van Elia en Elisa (Luk 4:25–27 ; vgl. 1 Kon. 17:1–16 ; 2 Kon. 5:1–14). Baie van wat Hy later doen in sy bediening, toon ‘n geweldige ooreenkoms met hierdie pro-fete. (vgl. Luk 7:11–17 met 1 Kon. 17–24 en 2 Kon. 4:32–37 ; Luk 9:51–56 met 2 Kon. 1:9–16 ; Luk 9:61–62 met 1 Kon. 19:19–21)

Jesus is egter meer as Elia. Die Berg van verheerliking waar Jesus saam met Moses en Elia verskyn en God sê “Dit is my geliefde seun, luister na Hom”, onderstreep die feit dat Jesus nou die laaste groot profeet is soos Hebreërs 1:1 duidelik maak:

*Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd
gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in
hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun.*

Ons as Nuwe Testamentiese gelowiges is *in* Jesus. Ons kan dus verwag dat as die pad wat God met Elia gestap het as't ware vervulling vind in Jesus, ons dieselfde pad sal stap. Ons word ook eksplisiet opgeroep om in die voetspore van Jesus te stap in 1 Petrus 2:21.

Daar is reeds verwys na Johannes 20:21 en die ongelooflike waarheid dat Jesus, ons, Sy kinders, Sy kerk, *soos Hy* die wêreld instuur. Dit is 'n waarheid waaroor ons baie kon praat. Gaan bedink dit maar self.

Ons leef in die tyd waarin die Koninkryk in Jesus gekom het. Maar nog nie in sy finale vorm nie. Ons is nog nie finaal op God se plek onder God se Heerskappy nie. Ons leef in 'n tyd waarin baie nog nie deel is van die Koninkryk nie, maar ook waarin baie wat aanspraak maak dat hulle deel van God se volk is, en *soos in Elia* se tyd, eintlik die Baäls dien.

Anders gestel, ons leef in die tyd waarvan die boek Openbaring praat. Die tyd waarin baie die dier en die valse profeet volg.

En nou is dit baie interessant om Openbaring 11 te lees. Het jy Elia daar raakgelees? Sonder om hier in fyn besonderhede vas te val, daar is geen twyfel dat ons hier 'n verwysing het na die profetiese taak van die kerk in die evangeliese tydperk, die tydperk waarin ons leef nie. Ons is nou geroep om as kerk en as individue in die kerk, profeties op te tree teen dit wat God se koninkryk teenstaan. Ons het weer 'n Elia-taak!

Elia is dus uiters relevant vir ons, as Christene wat leef in die laaste dae - die dae ná Jesus se koms, dood en opstanding.

h Nader aan die lyf

Is jy 'n man, vrou, kind van *gebed*? Jy sal weet. Dalk is jou gebedslewe niks meer as 'n worsteling met jouself en jou eie gedagtes nie. Bid jy tot God oor die toestand van jou eie hart, die toestand van jou familie en jou mede-Christene in die lig van die Woord? Bid jy: “*Here, U het gesê u kerk is die tempel van die lewende God. Here, dit het 'n speelplek van sondaars geword. Here, die kerk het 'n bespotting geword. Maar U het gesê U laat U nie spot nie - Here laat U oordeel begin by die huis van God. Kom Here, stuur herlewing, reinig U kerk deur die waterbad van die Woord.*” Bid jy die Woord? Ken jy sy Woord om so te kan bid?

Onthou, as Moses en Elia, al twee groot bidders, verskyn saam met Jesus (Mark. 9:4) sê dit ook vir ons Jesus is die finale groot Bidder. Ek en jy het dieselfde Gees as Hy. Hy is ons Hoëpriester wat vir ons intree. Ons, alhoewel ons mense is net soos Elia, behoort meer te bid, met meer vrymoedigheid as Elia.

Ken jy God? Dit is ewige lewe (Joh. 17:3). Ons kan God beter ken as Elia, want Jesus het Hom kom openbaar (Joh. 1:18).

Is jy bewus elke oomblik van jou lewe by die skool, by jou werk, tussen ander dat jy in sy *teenwoordigheid* is. Dat Hy alles sien en hoor wat jy sê en dink, dat jy eendag aan Hom gaan rekenskap gee. Maak hierdie wete dat jy nie bang is om te staan vir die waarhede van die Woord, al dink almal rondom jou anders daarvoor nie?

Onthou: Die toneelspelers en die dekor het 'n bietjie verander, maar die basiese drama bly dieselfde...

HOOFTUK 2

Die spruit Krit (1 Kon. 17:3-4)

Wonder bo wonder Agab doen niks aan Elia nie. Inteendeel, die Woord van die Here kom weer tot Elia...

Die Woord van die Here kom eers tot Elia, *nadat hy gehoorsaam* was aan sy eerste opdrag. God gee nie vars openbaringe aan mense wat nie gehoorsaam is aan die Woord wat hulle reeds ontvang het nie!

Daar is ook geen aanduiding dat Elia probeer het om die wil van die Here te soek, asof die wil van die Here weggesteek is, soos so baie in ons dag dit doen nie. Nee, die Woord van die Here het tot hom gekom.

Wel, wat was hierdie Woord?

Gaan hiervandaan af ooswaarts en gaan versteek jou in Kritispruit, anderkant die Jordaen. Jy kan water uit die spruit drink, en Ek het die kraaie beveel om daar vir jou te sorg. (1Kon17:3-4 N.A.V.)

As Elia sy instinkte moes volg, en moes gedoen het wat hy beskou het as dít wat die meeste tot verheerliking van God sou wees op hierdie stadium, sou die spruit Krit, die laaste plek wees waarnatoe hy sou gaan. Stel jou `n oomblik in sy skoene: God het sy gebed beantwoord en Agab het niks aan hom gedoen nie.

Was dit nie `n teken dat hy nou met `n preektoer deur die stede en dorpe van Samaria moes begin nie? Hy kon selfs `n paar plakkate maak en mense uitnoui om te kom kyk na wonders wat God doen.

Of hy kon seminare aanbied oor die 5 punte van JAHWISME. Sou dit nie die volk weer swaai terug na die Here nie?

Sulke argumente is egter niks werd as dit by God se werk kom nie. God sê: Gaan steek jou weg... “*Maar Here wat gaan alles nou gebeur, wil U nie tog dit vir my openbaar nie?*”

“Nee, Elia, Ek sal stap vir stap my plan ontvou, jy moet wandel deur geloof en nie aanskoue nie.”

Maar waarom moes hy hom gaan wegsteek? Miskien sê jy: “wel natuurlik sodat Agab hom nie doodmaak nie.” As Elia in 1Konings 18:17-20 weer voor Agab verskyn, maak hy hom egter nie dood nie. Kon God hom dan nie die hele tyd beskerm het nie? Ek dink ons moet die rede dus elders gaan soek. Die eerste belangrike feit i.v.m. die wegsteek, is dat hierdie woord letterlik om jouself *afwesig* te maak, beteken.

Waarom moes hy homself afwesig maak? Omrede sy afwesigheid in die eerste plek ‘n teken is van God se *oordeel* oor sy volk.

Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek ‘n honger in die land stuur, nie ‘n honger na brood nie en nie ‘n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie. (Amos 8:11-12 vgl. Jer. 30:20)

Ons sien nie ons tekens nie; daar is geen profeet meer nie, en by ons is daar niemand wat weet hoe lank nie. (Ps. 74:9)

Maar daar is ‘n tweede rede. Om Elia klein te hou. Want sien die gevaar vir hoogmoed en selfvertroue was daar, veral nadat God sy gebed beantwoord het. Daar was ook die gevaar dat hy homself

kon verhard teen die ellende van die land. En sien God was besig om hom voor te berei vir Karmel. Dit is God se manier. Dink maar aan Josef, Moses, Paulus, Johannes die Doper. God berei hulle in woestyne voor. Soos ons later sal sien – Jesus ook.

Die derde rede waarom God Elia uit die samelewing wegneem, was natuurlik om hom te toets en te sien of hy hom onderwerp aan God se wil.

h *Waarom by die spruit Krit?*

Waarom nie by die Jordaan nie, waarom by ‘n spruit, wat gegewe die droogte enige oomblik kon opdroog? Is dit nie absurd nie? Elia moes leer om te vertrou op die gewer, nie die gawes nie. Hy moes wandel deur geloof en nie aanskoue nie.

Dit word nog meer duidelik as ons kyk na die instrumente wat God gebruik om vir hom kos te bring. Kraaie. Nou vir ons klink dit miskien nie so erg nie, maar jy moet onthou, volgens Levitikus 11:15 en Deuteronomium 14:14, moes kraaie as ‘n gruwel beskou word en as on-rein. Hier sien ons iets van die soewereiniteit van God en wysheid van God. Hy werk so anders, want nie net was dit onrein diere nie, maar dink ‘n bietjie: Aasdiere in tyd van absolute droogte - om van hulle afhanklik te wees vir jou vleis!

Maar Elia het gedoen soos die Here hom beveel het. Ja, dit was teen-natuurlik maar hy het gedoen wat Jesus eeue later sou sê: Hy het die eer van die koninkryk van God gesoek!

Kyk wat gebeur: Na verloop van tyd droog die spruit op – soos spruite maar maak. Maar waarom voorsien God nie vir Elia ook water op bo-natuurlike wyse nie? Weereens Hy is soewerein, Hy handel nie volgens vasgestelde reëls nie. Of Hy wou gehad het Elia moes die ellende van die droogte aan sy lyf voel, en of God

se bepaalde tyd met Elia by die spruit verby was, weet ons nie - maar die spruit het opgedroog.

Wat sou deur Elia se gedagtes gaan? Wat moes hy doen? Moes hy bly en vergaan, of moes hy maak dat hy wegkom? Het God hom vergeet? Het hy die verkeerde ding gedoen om hierheen te kom?

God toets Elia deeglik. God moes duidelik sien of Elia op die stroompie van Krit vertrou of op Hom. Of hy op die gawes of die gewer van die gawes vertrou. God het seker gemaak dat Elia nie méér vertrou plaas in die stroompie, as in Hom, die fontein van lewende water nie, soos God Homself in Jeremia 2:13 beskryf. God wou verhoed dat Elia op subtile wyse dieselfde sonde begaan as die wat daar beskryf word – naamlik om vir jou gebakte reënbakke uit te kap eerder as om uit God, die fontein van lewende water, te drink. God wou Elia vrymaak, waarlik vrymaak van alles, behalwe God self.

***h** Nader aan ons lyf*

Maar wat sê hierdie gedeelte vir my en jou?

Ons weet dat Jesus meer as Elia was, God self, en tog, moes hy ook ge-hoosaamheid leer as God se seun.

Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het... (Heb. 5:8)

Toe God se Woord as't ware na Jesus kom, was dit om homself weg te steek, Sy goddelikheid weg te steek en die gestalte van 'n dienskneg aan te neem. Hy moes die 'lydende dienskneg' van Jesaja se laaste hoofstukke word (vgl. Jes. 49-53). Daarom sê Jesus in Hebreërs 10:7:

Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe. (N.A.V.)

Wat was God se wil? Wel, dat Hy Homself wegsteek, Sy heerlike glorie wegsteek en die pad van lyding en swaarkry stap as die Dienskneg van God tot by Golgota. Ja, Elia was op pad na Karmel, Jesus was op pad na Golgota. Ons hoor iets van sy 'Elia-ervaring' in die knegliedere van Jesaja.

Hoor na My, eilande, en luister, volke wat ver is! Die HERE het My geroep van die moederskoot af, van my geboorte af het Hy my naam genoem. En Hy het my mond gemaak soos 'n skerp swaard, in die skaduwee van sy hand het Hy My verberg; en Hy het My 'n skerp pyl gemaak, in sy pylkoker My weggesteek (Jes. 49:1-2)

Kan jy hoor wat sê Jesus? God het hom as't ware voorberei - eers skerp gemaak, voordat Hy hom kon gebruik. En ons weet Jesus is vir 30 jaar weggesteek. As skrynwerker in Nasaret. Eers na 30 jaar verskyn Hy vir 3 jaar op die toneel.

Wat wil ek dus sê? As ek en jy in Jesus is, en ons word vir die eindtyd- Elia-bediening voorberei, sal ons ook eers weggesteek word, voorberei word.

Is dit nie die Woord wat duidelik tot ons gekom het nie? Ons weet wat staan in Hebreërs 1:1:

In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun

God se Woord aan ons is Jesus. Alles wat Jesus is, kom doen en sê het. En wat is dit in 'n neutedop?

Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor. Hy wat sy lewe verloor, sal dit behou. As iemand My dien, laat hom My volg. Kom, volg my, volg my op die 'weggesteekte' pad van lyding na uiteindelijke verhoging. Soek eers die Koninkryk van God. *Vergelyk Joh.12:24-26, Mark 8:34.

Laat los, vertrou My. Ek gaan jou leer om op my te vertrou en nie my gawes nie. Miskien voel jy op hierdie oomblik: Ek is so nutteloos, en ek het so min bronne. Ek het nie teologiese kennis nie. Ek is 'n huisvrou, ek moet my heeldag besig hou met kinders en babatjies, ens. Of wat jou gevoel ookal mag wees. Wees gehoorsaam aan dit wat jy weet. Dink byvoorbeeld aan jou huwelik. Gehoorsaam eers die duidelike woord van God in Christus Jesus oor die huwelik (Efesiers 5). God sal op sy tyd jou verder vat. Dit is hoe God sy Elia-diensknegte voorberei! Ook in ons tyd.

Miskien is jou spruit besig om op te droog. Die dinge wat die Here jou mee geseën het. Fisies, materieel, finansieel! Ja, wonderlike, goeie dinge wat die Here self vir jou gegee het. Miskien jou gelukkige huwelik, of gehoorsame kinders, wat skielik nie meer is soos wat dit was nie. Want sien, miskien het jy vergeet dat al hierdie dinge, al hierdie geluk en voorsiening van die Here, nie 'n doel op sigself was nie, maar heenwysing na Jesus. Al hierdie waterstrome wat jy gehad het, was verwysings na Jesus, die bron van lewende water. God wil bo alles hê jy moet van Jesus drink. Hy sal selfs die goeie dinge wat Hy self gee, laat opdroog om jou onverdeeld op Hom te rig, om jou van Hom te laat drink.

So, as jy voor 'n opgedroogde Krit staan. Weet dit: Hy is besig met jou. Hy wil jou onverdeelde hart hê, sodat Hy jou kan gebruik.

Onthou die Here het baie tyd. Wil jou stroop van alles wat verhinder dat Hy al die eer sal ontvang. Ons is nie almal noodwendig op pad na iets so groots soos die konfrontasie op Karmel nie. Wat die Here vir jou in die oog het, is dalk om 'n familielid te bereik. Of as gemeente, dalk hier 'n verskil te maak. Is jy bereid vir die pad van Elia, dissipel wees? Onthou altyd: Die klem in al die oproepe om dissipel te wees, is nie swaarmoedige dood nie, maar lewe, dit is nie *verloor* nie, maar *behou*. Nie sterf nie, maar die veelvrug! Wat jy miskien nou sien as jou lewe wat jy verloor deurdat jy alles verloor wat by die wêreld tel, lei tot 'n heerlike behoud van lewe. Anders gestel as jy die pad van Elia loop, en dus die pad van Jesus, kies jy vir werklike vreugde en geluk! Dit wat jy moet laat vaar is die dinge wat geen *werklike* vreugde, vrede en geluk bring nie.

As jy voel, jy het nie krag om hiêrdie pad te loop nie, of jy sal dit nie maak nie, dink aan almal wat voor jou die pad geloop het, maar hou die oog op Jesus: Ons het Jesus, waarvan Hebreërs 12:1-2 sê:

Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.

Hoor ons dit? Hy is die Leidsman en Voleinder van ons geloof. O, ons worstel nie hier in ons eie krag om God te beïndruk met ons Elia- toewyding nie. Nee, Jesus vat ons as't ware aan die hand en sê: Kom, kyk na My, Ek stap saam met jou en voor jou. Ek sal jou vorm as My getuie, Ek het alles wat nodig is vir hierdie pad in jou plek verwerf. Jy sal dit maak, Ek gaan jou gebruik.

HOOFSTUK 3

Elia by Sarfat (1 Kon. 17:8-16)

Stel jou vir 'n oomblik voor: Elia by die opdrogende spruit, wat elke dag harder raas - en dan een oggend... is die spruit leeg. Moet hy bly en sterf, hy kan nie lank leef sonder water nie. Moet hy nie maar 'n slag sake in sy eie hande neem en die beste doen wat hy kan nie. Moet hy nie maar teruggaan na Agab en liever aansluit by die Baäl-profete nie?

Elia weier egter om te luister na die influisteringe van die Satan. Die Here se woord was: *Steek jouself weg by die spruit Krit, Ek het die kraai bevel gegee om jou daar kos te gee.* Daarom bly Elia daar, selfs nadat die Spruit opgedroog het.

Gaan na Sarfat toe by Sidon en gaan bly daar. Ek het 'n weduwee daar opdrag gegee om vir jou te sorg (1Kon. 17:8-9) Toe het die woord van die Here weer tot Elia gekom en gesê: “

God het hom nie vergeet nie. Hy moes egter nog meer gedissiplineerd word deur verdere beproewinge.

Dit is insiggewend dat die plek Sarfat letterlik beteken 'loutering'. In-derdaad was dit geen opwindende opdrag nie, want om van Krit na Sarfat te gaan, beteken 'n reis van oor die tagtig kilometer te voet deur 'n snikhete woestyn, waar selfs geen dou nou verligting gebring het nie.

Maar let verder op: Sarfat was in Sidon. Die gebied van die heidene, buite Palestina (Vgl. Luk. 4:25,26). Wat nog meer

treffend is, is die feit dat Sidon die presiese plek was waarvandaan Isébel gekom het (1Kon. 16:31).

Ironies. Elia moes gaan na die geboorteplek van die een wat die finale groot afval in Israel veroorsaak het. Asof God wil wys Hy sal sy profeet *daar* wegsteek. Soos God Moses in die Nyl, 'n god van Egipte weg-gesteek het!

As Krit by wyse van spreke toegaan, dan gaan Sarfat oop. Die mens se verleentheid word God se volgende geleentheid. Maar let tog weer op: Soos God Elia na 'n spruit en nie 'n rivier stuur nie, stuur hy nou Elia, nie na 'n welaf boeregesin in Sidon nie, nie eers 'n welaf weduwee nie, maar 'n arm weduwee, wat letterlik besig is om haar laaste maaltyd te berei en dan te sterf. God maak baie seker dat Elia weer nie op omstan-dighede kan vertrou nie, maar op Hom alleen.

Want ons moet verder onthou, Elia moes nou totaal in stryd met sy_natuurlike gevoelens optree, ek meen sy hele godsdienstige en geeste-like agtergrond sou daarteen skreeu - hy moes afhanklik wees van 'n heiden in 'n heidense dorp. Hy moes die land van sy vaders verlaat en homself bevind in die hoofkwartiere van die Baäldiens. Maar Elia moes die waarheid van 1 Sam. 15:22 leer – gehoorsaamheid is beter as offe-rande.

Kom ons gee weer 'n tree terug en stel ons in Elia se skoene. Hoe kon hy na Sarfat gaan as hy niemand daar ken nie? “*Kyk, Ek het...*” Dit bete-ken natuurlik nie dat God met die weduwee gepraat het en gesê het, luister my profeet gaan daar kom bly, sorg vir hom nie, nee, intendeel die volgende verse wys die teenoorgestelde - die verskyning van Elia was 'n groot verleentheid.

Nee, ons moet die ‘bevel gegee’ meer sien in die sin van God wat dit so sou bestuur dat sy vir hom sou sorg, net soos Hy dit sou bestuur het dat die kraaie vir hom sou sorg. As God sy mense beveel om na ‘n plek te gaan, dan sorg Hy vir hulle.

Maar kom laat ons nie vooruit gaan nie, kom ons stap saam met die profeet.

Vers tien sê Elia het gehoorsaam, want hy was ‘n dienskneg van God. Hy het nie self besluit wat is Godvererend en wat nie. Daar gaan Elia al swetende deur die warm woestyn op pad na Sarfat, en onthou hy weet weereens niks meer as net dat ‘n weduwee vir hom daar gaan sorg nie.

Elia kon verseker geen bemoediging verkry uit die gesig wat hom ontmoet het nie. ‘n Weduwee wat stokkies optel. Maar Elia se geloof was in die lewende God, en het daarom geen hulp nodig gehad nie. Hy het gerus op die woorde: “Ek het...” Hy het vasgehou daaraan dat God dit so beskik het.

Inderdaad beproef God nie net Elia se geloof en gehoorsaamheid nie, maar ook sy nederigheid.

Wat ‘n slag vir die profeet se selfvertroue en selfgenoegsaamheid! Hy moes verligting ontvang van een wat nie lyk asof sy in haar eie dringende behoeftes kan voorsien nie!

Maar kom ons bedink weer hierdie ‘toevallige’ ontmoeting by die in-gang na Sarfat. Ek wonder hoeveel van ons dink aan die rol van God in hierdie ontmoeting op sigself. Ons het gesê die Here het nie met die weduwee gepraat nie, maar let op hoe oorspeel God alle omstandighede om Sy Woord waar te maak. Dit ‘n waarheid wat ons nooit mag vergeet nie:

Ek weet, o HERE, dat aan die mens sy weg nie toebehoort nie; nie aan ‘n man om te loop en sy voetstappe te rig nie.. (Jer. 10:32)

Deur die HERE word die gange van 'n man bevestig, en Hy het 'n welbehae in sy weg (Ps. 37:23)

Daar bestaan nie so iets soos toeval in die lewe van 'n Christen nie.

Romeine 11:36 sê: Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. ...want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons (Hand 7:28)

Let op hoe God aan beide punte van die lyn werk as 'n mens dit so kan stel. Ons sien dit ook dwarsdeur die Bybel. As Jakob sy seuns na Egipte stuur vir kos in die tyd van hongersnood, dan word Josef beweeg om dit aan hom te gee.

As Israel se spioene Jerigo ingaan, is daar 'n Ragab wat beweeg word om hulle beskerming te gee.

As die Etiopiër begeer om die Woord te verstaan, dan beweeg God 'n Filippus om dit vir hom te verduidelik. Elia het geen aanduiding gekry van waar die weduwee bly nie, maar God in sy voorsienigheid beskik haar bewegings so dat sy hom ontmoet by die ingang van die stad.

So hier is die weduwee, maar hoe sou Elia weet dit is die een wat God bestel het, om vir hom te sorg? Wel, hy moet haar toets, soos Eliëser, die dienskneg van Abraham vir Rebekka moes toets toe hy vir Isak 'n vrou moes gaan haal.

So, Elia toets die weduwee om te sien of sy hom goedgesind is. Daarom roep hy haar "...bring...".

Wat 'n selfsugtige versoek aan iemand wat besig is om haar laaste maaltyd voor te berei. Maar ons moet onthou dat dit ten diepste God was wat hierdie weduwee ontmoet in haar oomblik van diepste nood. Nie Elia nie. Haar reaksie op Elia se versoek is baie natuurlik.

Jy kan sien dat die effek van die droogte ook hier gevoel is, en terloops as jy wonder oor die olie in die weduwee se besit, wel, dit is geweldig interessant as mens Skrif met Skrif vergelyk om te sien dat met die verdeling van Kanaän in Josua 19:28, Sidon onder Aser geval het, en as 'n mens nou terugblaai na Deuteronomium 33:24 dan sien mens dat Moses as hy die twaalf stamme seën, die volgende van Aser sê:

En van Aser het hy gesê: Geseënd is Aser bo die seuns; laat hy die liefling van sy broers wees, en een wat sy voet in olie insteek.

Na 'n lang tyd van droogte was dit dus waarskynlik dat olie juis daar gevind sou word. Wonderlik hoe die Skrif homself uitlê! Maar terug na die weduwee, soos alle natuurlike mense was haar oë op die pot meel en olie en nie op God nie. Die realiteit van omstandighede was vir haar 'n groter realiteit as God.

Maar dan kom die woord van Elia, vers 14...

Hoe kon hy met soveel vertroue hierdie versekering vir die weduwee gee?

Eenvoudig. Elia was by Krit. Hy het God se getrouheid by Krit ervaar, en daarom kon hy nou iemand help wat nog vol wantroue is oor God se sorg (vgl. 2 Kor. 1:3,4). As God hom beveel het om hier te bly en as die weduwee hom sou versorg, dan sou haar meel nie opraak nie!

Elia maak dit baie duidelik dat die een wat praat: Die Here, *God van Israel* is. Nie maar net 'n God nie. Wie was die God van Israel? Wel, dit is die Een van wie se wonders die vrou al moes gehoor het, hoe Hy sy volk uit Egipte bevry het, en in die woestyn versorg het. Dit was nog dieselfde God. Daar kan op Hom gereken word.

Die meel in die pot sal nie opraak nie, en die olie in die kruik nie minder word nie. Geen vae belofte van: “Jy sal nie doodgaan nie”, nee, so spesifiek asof Elia sê: “Die meel in *jou* pot sal nie..., en die olie in *jou* kruik sal nie...”

Let ook op geen nuwe pot meel sou voorsien word nie, net hierdie klein kwynende bietjie sou daar bly wees tot op die dag wanneer die Here reën sou stuur.

Die vrou ondervind proefondervindelik dat hierdie belofte waar word.

Sy gaan maak toe soos Elia gevra het. Van toe af het hulle genoeg gehad om te eet, hy en sy en haar gesin.(vers 15)

Weereens, gehoorsaamheid, gehoorsaamheid, gehoorsaamheid. Geen seëning van God word verkry sonder dat daar gehandel word volgens sy Woord nie.

h Nader aan ons lyf

Glo ek en jy dat God nog dieselfde God van Elia is, God van Jesus? Glo ons Jesus Christus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde?? As hy is, hoekom ervaar ons so min van sy direkte sorg en voorsiening op die wyse wat Elia dit ervaar het?

Is dit miskien omdat ons goeieweer-Christene is? Is ons dalk te gemaklik in ons huidige lewenstyl, nie bereid vir die loutering van Sarfat nie?

Kom ek maak dit nog duideliker. Is jy bereid vir Sarfat in jou besigheid, jou huwelik, gesin, tydverdryf, verhoudings met mense? Is jy bereid om God se vaste geopenbaarde Woord aangaande hierdie aspekte van jou lewe te gehoorsaam, al lyk dit

vir jou asof dit jou einde gaan beteken? Is jy byvoorbeeld bereid om die beginsels van die Saligsprekinge in Matteus 5:3-10 in jou besigheid uit te leef, al weet jy sulke ‘swakheid’ kan `n negatiewe effek op jou inkomste hê? Is jy bereid om Efesiërs 5:18-6:19 se beginsels in jou huwelik, gesin en werk uit te leef? Sal ons nie begin om gehoorsaam te wees en te smaak en sien dat die Here goed is nie?

Maar miskien is jy in die posisie van die vrou: Miskien voel jy jy is letterlik aan jou einde. Miskien sit jy nou en dink: “Ja, jong, jy praat so maklik, ken jy my omstandighede?” Ek smee jou, dink aan Sarfat, dink aan hierdie vrou, en hou jou oë op Elia se God. Dink aan die wonderlike beloftes in die Bybel (Matt. 6:33, Psalm 34:9, Psalm 84:8). Maar baie belangrik, hierdie beloftes is kondisioneel. Jou taak is om God die eerste plek in jou lewe te gee, om Hom te vrees, te gehoorsaam en eer in alle dinge - en let op hoe Hy vir jou sal voorsien.

Miskien lees jy hier as iemand wat voel dat jy geestelik gesproke geen kos meer oor het nie en besig is om te sterf. Wel, vir jou is daar ook ‘n heerlike diep geestelike waarheid verskuil in die beeld van die meel en olie.

Die meel is definitief ‘n Goddelik-gekoos beeld van Christus. U sal ont-hou Hy verwys na homself as die koringkorrel wat sterf (Joh. 12:24) en hy word in sy sterwe as’t ware gemaal tussen die maalstene van God-delike oordeel op Golgota, sodat Hy inderdaad die Brood van die lewe kan wees vir ons. Lees (Joh. 6:35). Dit word verder bevestig in die eerste paar hoofstukke van Levitikus, waar ons die eerste 5 groot offer- tipes kry wat vir Israel ingestel is en heenwys na Christus. Die meeloffer van fynmeel beeld die volmaaktheid van Jesus se mensheid uit. Dit is ook duidelik dat die olie in dieselfde vers 2, ‘n simbool van die Heilige Gees is, in sy salwings-, verligtings- en onderhoudende aktiwiteit.

Soos die klein familietjie in Sarfat nie deur meel alleen onderhou is nie, maar deur die twee saam, so word die gelowige nie geestelik onderhou sonder beide Jesus en die Heilige Gees nie. Ja, ons kon nie van Christus 'eet' as ek dit so kan stel, was dit nie vir die Heilige Gees nie. Ons sou trouens geen begeerte gehad het nie. Die twee saam is onmisbaar. Christus in die hemel wat vir ons intree, die Heilige Gees hier, wat van Hom getuig en Hom grootmaak, wat in ons werk. As jy dink ek gaan te ver, gaan kyk self en sien dat nie net die olie en die meel saam gebruik word in die Ou Testament nie, maar ons lees van die olie wat op die bloed geplaas is. (Eks. 29:21, Lev. 14:14,15).

God se voorsiening op geestelike gebied is dus daar, glo jy dit? Het jy al soos Johannes 6 dit stel, sy bloed gedrink en sy vlees geëet?

Maar daar is nog 'n belangrike les vir ons wat reeds so deel het aan Christus. Net soos God net genoeg meel en olie vir elke dag se gebruik gegee het, en nie vooruit nie, so het ek en jy nodig om soos 2 Korintiërs 4:16 dit stel: *Dag vir dag vernuwe* te word. Sondag se kerk en een maal per week se stiltetyd is nie genoeg nie. Jy moet elke dag vir nuwe voor-rade genade kom.

As jy hier lees as iemand wat geen erg werklik nog het aan die dinge van die Here nie, onthou: Soos vers 16 bevestig dat alles gebeur het volgens die woord wat God deur Elia gespreek het, onthou elke woord wat God deur Sy Seun gespreek het, sal waar word. Daar sal 'n einde aan alle dinge kom. Jy sal voor die regterstoel van God moet verskyn en jy sal vir ewig in smart en pyn onder God se ewige heilige woede teen sonde wees, dag vir dag - vir altyd, as jy nie deel het aan die Here Jesus Christus en sy volmaakte geregtigheid nie. Vlug na Hom toe, vandag nog.

HOOFSTUK 4

Elia by Sarfat – ‘n donker voorsienigheid (1 Kon. 17:17-24)

Ons het nou gesien hoe God wonderbaarlik die weduwee ontmoet in haar oomblik van nood en ook vir haar leer dat gehoorsaamheid lei tot God se voorsiening wanneer die meel nie opraak en die olie in die kruik nie leeg raak nie. Maar dan lees ons, ‘*Na hierdie dinge...*’. Na hierdie wonderlike sorg en voorsiening van God, word haar seun siek, sodat hy sterf. Inderdaad, ‘n donker voorsienigheid. ‘n Onverstaanbare voorsienigheid.

Wat is die weduwee se reaksie? Wel, dit is baie natuurlik. Sy voel Elia se teenwoordigheid is die oorsaak van alles wat gebeur. Elia straf haar as gevolg van haar sondes, die feit dat sy ‘n Baäl-aanbidder was.

Jy sien, dit is mos soos die mens gewoonlik reageer op sulke donker omstandighede. Ons dink onmiddellik dit moet seker iets wees wat ons verkeerd gedoen het. Aan die ander kant gee ons God die skuld dat hy tog wel óns nou daarvoor straf. Dit is presies wat die weduwee doen. Sy is bewus van haar sonde wat moontlik die oorsaak kan wees, maar sy gee eintlik Elia die skuld, Elia wat die mondstuk van God is, eintlik niks anders as die vergestaltung van God in haar midde is nie.

Maar jy sal sien Elia antwoord nie haar vraag nie, want sy vra die verkeerde vraag. **Net soos Job** en sy vriende verkeerde vrae gevra het. Job se vriende het gesê: “Job, hierdie dinge gebeur a.g.v. jou sonde, man.” Job weer het volgehou dit kan nie wees nie. Tog het hy ook geglo dat God nou onbetroubaar handel.

Totdat God homself te midde van Job se smart openbaar en dan roep Job uit: “Van hoorsê het ek van U gehoor, nou het ek U gesien.” Hierdie dinge gebeur nie noodwendig as die oorsaak van sonde, maar omdat God sy heerlikheid wil bekend maak (vgl. Joh. 9), sodat mense hom kan sien vir wie Hy is. Dít moes die vrou leer.

O, ons moet nooit vra waarom gebeur dit of dat nie, maar waartoe, om wat van God te openbaar! Kom ons kyk wat leer en wat bereik God deur hierdie gebeurtenis in die vrou se lewe, in Elia se lewe en dan laas-tens wat wil Hy vir ons , my en jou, hierdeur leer.

h Wat leer God vir die vrou?

Deur hierdie gebeurtenis kom die vrou tot ware geloof in God. Miskien sê jy, wag, wag, wat bedoel jy, daar is geen aanduiding daarvan in hier-die gedeelte nie, meer die teenoorgestelde. Wel, kom ons vergelyk Skrif met Skrif. Blaai na Hebr. 11:35. “*Vroue het hulle dode deur opstan-ding teruggekry...*”

Jy sien, God het deur die woord van sy profeet, Sy Woord, geloof in hierdie weduwee gewek, dit was as’t ware die instrument waardeur sy haar kind terug ontvang het. Ja, natuurlik is daar geen aanduiding in haar nie, want geloof is nie iets wat ons opwek nie. Dit is nie iets waar-van jy jouself oortuig nie. Nee, dit is leeg, dit gryp God vas in alles wat Hy belooft dat Hy is. Dit is wat gebeur het in hierdie weduwee se binne-ste, al sien ons dit nie so duidelik hier nie.

Wat ons wel sien, is die effek in die laaste verse. Sy het tot ‘n vaste oor-tuiging gekom dat Elia ‘n man van God was. Net ‘n ander manier om te sê sy het tot oortuiging gekom dat God God is. Vgl. Hebr. 11:6:

*En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag;
want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n
beloner is van die wat Hom soek*

Maar wat leer Elia? Wel, vriende, Elia het reeds proefondervindelik ge-leer dat God mag het oor die natuur, by Krit. Hy het geleer dat God mag het om die proses van agteruitgang, die tweede wet van termodinamika, te keer, in die pot meel en kruik olie - hy moes nou leer dat God mag het oor die dood.

Ons moet egter nie te vinnig oor hierdie gedeelte lees nie. Wat hier ge-beur het, was 'n geweldige beproewing vir Elia. Die een in wie se huis hy versorging ontvang op God se Woord, die een vir wie God wonder-baarlik aan die lewe hou, deur die woord van Elia - háár seun sterf. Wat op aarde moet hy vir haar sê? Wat gaan aan? Het God dalk teen hom gedraai?

Weereens in sy eie magteloosheid, wend Elia hom tot God. Want sien, een ding het Hy al geweet en dit is dat God gebed beantwoord. Hy weet dit. Toe hy gebed het dat God dit nie moes laat reën nie, omdat Hy gesê het Hy sal so maak as die volk agter ander gode aanloop, het God ge-antwoord. So hy wend hom tot die enigste ding wat 'n mens in so situasie kan doen. Gebed.

Let op hoe bid Elia: In die eerste plek gaan hy in sy kamer, m.a.w. hy gaan alleen met God. Let dan op: Hy vra nie: "Hoekom het U hierdie dinge oor ons laat kom nie?" Nee, die hoekom het niks met hom te make gehad nie.

Nee, hoe bid Elia? Hy val eerstens terug op sy spesiale verhouding met God. "*Here, my God.*" Hy het in 'n persoonlike verbondsverhouding met God gestaan. Kan jy al bid: "Here, my God?"

Tweedens: Hy erken God se soewereine hand in hierdie gebeure. Hoe weet hy nie, maar hy is oortuig dat God nie buite hierdie situasie staan nie. Dit beteken nie dat hy glo God is die eerste oorsaak van sonde en dood en lyding nie, nee, dit het a.g.v. die mens se sonde in die wêreld gekom, maar God in sy soewereiniteit gebruik nou hierdie ellendes tot sy eie eer.

Maar let dan verder op wat doen Elia: Hy verneder homself deur hom-self 3 maal oor die lyk uit te strek en hom so seremonieel onrein te maak. Iets wat ongehoord was vir 'n Jood. Dan kom sy versoek met geen onduidelikheid nie: “*Laat hierdie kind leef.*”

Die vurige gebed van 'n regverdige het 'n kragtige uitwerking. U moet onthou tot op hierdie stadium was niemand nog uit die dood opgewek nie, maar Elia is oortuig dat God leef. En God antwoord! Watter vreugde moes daar nie gewees het in daardie Sarfat-huisie nie! “*Nou weet ek....*”

h Nader aan ons lyf

Onthou: Aan die een kant is ons in die posisie van Elia. Hierna het ons reeds gekyk. In ons omgang met mense sal ons ook, soos Elia, te staan kom voor die onverklaarbare voorsienigheid van God. Mag ons leer om nie te veel antwoorde te probeer gee oor die hoekoms en waaroms nie. Nee, laat ons leer om die Here in gebed vas te gryp vir hierdie mense.

Aan die ander kant, indien Elia 'n tipe van Jesus is, soos ons gesien het, dan is ons uit die een hoek gesien in die posisie van die vrou. Ons staan met ons smart en vrae voor Hom.

Waarskynlik gaan God ons nie konfronteer met fisiese dooies nie, maar onthou, geestelike dood, is die rede waarom fisiese dood in die wêreld ingekom het. Wanneer God weer kom herstel, dan begin Hy weereens met die aanspreek van die probleem van geestelike dood. En dan, by die opstanding, a.g.v. Jesus se werk,

word fisiese dood aangespreek. Ont-hou Elia se opwekking van hierdie vrou, sowel as die opwekking van dooies deur Jesus, was as't ware voorprente van wat eendag gaan ge-beur. Aanduidings dat God die proses van verval kan omkeer. Uit God se oogpunt is geestelike dood dus mense wat uit verhouding met Hom en mekaar is, egter dood. Onthou jy Genesis?

Daarom, as Elias is die vraag vir ons vanoggend: Is jy en ek al oortuig dat God dooie mense, regte dooie mense wat Hom betref, kan lewend maak?

Luister mooi: Is jy oortuig dat *God, dooie mense* kan lewend maak. M.a.w. is daar **geen onsekerheid** in jou gemoed oor die feit dat *geen mens* 'n ander kan lewend maak nie? Is jy oortuig dat jou argumente en verduideliking van die evangelie niemand kan lewend maak nie?

Maar is jy oortuig **God** kan wel hierdie onmoontlike doen? Soos Jesus wat die onmoontlike doen met Lazarus. Onthou jy? Jesus roep na die dooie Lazarus en hy reageer! Hy gehoorsaam. Is jy oortuig Jesus kan deur sy Woord dooie mense uit hulle grafte laat uitkom? Is jy oortuig dat Hy inderdaad hulle so lewend kan maak dat hulle op sy stem kan reageer en hom kan kies as Verlosser? Is jy oortuig dat God hulle kan geloof gee om te glo en dat hulle so deur die geloof kan lewe? Indien jy en ek oortuig is hiervan, sal dit daartoe lei, dat jy en ek **begin bid** soos Elia. Hoe het hy gebid? Alleen voor God, met 'n be-wustheid van sy verbondsverhouding met God, en in bewustheid van God se soewereiniteit. Met die bewustheid dat God nog steeds die laaste sê het. Het jy al so begin bid? Hét ek al so begin bid?

Maar nou: Dink jy nog in terme van die oorsaak/gevolg-skema, waarmee hierdie vrou gewerk het? Dink jy omdat dit vanaand met jou goed gaan, dit is omdat jy jou kant gebring het? Dink jy as dit

sleg gaan, dit is omdat jy nie jou kant gebring het nie, dit is omdat jy gesondig het?

As ek my kant bring, sal die Here tog ook, met respek gesê, sy kant bring, nie waar nie?

Oorsaak en gevolg. Hoe belangrik het hierdie skema nie vir ons geword nie!

Ons maak ons kinders van kleins af met dié idee groot: as jy stout is (oorsaak), sal jy gestraf word (gevolg); as jy jou vingers in die vuur steek, sal dit brand; as jy hard werk, sal jy beloon word; as jy met die verkeerde maats meng, sal jy gou saam met hulle in die moeilikheid wees. ‘n Mens pluk altyd die vrugte van jou daad. Immers wat jy saai, sal jy oes (Gal 6:7); werp jou brood op die water, eendag kry jy dit te-rug (Pred. 11:1).

Sonder twyfel steek daar ook waarheid in hierdie skema. Jy sou selfs kon sê dat die Here dit in sekere wetmatighede in sy skepping ingebou het. Chemiese reaksies is ‘n goeie voorbeeld hiervan: as jy *dié* bestand-deel by *dié* een plaas, is die reaksie altyd *só*.

Die natuur getuig elke dag daarvan: as die reën op die grond val, begin die saad groei; as die vulkaniese druk onder die grond te sterk word, spuit die lawa bo die aardoppervlak uit.

Trouens, orals sien ons dit, in die mikrokosmos en die makrokosmos. In die werwelgang van ‘n wurmpie op die grond tot die sirkelgang van die planete in die buitenste ruimte.

Ja, tot ‘n mate is dit ook waar van die verhouding tussen God en sy skepsels. Sonde lei (uiteindelik) tot straf; oortreding van God se (na-tuurwette) en sy gebod tot verantwoording in jou liggaam en gees. So is dit.

Maar nou, baie belangrik: Ons kan nooit die oorsaak en gevolg-skema gebruik om die Here te manipuleer of 'n houvas op Hom te kry nie. Trouens, om die Here se arm te probeer draai deur ons goeie daade is die mees primitiewe vorm van afgodery.

Dit is om God in ons greep te probeer kry, te laat optree soos ons wil. Maar sien, God tree op soos Hy wil. Hy wil ons seën en verras met sy genade, sonder enige verdienste van ons kant af.

God deurbreek telkens hierdie oorsaak/gevolg-skema. Daarom is onge-luk en teleurstelling ook nie (noodwendig) die gevolge van jou sonde nie.

As jy twyfel, dink so daaraan: As die Here vir jou en my moes straf vanweë ons sonde, sou ons lewens een stuk aaneenlopende ongelukke en teleurstellings gewees het.

Ja, die Here kan soms beproewings gebruik om met sy kinders te praat, maar dit is nooit om ons so ver te kry om onself tog nou uiteindelik 'reg te ruk' nie; dit is eerder sodat ons sy genade al meer kan verstaan en al hoe meer na Sy arms kan vlug. Luther het gesê as God na ons kom met Sy toorn, omhels Hy ons alreeds met sy genade. In 'n sekere sin is toorn alreeds sy genade, of hoogstens die voorloper tot sy genade.

Kom ek stel dit so: wie met die oorsaak/gevolg-skema werk, verstaan ten minste twee dinge glad nie. 1) Hoe sondig ons is nie. 2) Hoe groot God se genade is nie.

Waarom doen die Here dit? Waarom doen hy sekere dinge, net om my te toets? Miskien moet ons eers dit sê: Die Here het nie verskonings nodig om te doen wat Hy doen nie. Die Here is... die Here.

Buitendien, God weet meer as ons, sien meer as ons. Ons sit as't ware onder in die vallei, Hy kyk bo-oor die toppe van die berge. Hy sien die groter prentjie. In ons geval sien Hy reeds die uiteindelijke finale oor-winning oor alle sonde, lyding en kwaad.

Tog handel Hy nie op koue, gevoellose wyse met ons nie. Ons is nie maar net pionne wat Hy rondskuif op die skaakbord van sy geskiedenis nie, en as ons nou seerkry is dit maar jammer nie. Hy laat uiteindelik alles ten goede meewerk (Rom 8:28).

Hy weet of voor- of teëspoed die beste is vir ons. Dis Hy wat die sei-soene van ons lewe in sy hande hou, en as ons reken dat ons in 'n sei-soen van ongenade is, is dit dalk juis die grootste vorm van genade vir ons.

Ons is nie uitgelewer aan die wispelturighede van die geskiedenis of die nukke van die noodlot nie (Job). Nee, daar is 'n plan agter God se han-delinge met die wêreld, met jou. 'n Heilsplan.

'n Mens besef dit dikwels eers nadat jy deur die beproewing is. Wat sê die vrou in die laaste vers wat ons gelees het?

In hierdie proses doen die Here twee dinge 1) Hy laat ons die dieptes van ons hart ken in die tye van beproewing. Natuurlik is dit nie 'n aan-gename ervaring nie. Ek kan dit self getuig. Om in die dieptes van jou hart in te kyk is genoeg om enige mens te laat wanhoop.

Dit is iets wat ons telkens moet ontdek en herontdek, hierdie bedrieg-likheid, hierdie hoogmoed van ons eie hart. Ons kom nooit daarvan los nie, ons vorder nooit so op die pad van heiligmaking dat ons nie meer sondaars is en nie meer verlossing nodig het nie.

Inteendeel, die Christen se lewe is een van daaglikse bekering. Daar is nie een oggend waarop ons kan opstaan en nie nodig het om te bid: “God, wees my sondaar genadig”, nie.

Dit is nie die enigste rede waarom ek en jy in beproewing kom nie. Dit gebeur veral ook sodat ek en jy met ons stukkende harte na die *Here toe* kan vlug, met ons gedruipste heiligheid-eksamen ons troos en geregtig-heid in hom kan vind.

Wie met sy of haar stukkende hart na die *Here toe* vlug, ontdek veral iets omtrent God se hart: dat God ons totale onvermoë om sy toets te slag, so ter harte neem, dat Hy deur sy evangelie die oorsaak/gevolg- skema ook op sy kop draai. God besluit om self die skema in sy eie seun te deurbreek. Nou word die gevolge van ons sonde op Hom ge-plaas, en ons gaan vry. Die regter word die veroordeelde. Ons verhoog onself. Hy wat verhoog moet word, verneder homself.

Nou word die gevolge van ons sonde op Christus geplaas, en ons word daarvan vrygespreek. Wat ‘n vreemde evangelie.

God se werkinge is ‘n misterie. Ons lyding is dikwels ‘n misterie. Hoe-kom God nie altyd dadelik ingryp nie, is ‘n misterie, maar ten minste is die gedeeltelike antwoord dit: As jy nie beproef word nie, mag jy dalk dink jy is oulik. Jy is in orde. Jy leef ‘n goeie lewe, dit is hoekom God so goed is vir jou.

Wat gebeur dan? Wel, jy is selftevrede. Jy buig nie meer voor God nie. Jy kom drink nie meer uit die fontein nie, en God kry nie meer al die eer in jou lewe nie. Jy leer ook nie die hart van die *Here* ken soos jy moet nie.

Jy sien dit is dikwels eers in beproewing dat jy kan sing: *It is well with my soul*. Terloops, Horatio Spafford wat hierdie lied geskryf

het, het dit verstaan. Hy het besluit om na Frankryk te verhuis, van Chicago af. Sy vrou en vier dogters is vooruit per boot. Oppad vind 'n tragedie plaas: die boot bots met 'n ander boot en almal aan boord verdrink. Horatio het na 'n tyd besluit om ook tog na Frankryk te gaan, en het ook per boot op dieselfde roete gereis as sy gesin. Toe hulle by die presiese plek kom waar die vorige boot gesink het, as't ware reg bokant die watergraf van sy vrou en dogters, het die kaptein dit aan Horatio meegedeel. Hy het na sy kajuit gegaan, die deur gesluit en hierdie lied geskryf.

HOOFTUK 5

Elia en Agab (1 Kon. 18:17-21)

God vat Elia nou na Karmel om Sy eer te herstel. In vers 1 van hoof-stuk 18 'kom' die Woord van die Here weer na Elia - hy moes nou homself aan Agab gaan vertoon. Dit het nou reeds drie jaar en 6 maande nie gereën nie, toestand was haglik - en hy moes voor die profetever-volger, Agab, gaan verskyn.

Ons kry hier interessante inligting omtrent Obadja, sy getrouheid aan God selfs binne die paleis van Agab en hoe hy profete in spelonke onderhou het. Hier is baie stof tot nadenke - kom ons beweeg egter na die punt waar Elia en Agab weer ontmoet. Gaan lees gou weer vers 17.

h Agab se woorde

Die woorde van Agab is hier van groot belang vir ons. Dit openbaar vir ons die tipiese van die hart van iemand wat van God afvallig geword het.

Ten spyte van die verskriklike droogte (en dit was verskriklik, selfs ander kontemporêre bronne maak melding van hierdie droogte, wat tot in Fenisië gevoel is) was daar geen teken van berou by Agab nie. Dit gaan nog steeds om homself. Ons sien in vers 5 dat hy sorg dat sy eie vee net nie vrek nie. Geen gedagte aan God of sy sonde nie, bloot aan verligting van sy omstandighede. Hy is as't ware onaangeraak deur alles.

Baie tipies pak hy die skuld vir wat gebeur op iemand anders. Hy sê as't ware vir Elia: *“Dit is jy wat hierdie droogte veroorsaak het, en al hierdie ellende.”* Hy dink nie eers meer daaraan dat Elia die mondstuk van die lewende God is, en dat God hierdie droogte gestuur het, a.g.v. sy (en die koningshuis) se sonde nie.

Dit is natuurlik vandag nog dieselfde. Moenie dink mense bekeer noodwendig tot die Here as dit sleg gaan nie, nee, baie keer word hulle harte net verder verhard. Dit is genade as God ellende gebruik om hulle harte aan te raak.

Agab noem Elia die “beroerder” (O.A.V.). Interessant dat God se ge-troue diensknegte deur al die eeue as moeilikheidmakers uitgetrap is deur die wêreld.

Gaan lees maar self wat van Amos gesê is (Amos 7:10), **van Paulus en Silas** (Hand. 16:20-21) en ja, van Jesus self (Luk. 23:5).

Van die mees diepsnydende woorde wat ‘n dienskneg of prediker van God kan hoor, is sekerlik die woorde van die Here Jesus in Joh 7:7: *“Die wêreld kan julle nie haat nie; maar My haat hy, omdat Ek van hom getuig dat sy werke boos is.”*

Ons leef in 'n tyd van gewilde predikers, gewilde Christene. Ons leef in 'n tyd waar daar groot fout is... Jesus se woorde in Matteus 5:11, 12 klink so vreemd vandag...:

Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.

Die bekende prediker Leonard Ravenhill beskryf die verskil tussen die ware prediker (of soos hy dit noem: profheet) en die gewone gewilde predikers as volg:

Mere preachers may help anybody and hurt nobody, but prophets will stir everybody and madden somebody. The preacher may go with the crowd, the prophet goes against it. A man freed, fired and filled with God will be branded unpatriotic because he speaks against the nations' sins, unkind, because his tongue is a two edged sword, unbalanced because the preaching/public opinion is against him. The preacher will be heralded, the prophet hounded.

h Elia se antwoord

Kyk na Elia se antwoord: “*Ek het Israel nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooie van die HERE verlaat het en agter die Baäls aangeloop het.*”

Alleen 'n man wat daarin geoefen is om soos Paulus dit stel, met 'n skoon gewete voor God en die mens te leef, kan so antwoord. Elia is hoegenaamd nie geskud deur hierdie aanklag nie! Ag, hoe maklik word ons ontsenu as mense slegte dinge van ons sê om die evangelie ontwil. Elia was oortuig van dit waarin Hy glo. Hy het geweet wat het die droogte veroorsaak en wat nie. Hy het geweet wat was sonde en wat nie. Hy het geweet dit was nie Hy wat God

se Woord verbreek het nie, want sien hy het God se Woord geken. Soos Psalm 1 dit stel, Hy het dit dag en nag deurdink... Sonder huiwering gee hy die ware oorsaak van die ellende: ***u en u familie...***

Met al die gesag van iemand wat kan sê hy staan voor die aangesig van die lewende God, beveel hy, die arm Tisbiet, vir Agab, die Monarg van Israel. ***“Stuur dan nou, laat die hele Israel by my bymekaarkom op die berg Karmel, ook die vier honderd en vyftig profete van Baäl en die vier honderd profete van Asjéra wat aan die tafel van Isébel eet ...”***

En Agab gehoorsaam.

Hoekom? Omdat hy bang was vir Elia, omdat hy radeloos was? Nee, omdat Spr 21:1 waar is : ***“Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil...”*** Oor en oor lees ons in die Ou Testament dat God die hart van konings aanraak, beweeg.

Maar nou kom Elia in vers 21 en hy stel **die volk voor ‘n keuse**. Sien, die man van God, wat oortuig is God leef, soos Elia, wat voor die aangesig van God leef, kan nie anders as om die volk op te roep om dieselfde te doen nie. Want sien, Elia het geweet dat God nie reën (seën) kon stuur, voordat daar nie gehandel is met dit wat die vloek veroorsaak het nie. Kyk, dit is nutteloos om te praat oor geloof in God se beloftes, totdat ons ons bekeer van sonde. God aanvaar eers weer ons aanbidding as ons ons afgode vernietig. Daarom sê Elia letterlik; “hou op om heen en weer te spring”, as die Here God is, dien Hom , wel, as dit Baäl is, dien hom. Daar was natuurlik geen “as” in die profeet se gemoed nie. Hy het geweet dat Jahwe (die Here) die enigste ware God is, maar die mense moes die absurditeit van hulle eie posisie sien.

Waarom so ‘n drastiese besluit? Hoekom moes hulle so ‘n drastiese keuse maak? Moes Elia nie maar bly wees as hulle darem nog die Here ook tussenin aanbid nie. Terloops, dit inderdaad is wat gebeur het. Die volk het beelde van Baäl en Asjéra in hulle huise gehad en die feeste van Baäl bygewoon, maar het ook klein afgodjies van Jahwe (die Here) gemaak. Hulle het God geëer met die lippe, maar hulle harte was ver van Hom af...

Ons behoort natuurlik nooit hierdie vraag van Elia te vra, as ons weet wie God is nie. Hy openbaar homself as die Een wat onverdeelde trou eis, as die jaloerse God. Hy maak dit duidelik van die begin af dat Hy op ‘n spesifieke manier aanbid wil word, en as dit nie so gebeur nie, delg Hy uit. As Kain hom nie reg aanbid nie, word hy vervloek. As Nadab en Abihu in Levitikus 10 vreemde vuur voor sy aangesig bring, as hulle op ‘n manier offer wat Hy nie beveel het nie, stuur hy vuur uit die hemel wat hulle verteer. As Ussa net die Ark met sy hand wil keer, toe die osse struikel, toe sterf Hy - want God het gesê: My ark mag deur geen gewone mens aangeraak word nie.

Onverdeelde trou, absolute lojaliteit, want sien, Hy het alle reg daartoe. Daarom stel hy ons altyd voor hierdie keuse: Of Ek óf julle afgode. Hierdie keuse was nie die eerste en ook nie die laaste keer nie. In Ekso-dus 32 kry ons die verhaal van die volk wat die goue kalf gemaak het, en ons moet onthou hulle het die goue kalf nie as ‘n afgod gesien nie, maar as ‘n afbeelding van die ware God. Met ander woorde hulle wou God op hulle manier aanbid... Gaan kyk wat sê Moses in Eks. 32:26! Ons kry dieselfde keuse in Josua 24:15:

“Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien

het, òf die gode van die Amoriëte in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.”

Die boodskap van die Bybel, die evangelie, roep om ‘n keuse, ‘n definitiewe een, wat behels dat dit wat nie gekies word nie, drasties mee gehandel word. Niks minder as so ‘n radikale definitiewe keuse het enige waarde voor God nie.

Hy is nie ‘maar dankbaar as mense darem nog bietjie tyd aan hom spandeer nie.’ As hulle darem nog kerkdienste bywoon, en darem nog Bybel lees en ‘n gebedjie aan tafel opsê nie. Nee, Hy walg daaraan. Hy eis onverdeelde trou!

h Nader aan ons lyf

Ten diepste moes die volk kies tussen ‘n God-gesentreerde godsdiens en ‘n mensgesentreerde godsdiens. Wat was Baäldiens anders as mens- gesentreerde aanbidding? Dit het gepaard gegaan met wilde vleeslike vrugbaarheidsfeeste, waar jy jou luste kon bevredig, en Baäl gee jou in ruil daarvoor reën en vrugbaarheid. Jy kon Baäl manipuleer vir jou behoeftes. As jy God aanbid het, het dit oor Hom en sy eer gegaan.

As Elias van die laaste dae, is ons ook geroep om mense voor ‘n keuse te stel. Die keuse is ten diepste dieselfde.

Soos nooit tevore in die geskiedenis nie, staan ons weer voor hierdie keuse. Ons leef in ‘n tyd waarin mensgesentreerde godsdiens die botoon voer, net soos Baäl-diens die botoon gevoer het. Die keuse is weer tussen ‘n godsdiens van die self tevrede stel, en Godsdiens van self-verloëning. Tussen vriendskap met die wêreld en vriendskap met God. Tussen die wêreld se siening van verlossing en God se siening van ver-lossing.

Maar kom ons vat hierdie twee benaderinge, die Godgesentreerde en mensgesentreerde, wat in al die fasette van Christenskap onderskei word. Anders gestel: mensgesentreerde “Baäl-godsdiens” het in alle fasette van ons geestelike lewens ingesluip. So dit kan wees dat jy in die posisie van die volk, wat moet kies, is. Indien jy in Jesus is, is jy weer in die posisie van Elia, wat mense voor die keuse moet stel.

Kom ons kyk net na ‘n paar fasette:

Ø *Berou en sondebeseft*

In ‘n *mensgesentreerde* benadering het mense wel berou oor sonde, maar eintlik is hulle slegs hartseer oor die gevolge van hulle sonde wat vir hulleself nadelig is. So sal ‘n dronkaard berou kry oor sy drinkery, want daardeur is hy sy familie en werk kwyt. Hierdie tipe berou is baie tydelik en baie selektief. Dit lei selde tot hartgrondige bekering, slegs tot kortstondige emosies. Waar ware *Godgewe* berou is, beseft die sondaar dat sonde in die eerste plek teen God is. My sonde is rebellie teen God, opstand teen Hom en ‘n vertrapping van Sy liefde. Die kreet van jou hart is: “*Teen u alleen het ek gesondig*”(Ps 51:6). Hierdie beseft lei tot die egte versugting en smeekgebed van ‘n sondaar: “*O, God, skep vir my ‘n rein hart.*”

Ø *Bekering*

Mensgesentreerde bekering behels dat ek ‘n nuwe blaadjie gaan omslaan, ek gaan myself so ‘n bietjie regruk en verbeter. Ja, ek sal selfs so ver gaan om Jesus te vra om in my hart te kom, want ek wil darem nie graag hel toe gaan nie - dis alles goed solank Jesus net nie vir my wil kom sê hoe ek my alledaagse lewe moet inrig nie. Ja, Jesus kan my Verlosser wees, maar Hy mag nie my Koning wees nie. Netnou sê Hy vir my om my ou lewe, sondige plesiere en verkeerde vriende te los: en ek wil nie, dit is te lekker.

Godgegewe en daarom *God-gesentreerde* bekering vloei voort uit die wonder van die wedergeboorte wat deur die Heilige Gees bewerk word. God maak my van binne af nuut en daarom draai ek my weg van my afgode (wat dit ookal mag wees) en ek bekeer my tot die lewende God. Ek klim dus van my troon af, draai my rug op my eie skyngeregtheid, my sonde en die sondige wêreld en onderwerp my aan God se wil en heer-skappy. “*Here, wat wil U hê moet ek doen?*” word die taal van my hart selfs al struikel ek hoe dikwels.

Ø *Geloof*

In ‘n *mensgesentreerde* benadering is geloof amper iets soos’n towerstaffie in my hand wat my uit die hel kan hou en wat veral my lewe op aarde gerieflik kan maak. Geloof is vir my ‘n middel waarmee ek vir myself voorspoed, rykdom, gesondheid en geluk kan beding hier op aarde. Hoe sterker my geloof, hoe meer kan ek kry en hoe lekkerder kan ek lewe.

God-gesentreerde geloof is maar net die oog waarmee ek na Jesus kyk; selfs ‘n oog vol tranes kan darem nog sien. Geloof is maar net die hand waarmee ek aan Jesus se soom raak; selfs ‘n bewende onvaste hand kan darem nog aanraak. Geloof is maar net die arms wat ek as sondaar- drenkeling om Jesus, die lewensredder, slaan.

Ø *Gebed*

Mensgesentreerde gebed is ‘n lang inkopielys van dinge wat ek van God wil hê en wat Hy vir my moet doen. Allerhande gebedstegnieke word gebruik as hefboom om God te beweeg om tog aan my versoeke te vol-doen. Hierdie mensgesentreerde gebede het min ruimte vir lofprysing aan God uit ‘n egte hart, skuld-belydenis, voorbidding vir ander (behalwe natuurlik waar ek ook voordeel uit die saak trek) en veral wil hierdie bidders nie hoor van die soewereine wil van God nie. Jesus se gebed “*Laat U wil geskied*”

word selde in hierdie kring gehoor, nee, dit klink eerder asof mens vir God bevele gee. Mensgesentreerde gebede openbaar dikwels ‘n familiariteit met God wat gevaarlik na aan laster kom.

Die *God-gesentreerde* bidder besef: Ek het geen gronde om voor God te staan nie, maar slegs op grond van Jesus se soenverdienste kan ek God se genadetroon nader. Dit kan ek gelukkig met vrymoedigheid doen (Heb. 4:15,16) alhoewel nog steeds met ontsag vir die heiligheid en almag van God. God-gesentreerde gebede fokus nie op myself nie, maar soos Daniël se gebed (Dan 9) en die Onse Vader eerstens op die eer van God, die heiligheid van Sy naam, die saak van Sy koninkryk en Sy kerk. Natuurlik mag ek ook my eie behoeftes voor my Vader bring, met die opregte geloof dat niks vir God onmoontlik is nie, maar dit gaan altyd gepaard met die besef dat God se soewereine wil ook vir my die beste is en dat Hy nie altyd gebede beantwoord soos ons dit graag sou wou hê nie (1 Kor 12:8,9).

Ø *Erediens en aanbidding*

Mensgesentreerde aanbidding vra: Wat is vir ons lekker, wat werk, wat lok mense (en geld)? God word aanbid, maar op die manier wat vir die mens gepas en gerieflik is. Ware *God-gesentreerde* aanbidding kom voort uit harte wat deur die Gees vernuwe is. Dit word gekenmerk deur gehoor-saamheid, eerbied, dankbaarheid, blydschap, opoffering, diens en ‘n soeke na die wil van God (Rom 12:1-2).

In God-gesentreerde aanbidding is daar nie plek vir dooie mensgemaakte tradisies nie, maar ook nie vir uitspattige nuwighede net om nuut te wees nie. Nee, ons wil God in gees en waarheid dien. Van binne uit ons harte, volgens die evangeliewaarhede. Dit wil ons voluit doen en met vreugde.

Ø *Heiligmaking*

In mensgesentreerde heiligmaking probeer ek beter leef sodat mense van my kan hou, ek probeer minder openlike sondes doen sodat ander gelo-wiges darem my vordering kan raaksien, maar binne in my hart verlang ek darem nog baie na die ou lewe van Sodom (soos Lot se vrou). So is daar baie dinge wat ek self nie meer sal waag om te doen nie, maar ek geniet dit om na die einste sondes uitgebeeld op TV te kyk of na skinderpraatjies daaroor te luister. My heiligheid is dus maar heiligheid tot voordeel van myself voor mense.

God-gesentreerde heiligmaking se motief is egter God self. Hy is heilig, en uit dankbaarheid teenoor Hom en met liefde vir Hom wil ek ook heilig lewe. God self het my van binne nuut gemaak, daarom sien ek nou die aak-ligheid van my vorige leefwyse raak en wil ek sover moontlik daarvan weg kom, selfs al struikel ek nog dikwels. Ek stel nie meer belang om hare te kloof oor kontroversiële sake nie, ek wil net so ver as moontlik van alle kwaad wegbly (2Tim 2:22), sodat die Here se naam nooit deur my skade aangedoen word nie. Positief streef ek daarna om Jesus se karaktertrekke in my lewe te vertoon sodat Sy naam daardeur verheerlik word.

Ø *Evangelisasie*

Selfs in ons evangelisasie het mensgesentreerdheid ingesluip. Alhoewel baie keer goed bedoel, staan menslike motiewe en menslike metodes voorop. Ons moet soveel as moontlik mense vir die hemel wen, ons kerk moet ten alle koste uitbrei en daarom gebruik ons enige denkbare metode om dit reg te kry. Solank iets net werk, is dit reg. Al hierdie pogings hou min rekening met die soewereiniteit van God, die heiligheid van God en die toorn van God oor sonde. Deur 'n skeefgetrekte verkondiging van God se liefde word mense gelok om 'n vinnige worsmasjienbeking deur te gaan,

en daarna word die sondaar verseker van 'n ewige plek in die hemel. Dikwels 'n valse versekering wat op mensewerk gebou is.

In God-gesentreerde evangelisasie gaan dit primêr om die eer van God. Ons doen evangelisasie dus tot sy eer en in gehoorsaamheid aan Jesus se opdrag. Omdat ons weet dat die redding van enige sondaar ten diepste 'n werk van God self is (deur wedergeboorte), laat ons die resultate van ons arbeid in sy hande. Dit beteken nie dat ons agteroor sit nie, nee, ons gaan voluit en werk met alle mag tot ons beskikking, maar ons gebruik die metodes wat God self bepaal het - die verkondiging van die Woord en voorbeding. Ons doen God se werk op God se manier. Ons verkondig die beloftes en die eise van die evangelie. Sy volle raad. As daar vrug op ons werk is, kry God al die eer.

Ek vertrou jy sien die keuse wat voor ons lê en waarvoor ons mense moet stel, met al die teerheid en liefde van Jesus self.

Het jy al gekies? In alle fasette van jou Christen wees. Hink jy nog op twee gedagtes? Weet jy wat die ware weg is, het jy al 'n keuse daarvoor gemaak, of is dit bloot 'n saak van lippe diens?

Hoor die stem van die Here "As die Here God is, dien Hom, as dit Baäl is, dien Hom.

Jy kan nie albei kies nie. Hierdie twee rigtings is onversoenbaar. Die eerste is 'n mensgemaakte godsdiens van onder af. Die tweede gaan oor God self wat Hom verlossend aan sondaars openbaar. Die eerste kom van die mens en het ten doel die mens se belange en gerief. Die ware godsdiens kom van God af en het as einddoel die eer van God. Maak jou keuse nou. Wees gereed om as 'n "beroeder" bestempel te word as jy dit wel doen - en as jy mense daartoe oproep.

HOOFSTUK 6

Karmel (1 Kon. 18:22-40)

Ek nooi jou uit om saam met my te kom staan op Karmel. Ek doen dit omrede dit wat op Karmel gebeur het geen ou volksverhaal is van ‘n wonderwerk nie, maar ten diepste openbaring van God is - vir my en vir jou.

So, kom ons staan nader en kyk eers as toeskouers na dit wat hier op die oppervlak gebeur het, en daarna gaan kyk ons wat alles verskuil lê in hierdie gebeure, en wat dit vir ons sê. Want inderdaad gaan God nie hier net onteenseglik wys dat Hy die enigste lewende God is nie, maar Hy gaan ook onteenseglik bewys wat ware Godsdiens behels. Kom ons kyk en luister...

Nadat Elia die keuse van vers 21 uitgeroep het, en niemand hom antwoord nie, sê Elia vir die volk dat daar vandag beslis gaan word wie die God van Israel is en wie nie.

Elia beveel hulle dan om vir hom twee bulle te bring. Van die jong Israeliete breek weg, hardloop na ‘n trop vee aan die voet van die berg, keer hulle af en bring hulle nader.

“Ek staan alleen as profeet van die Here,” sê Elia, “maar daar is vier-honderd-en-vyftig profete van Baäl.”

Hy draai om na die Kanaäniete en die Baäl-profete en sê hulle moet vir hulle een van die twee bulle uitkies. Hulle moet ‘n vuur opmaak, die bul in stukke opsny en dit op die brandhout uitlê, maar die vuur moet hulle nie aan die brand steek nie. Hy sal die ander bul opsny en hom ook op ‘n stapel brandhout uitlê, maar ook hy sal die vuur nie aansteek nie.

Die menigte luister doodstil na hom. Hulle wag dat hy die raaisel van die dag moet oplos.

“Bid julle dan tot julle god en ek sal tot die Here bid. Hy wat met vuur antwoord is God.”

Die skare raak nog stiller. Wat hy gesê het, is te groot vir hulle. Gaan hulle op hierdie helder warm dag ‘n wonderwerk op Karmel aanskou? Vuur uit die Hemel. Almal weet Baäl is die god van reën, weerlig en vuur. Almal weet die Here het in die verlede hom telkens deur vuur openbaar. Of in sy toorn, of in sy teenwoordigheid. Die luidrugtige skare word ‘n swyende, twyfelende menigte.

Wat sê die volk daarvan? Vra Elia.

Hulle staan sprakeloos, heeltemal oorweldig totdat iemand uitroep: “Dit is goed so!” En die skare val in, dit is goed so.

Ook die Kanaäniete en Baäl-priesters, gedryf deur hulle ywer om vir Baäl te getuig, hef die kreet aan. “Dit is goed so. Ons sal Baäl aanroep.”

Daar kom opnuut ‘n soort histerie in die skare “Vandag sal ons sien wie God is! Laat die bulle kom! Laat ons die vuur opmaak!”

Die priesters en Kanaäniete spat uitmekaar om hout aan te dra. Ywerige hande pak gou ‘n altaar van klippe, maak die offervuur op, sny die bul keel af, maak hom stukkend en lê hom op die stapel uit.

Bid nou tot julle god, sê Elia.

Die Baäl-profete begin om en om die altaar loop. “O, Baäl, antwoord ons,” roep hulle. “O, Baäl, grote god, neem ons offerande aan!” Al vin-niger en vinniger loop hulle, al dringender word hulle uitroepe.

Een val op sy knieë neer, druk sy gesig teen die grond. ’n Hele klomp volg sy voorbeeld. Ander begin met rukkerige bewegings rondspring.

Al wilder word hulle bewegings, al wilder die uitroep. “O, Baäl, grote god, neem ons offerande aan!”

Maar daar is geen vuur nie.

Aangevuur deur die ywer van die priesters begin al meer Israelite meedoen. Dit word ‘n yslike, malende gedrang wat die stof om die al-taar opdryf, onderwyl die skare met groot rumoer bly roep: “O, Baäl, antwoord ons. Openbaar u aan ons op hierdie dag!”

Dit word middag en Elia begin met die Baäl-mense spot. “Roep hard, hy’s mos ‘n god! Hy peins seker, of dalk het hy hom afgesonder. Hy kan op reis wees, miskien slaap hy.”

Die beweging om die altaar word al wilder en woester, die geskreeu en pleitende gekerm al harder. Hulle verval in ekstase en begin hulle lywe met spiese en swaarde steek, sny en kerf sodat die bloed van hulle afstroom. Hulle brul, kerm en huil maar nog kom daar geen vuur op die altaar nie. Die druipende bloed van die bul het al droog geword op die houtstapel.

Na die middag word die ekstase van die Baäl-mense ‘n waansin. Die bededans ontaard in ‘n afstootlike rumoer en bloed vloei uit steeds meer wonde.

Uiteindelik, toe dit al tyd word vir die aandoffer, verhef Elia sy stem en roep uit: “Genoeg, genoeg. Julle smeek en daar is geen antwoord nie. Kom staan hier by my”. Hy beveel dat twaalf klippe nader gebring word, een vir elke stam van Israel. Die klippe moes gerangskik en ‘n al-taar daarop gebou word, om so die altaar van die Here te herstel. Hy laat ‘n sloot om die altaar grawe.

Onder toesig van Elia sny hulle die bul se kop af, sny hom op en lê die stukke vleis op die groot houtstapel uit wat op die altaar opgemaak is. Daarna beveel Elia dat die offervleis, die hele

houtstapel en die altaar behoorlik natgemaak word met kruike water wat uit die see net onder Karmel geskep is, ook die sloot om die altaar moet gevul word.

Alles is gereed en Elia vra stilte.

Sou ons 'n kykie in die hemel kon kry, sou ons heel waarskynlik sien hoe die engele ook swyg in afwagting. Op wie gaan die vuur val?

Elia gaan staan reg langs die altaar, dig ingesluit deur die wagtende swyende volk. Hy vat sy hande saam, hef sy gesig op en maak sy oë toe.

Hard en helder bid hy: *“Here, God van Abraham, Isak en Jakob, laat dit tog vandag bekend word dat ek u dienaar is wat op U bevel hierdie dinge doen... Antwoord my, Here, antwoord my tog, dat hierdie volk kan beseef dat U Here God is, en dat dit U is wat hulle harte weer tot U bekeer.”*

Die menigte wag roerloos nou, byna asemloos stil, vasgevang in 'n oomblik waarin almal iets onnoembaar groots en heiligs verwag - en dan, verblindend, skielik, kom vuur uit die hemel neer en verteer alles, maar alles.

Verbysterd deur die vernietigende geweld van die vuur, en asemloos deur die verterende hitte, brand die beseef in honderde harte, die vuur kon en inderdaad moes op my geval het....

'n Uitroep breek los uit honderde harte: die Here, Hy is God, die Here, Hy is God. Maar Elia se stem kom weer weer helder en duidelik: Gryp die profete van Baäl...

Dit is wat daardie dag gebeur het... Maar wat het dit met ons te make?

h Wat sê Karmel vir ons hier en nou?

Ø *God leef en openbaar Homself*

Dit is die heel basiese waarheid wat Karmel uitspel. God is nie, soos die panteïste en ‘new agers’ glo, maar in alles nie. Elke klip en boom, ek en jy is nie maar God nie. Nee, Hy is die lewende God wat los staan van sy skepping, en ingryp wanneer Hy wil - want Hy lééf. Hy het ook nie die skepping, soos die deïste glo, soos ‘n horlosie opgewen en nou los Hy hom nie. Hy is gedurig betrokke in hierdie skepping. God kan elke oomblik ons ervaringswêreld intree as Hy wil. Die grootse bewys dat Hy leef was natuurlik toe Hy mens geword het en onder ons kom woon het. God leef, en Hy is nie stil vér eenkant nie. Dit is die basiese waarheid van Karmel. Glo ek en jy dit?

Ø *God kan net in kontak kom met die mens deur middel van ‘n altaar*

Dit sê vir ons dat die mens nie met God in kontak kan kom net soos hy is nie. Daar moet ‘n altaar wees. Daar moet bloed vergiet word, daar moet ‘n plaasvervangende offer wees. Dit is die enigste manier hoe God en mens in kontak met mekaar kan kom. Dit het nog nooit verander nie. Het jy opgelet? Elia wag tot die tyd van die *spysoffer*, aandoffer, drie uur voor sonder. Nou, hierdie offer was natuurlik ‘n heenwysing na die volmaakte offer op Golgota **drie** uur voor sonder. God-gesentreerde godsdiens sentreer nog steeds rondom ‘n altaar en offerhout. Wat was die altaar en offerhout waarop Jesus, die lam van God geslag is? Die kruis.

Let ook daarop dat die altaar presies en spesifiek voorberei is. Ons sien dit reeds in Levitikus 1:6-8.

Dan moet hy die brandoffer afslag en dit in stukke verdeel. En die seuns van Aäron, die priester, moet vuur op die altaar neersit en hout op die vuur reglê. Ook moet die seuns van Aäron, die priesters, die stukke, die kop en die vet reglê op die hout wat op die altaarvuur is

Elia doen presies wat daar gedoen is. Hy pak 12 klippe – as aanduiding van die 12 stamme, die volk.

Ons het gesien dat hy water oor alles gooi om te wys dat geen mensewerk betrokke kan wees by wat met hierdie offer gebeur nie. God ontmoet mense dus deur bemiddeling van ‘n altaar wat volgens sy Woord en voorskrif is, en waar geen mensewerk deel aan het nie.

Die kruis is geen haastig gemaakte altaar nie, dit is beplan voor die grondlegging van die wêreld, volgens die raad en voorkennis van God (Hand 2:23). Dit het aan alle Ou Testamentiese standaarde en tipes voldoen. Jesus het aan al die fyn besonderhede van ‘n offer voldoen. Gaan dink maar self hieroor. Is dit toevallig dat Hy op 33 jaar geoffer is? In die fleur van Sy lewe?

Miskien sê jy, maar regtig, is dit waarna die Elia-episode verwys? Wel, hou die volgende ingedagte: God is die outeur van die Bybel, en Jesus het keer op keer gesê die Ou Testament verwys na Hom (Joh 5:39; Luk 24: 44 e.v.).

Ø *Karmel wys onteenseglik op die eenheid tussen die Ou en Nuwe Testament*

Kom ons let vinnig op na die patroon ***Berg - plaasvervangende offer***. Wat gebeur op die berg Moria? Nie lank daarna nie – in die Eksodus-nag, gebeur presies wat op berg Karmel gebeur het. Uiteindelik kry ons te doen met die heuwel, Golgota...

Neem daarby die feit dat Elia en Moses 'n intense betrokkenheid en belangstelling in die kruis het. Op die berg van verheerliking praat Jesus van “sy uittog wat Hy in Jerusalem moes voltooi”. In die Griekse taal word die woord *eksodus* hier gebruik.

Maar dit is nie al nie. Aan die einde van Maleagi is daar sprake dat Elia sal kom voor die dag van die Here kom. Jesus maak dit duidelik in Matteus 11:14 dat Johannes die Doper dié Elia is wat moes kom, en wat roep Johannes uit as hy Jesus sien? “*Daar is die lam van God...*” Ons is nie besig met inlegkunde nie!

Dit is wat God, die een outeur met die een outeursbedoeling deur hiërdie gedeelte in sy Woord aan ons wil sê. “Daar kan geen kontak wees tussen my en julle sonder 'n altaar, 'n kruis, waar bloed gevloei het nie. Wat op die altaar gebeur, is totaal onafhanklik van menslike bydrae. Jy kan niks self doen om vir my aanvaarbaar te wees nie. Dit is My werk.”

Karmel verpletter alle idees van mense wat nie wil hoor van Jesus nie, maar wel praat van God, en een wees met God en wat nog als. Daar bestaan nie so iets nie. Die God van die Bybel kom na ons d.m.v. 'n altaar. Dit moes die Israeliet weer leer, dit moet ons leer.

Ø *Ons God is 'n verterende vuur-God*

Vuur daal neer vanaf die hemel. Sê dit vir ons iets? Verseker. Eerstens sou vuur 'n bewys wees van God se teenwoordigheid. Hy het homself altyd geopenbaar in vuur. Dink aan die brandende bos. Dink aan die vuur op Sinai... God is dus soos vuur. Die vuur wys op sy verterende heiligheid.

Maar daar is meer. Daar kan geen *versoening* wees tussen 'n heilige God en sondaars indien daar nie met sonde en skuld

gehandel word nie. Daar kan ook geen versoening wees of vergewing van sonde sonder die stort van bloed nie. Goddelike regverdigheid moet tevrede gestel word. Die straf vir rebellie teen God moet uitgevoer word. Dit moet óf op die skuldige persoon, óf op 'n plaasvervanger val. Hierdie waarheid is baie duidelik voor die oë van dié op Karmel gevestig. Die vuur van God (sy heilige oordeel) moes óf val op die skuldige mense óf op die offerande. Dit val op die offerande.

God se regverdige, heilige woede is dus hier bevredig deur 'n plaasvervangende offer. Op Karmel was hierdie offer die geslagte bulle. Sy toorn is finaal bevredig. Op Golgota is sy toorn finaal bevredig op daardie oomblik toe sy verterende vuur woede teen sonde op die vlekkelose lam - sy eie Seun, Jesus Christus, uitgestort word.

Daar is nog meer. Kyk 'n mens na 1Kron. 21:26, sien jy dat vuur nie net die bewys was van God se heilige toorn wat op die skuldige val nie, maar dit was ook 'n **publieke aanvaarding van die offerande**.

En Dawid het daar vir die HERE 'n altaar gebou en brandoffers en dankoffers gebring. Onderwyl hy die HERE aanroep, het Hy hom met vuur uit die hemel op die brandofferaltaar geantwoord.

Dit was dus 'n bewys dat daar met sonde gehandel is, dat die skuld betaal is. Weggeneem is. God se heiligheid tevrede gestel is.

Dit is presies wat op **Pinksterdag** gebeur. Die uitstorting van die Gees soos tonge vuur, was die bewys dat God Jesus se offer aanvaar het, met alles wat dit bewerk het. Daarom kan net mense wat deel het aan die offer van Jesus op Golgota, die Heilige Gees ontvang. (Hand 2:3, 32, 33, 36).

Dink daaraan: dat God vir jou nie vandag alreeds verteer het met sy toorn teen sonde nie, is bloot te danke aan sy lankmoedigheid -

maar as jy nie op hierdie oomblik weet dat God sy vuur op Christus uitgestort het i.p.v. op jou nie, as jy nog nie bewustelik verbind is aan Jesus deur geloof nie, sal jy vuurwoede teen jou sonde smaak.

Die slag van die Baäl-profete is ook nie onbelangrik vir God-gesentreerde godsdienste nie. Die feit dat God se verterende vuur nie op die volk geval het nie, maar op die slagoffer - was genade - maar dit beteken nie dat daar nou maar kon vergeet word van die Baäl-profete nie. Nee, hulle moes geslag word!

Wat sê dit vir ons? Die feit dat jy aanvaarbaar staan voor God, die feit dat sy toorn teen jou op Jesus geval het, beteken nie dat jy kan speel met sonde nie...

Jy weet nou waarom God-gesentreerde godsdienste gaan. Dit is die enigste Godsdienst wat God behaag.

Wanneer God antwoord op Karmel, sê Hy dus nie net daarmee dat Hy leef nie, Hy sê wie Hy is, 'n regverdige, heilige God wat sonde moet straf, maar ook 'n liefdevolle God wat sy vuur op 'n plaasvervangende offer laat neerkom. Hy sê dit, en hy sê daarmee wat beteken dit om Hom te dien. Rondom 'n altaar(die kruis) en met 'n slagtersmes teen Baäl-profete (sonde).

Daar is nog iets wat God hierdeur vir die volk sê en vir ons, en dit is dit: **Gebed wat vir Hom aanvaarbaar is**, lyk totaal anders as die van die Baäl-godsdienste. Hy het nie behae in raserigheid en rumoerigheid nie, ook nie in selfpyniging nie (vgl Deut. 14:1). Nee, ware aanbidding, aanbidding waarop Hy reageer, is dié wat Elia gedoen het.

Aanbidding wat erns maak om God te aanbid soos Hy beveel het. Ons het Elia se voorbereiding vir aanbidding gesien. 'n Skrilte kontras met die Baäl-profete.

Elia gaan staan voor 'n altaar. Ons aanbidding het altyd die kruis as middelpunt. Die Baäl-profete wou Baäl oortuig om te antwoord op grond van alles wat hulle doen. “Kyk ons kerf onself stukkend...” Elia herinner God aan wie Hy is. Hy is maar net 'n dienskneg. Dit is aanbid-ding waarop God reageer.

Is jy moeg vir godsdiens speel? Moeg vir jou mensgesentreerde gods-diens, moeg vir al jou afgode van geld, en posisie en aansien - vind jy al meer uit dat dit teleurstel? Dat jy jouself net moeg maak, maar daar is geen realiteit nie?

Daar net een ding wat jou daarvan kan genees en dit is om spreekwoordelik op die laaste Karmel te gaan staan. Golgota. As jy gesien het wat daar gebeur het, kan jy nie anders as om saam met die soldaat in Markus uit te roep “Waarlik, Hy was die seun van God!”, nie.

'n Ware godsdiens en ware belydenis kom net deur die aanskouing van 'n verterende vuur-God, wat nie my verteer nie, maar 'n plaasvervange offer - in die duisternis op Golgota...

HOOFSTUK 7

Elia se depressie (1 Kon. 18:41-1Kon. 19:15 e.v.)

Jy sal saamstem dat Elia se lewe, soos ons daarna gekyk het, een van geestelike sukses was. Ek meen hy het eerstehandse gebedsverhoring ervaar. Hy het die stem van die Here dikwels gehoor, daarop gereageer en ervaar hoe God Hom bo-natuurlik onderhou, hoe God mag het oor agteruitgang, mag het oor die dood. Manalleen gaan staan hy teenoor die hele volk en teenoor al die profete van Baäl en Asjéra en hy daag almal uit tot 'n beslissing! Wanneer hy bid antwoord God uit die hemel met vuur en die uiteinde daarvan is dat die hele volk uitroep: “Die Here is

God, die Here is God.” By alles is hy ook ‘n instrument van openbaring vir ons wat duisende jare later leef.

Wie begeer nie so ‘n geestelike lewe nie?

Begeer ons almal nie hierdie dinge in ons geestelike lewe nie? Tye van seën en geestelike triomf, kragtige getuienis. Natuurlik is dit reg om dit te begeer, maar die harde feit is, daar is ook ‘n ander kant... ‘n Kant waarvan ons ongelukkig nie kan wegkom nie, en dit is die kant van ons menslike swakheid en gebrokenheid. Hieroor moet ons baie eerlik en realisties wees, anders sit ons met ‘n totale onrealistiese beeld van die geestelike lewe, ‘n beeld wat ons juis tot wanhoop kan dryf.

Dank God, as ons die Bybel in sy geheel lees en nie net selektief nie, kry ons juis só ‘n realistiese beeld.

Ons kry dit hier by Elia.

h Van triomf na depressie

Elia het die profete van Baäl by die spruit om die lewe gebring. Daar is gehandel met die oorsaak van Israel se sonde en nou kon God weer seën.

Dit is hoekom Elia in vers 41 met ‘n ‘geloofsoor’ vir Agab kon sê: “Trek op, eet en drink, want ek hoor die gedruis van reën” - terwyl daar hoegenaamd nog geen sprake van reën was nie, daar was nog nie eers ‘n wolkie so groot soos ‘n man se hand nie. Elia was egter so ingestem op God, so geoefen in die lewe van geloof dat hy die onsienlike kan sien en die onhoorbare kan hoor – ‘n Geloofsreus!

In 'n wonderlike voorbeeld van volhardende gebed voor God alleen, gaan bid hy op die top van Karmel, soos dit hoort. Hy buig homself neer met sy kop tussen sy knieë – sewe maal - en stuur sy dienskneg om te gaan kyk of daar al iets te sien is. 'n Wolkie so groot soos 'n man se hand is genoeg vir Elia om Agab te laat weet hy moet wikkell, die reën gaan hom vang!

Op bo-natuurlike wyse hardloop Elia dan voor die strydwa van Agab uit.

Elia is op die toppunt van geestelike triomf.

Maar dan...

'n Meer dramatiese voor- en náprentjie kan jy jou beswaarlik voorstel. Agab gaan vertel alles wat gebeur het vir Isébel. Sy laat weet vir Elia dat wat met die profete van Baäl gebeur het, gaan nou met hom gebeur.

'n Mens wil amper jou Bybel optel en weer kyk om te sien of jy reg lees. In vers 3 sien die een wat altyd met 'n geloofsoog die Here en sy werk kon sien, geen hoop nie. Hy vlug vir sy lewe, saam met sy dienskneg.

Kan dit wees? Hierdie geloofsheld, die man wat keer op keer onbewapen, onbeangs Agab van aangesig tot aangesig aangevat het, ter-wyl Agab sy vingers kon klap en 'n einde aan hom kon maak. Die een wat op Karmel voor die hele volk gestaan het, wat God se mag oor dood gesien het, wat God se antwoord van vuur afgebid het – hierdie een vlug nou vir sy lewe!

Op onverklaarbare wyse is hierdie blote gerug genoeg om Elia van 'n oorwinnende geestelike reus te verander in 'n bang, benoude voortvlug-tige.

Waarskynlik het Elia ander verwagtinge gehad – moontlik het hy ge-hoop sy stryd met die Agab-huis is nou verby en die Here gaan hom nou rustig laat oud word. Ons sal nooit presies weet nie, maar die feit is hierdie gerug is ‘n katalisator wat Elia in moedeloosheid, wanhoop, ja, depressie dompel.

Stel jou voor. Elia en sy dienskneg strompelende onder die Palestynse son. Dit is omtrent 90 km van Karmel na Berseba, deur die woestyn. Elia ploeter voort met ‘n kop wat hang.

Dan gaan Elia op sy eie, so dagreis ver die woestyn in. Hy gaan sit onder ‘n besembos en let op: *hy wens dat hy mag sterwe*. Hy openbaar ‘n geweldige verlaagde gevoel van eiewaarde. Laat my sterwe, want ek is nie beter as my vaders nie. Niemand het iets gesê nie, Elia!

Dan raak hy aan die slaap. Baie interessant en betekenisvol, ‘n engel kom staan by hom. En let op: Die engel bestraf nie vir Elia nie, die en-gel verwyd nie vir Elia dat hy nou in so ‘n toestand van depressie en on-geloof verval het nie. Ja, die boodskapper van God uit die hemel ver-kwalik, berispe en verwyd nie, nee, hy raak hom aan.

Genade en liefde. Kyk, dit was sekerlik nie moeilik vir Elia om te glo dat God hom liefhet toe hy sy sorg ervaar het by Krit en op Karmel nie, maar dit was nie maklik om te glo in God se liefde as jy op die punt van wanhoop is waar Elia was nie. God raak hom aan! Wat God sê is nog meer verstommend. Niks geesteliks nie. Hy sê Elia moet opstaan, eet en drink. Twee maal gebeur dieselfde ritueel.

Daar staan nie eksplisiet dat die engel gesê het Elia moet na Horeb, die berg van God, gaan nie – so ons weet bloot nie hoekom hy daarheen gaan nie. Het hy dit beplan? Ons kan wel sê

dat hy deur die voor-sienigheid van God soontoe gelei is as die engel sê dat die pad te veel vir Elia gaan wees.

Dan stap Elia – versterk deur die kos en water, vir 40 dae na God se berg, Horeb. Nou, Horeb was ‘n baie besondere plek om heen te gaan. Op daardie stadium was daar geen plek op aarde waar die teenwoordigheid van God so duidelik gemanifesteer is as juis daar nie. Dit is daar waar God aan Moses verskyn het in die brandende bos, in Eksodus 3:1-4. Dit was daar waar die wet aan Israel gegee is (Deut. 4:10). Dit was daar waar Moses vir 40 dae en nagte in die teenwoordigheid van God was. So hierdie was die plek waar jy God kon ontmoet.

Wanneer hy by die berg kom, vra God “ Wat soek jy hier?” Hy laat Elia uitpraat. Interessant dat Elia nie hier die Here aanspreek as Here, *my God* soos op Karmel nie.

Hoe dit ook al sy – God sê: “Gaan uit en staan op die berg voor die aangesig van die Here.” En dan openbaar God Homself aan Elia. Jy sal onthou in Eksodus 34:6 het die Here uitgeroep, en in die uitroep maak Hy Homself bekend as die genadige en barmhartige God.

As dieselfde God nou weer by Elia ‘verbygaan’, sê Hy dieselfde, maar deur die natuurelemente. Daar was eerstens ‘n groot en magtige wind, wat die berge en rotse skeur – maar let op: Die Here was nie in die wind nie. Na die aardbewing en wind was daar ‘n vuur - maar let op: God was ook nie in die vuur nie. En na die vuur - ‘n gesuis van ‘n sagte koelte. Dit was die Here.

Nou bloot so op die oog af, kan ons alreeds sien dat God homself aan sy mense, sy diensknegte openbaar, nie as die vernietigende, veroor-delende God nie, maar as die genadige een, wat sag werk

met Sy mense – alreeds hier openbaar Hy Hom as die een wat die geknakte riet nie breek en die dowwe lamppit nie uitdoof nie.

Maar hier is ook meer as wat ‘n mens net so op die oppervlak kan sien. Kyk wat sien ons in Hebreërs 12:18-24:

Want julle het nie gekom by ‘n tasbare berg nie en ‘n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm en basuingeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie— want hulle kon die gebod nie verdra nie: selfs as ‘n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met ‘n pyl neergeskiet word. En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder. Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.

As ons hierdie Nuwe Testamentiese vers in gedagte hou, sou ons kon sê dat God wys dat Hy nie met Elia werk op grond van ‘n ‘wetlike’ ver-bond nie. Nee, Elia het by die berg van genade gekom. Ja, God is die verterende vuur-God, met ontsagwekkende stormwind en aardbewing en krag – en ja, Hy giet dit uit op sy teenstanders, maar vir sy mense is Hy die God van die stilte, Hy werk sagkens met hulle. Te midde van sy toorn teenoor die volk, het Hy genade vir sy dienaar. Ek hoop julle sien dat die berg weereens ‘n plek is van openbaring, God openbaar iets van Homself. Toe Moses by Horeb gestaan het, het God homself openbaar in ‘n brandende bos, en as Moses later sy Naam vra, sê Hy; “Ek is wat Ek is”. Die brandende bos, ‘n bos wat brand maar

nie opbrand nie, wys waarskynlik dat God selfgenoegsaam is, Hy het nie iets of iemand anders nodig nie – Hy is wat Hy is.

Nou wys Hy vir Elia iets van Sy genadige karakter.

Hoe wonderlik is ons God nie.

As God Elia so aanspreek, in die sagte suising, dan bedek hy sy gesig, wat daarop dui dat hy in die teenwoordigheid van God was (vgl. Jes. 6:2,3). Moses by die brandende bos, bedek ook sy gesig.

Dan, die ongelooflike. God sê nie vir Elia: “Elia, omrede jy hierdie houding ingeslaan het, is jy sommer ook ontslaan uit My diens nie.” Hy sê nie: “Elia, Ek kan nie sulke ouens soos jy verder gebruik nie.”

Nee, God herstel Elia in sy diens. Hy gee vir Hom nuwe werk! Ons lees daarvan in vers 15 verder.

Bewens die feit dat God vir Elia werk gee, bemoedig Hy hom in vers 18 met die feit dat hy nie alleen staan nie. Hy gee vir Elia dus *perspektief*.

h Nader aan ons lyf

Wat sê dit alles vir ons wat geestelik gesproke dieselfde pad as Elia stap?

Wel, sekerlik eerstens sê dit vir ons dat ‘n toestand van moedeloosheid en geestelike depressiwiteit, nie vreemd is in die ervaring van God se kinders nie. Ons mag nooit vergeet dat ons hierdie skat, die ewige lewe, wel het nie, maar dat ons dit in gebarste kleipotte het, soos Paulus dit stel. Ons is uiters gebroke skepsels, selfs ná ons bekering, ja, selfs ná die grootste geestelike hoogtes waaraan ons kan dink.

Daarom vind ons dit in die Bybel: Gaan lees maar net die Psalms, Psalm 42 is 'n goeie voorbeeld.

Dit is veral interessant dat ons in die knegliedere van Jesaja, waarin ons as't ware biografiese materiaal van Jesus kry, die volgende uitspraak van die kneg kry in Jesaja 49:6:

Maar Ék het gesê: Tevergeefs het Ek My vermoei, my krag vir niks en vrugtelooos verteer! Nogtans is my reg by die HERE, en my loon is by my God.

God se uiteindelijke, volmaakte dienskneg, Jesus, was ook by die punt waar Elia was.

Luister na Paulus in 2 Kor. 1:9:

Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe.

Ons vind dit ook in die Kerkgeskiedenis. Wanneer jy die kerkgeskiedenis lees, word dit baie duidelik dat mense soos Martin Luther, John Bunyan en Charles Spurgeon ook tye van geweldige depressie en wanhoop geken het. Sekerlik die beste voorbeeld van iemand wat hiermee geworstel het, was die gesangskrywer William Cowper. Cowper kon die wonderlikste, heerlikste gedigte en liedere oor die Here en die geestelike lewe skryf, maar hy het omtrent 6 geweldige aanvalle van depressie en wanhoop gehad. In hierdie tye is die volgende woorde uit sy hart op papier gepeers:

Where is the blessedness I knew When first I saw the Lord? Where is the soul refreshing view Of Jesus and His word.

Cowper het homself as 'n miserabele uitgeworpe wildsbok gesien.

Wat jy moet weet is dat selfs die grootste diensknegte van die Here sulke tye soos Elia beleef het. Jy wat hier lees moenie dink jy gaan daarvan uitgesluit word nie. Jy moenie dink jy is verhef bo dit nie.

Wat is die oorsaak van 'n toestand soos dié waarin Elia verval het? En wat is die oorsaak dat óns dikwels in so 'n toestand verval?

Natuurlik is daar is fisiologiese faktore, soos hormoonwanbalans, wat die direkte oorsaak van depressie kan wees.

Hiermee kan nie hier gehandel word nie. Ek dink egter daar is sekere dinge, soos gesien by Elia, wat ons moet weet en op bedag moet wees wanneer ons worstel met depressie:

Eerstens het ons gesien dat Elia waarskynlik 'n **sekere verwagting** gehad het van die lewe ná Karmel en dit het **nie gerealiseer nie**.

By jou kan dit iets anders wees. Jou verwagting van 'n gelukkige huwelik as Christen is dalk vernietig, 'n kind van jou met soveel potensiaal raak rebels, 'n oënskynlike belowende beroep is nie so belowend as wat dit gelyk het nie, en elke werksdag word onentoe-siasties begroet, 'n verhouding met 'n vriend of vriendin loop skeef, 'n alleenloper se hoop op 'n huwelik realiseer nooit, 'n finansiële beleg-ging stort ineen, en niks is oor van wat gehoop is toekomstige materiële sekuriteit sou wees nie. Ag, daar is so baie voorbeelde, maar die feit is hierdie toestand van neerslagtigheid of depressie lê in die feit dat eer-tydse goeie verwagtinge of nie gerealiseer het nie, of ineengestort het.

h Maar wat is die genesing?

Eerstens moet jy aandag gee aan die **fisiese** toestand van jou liggaam. Dit is wat die Here met Elia gedoen het.

Ons mag nooit vergeet dat ons psigosomatiese wesens is nie, dat ons liggaam én gees is nie, en die een is so nou geskakel met die ander, dat jy dit nooit kan losmaak van mekaar nie.

Kyk na jou liggaam - eet reg, haal daardie oefenklere wat nie meer pas nie uit die kas uit!

Jou **denkprosesse** moet egter ook verander. Dit is wat God met Elia ge-doen het. Sy denke oor God moes verander, Sy denke oor homself en Sy werk en toekoms moes verander. Jou denke het weer 'n invloed op jou gevoelens.

Jy sien dikwels is ons depressie soos Elia s'n op **onvolledige inligting gebaseer**. Elia het gedink Hy is alleen oor. Hy het gedink dat die werk van die Here in duie gaan stort as hy nie meer daar is nie. Dat daar niks meer vir hom te doen is nie. Dat alles verniet was. So God moes vir Hom nuwe inligting gee.

So kan 'n werklose Christen in 'n toestand van absolute wanhoop verkeer omdat hy dink dat niemand hom meer nodig het nie, dat hy van geen nut meer is en dat hy niks meer oor het om voor te lewe nie.

Dit is egter nie die volle waarheid nie.

Wat is dan die genesing vir so 'n toestand van neerslagtigheid en moedeloosheid en depressie, vir die Christen?

Die antwoord is dat jy en ek ook op die berg moet gaan staan. Nie Horeb nie. Golgota. Maar ook by die berg in Galilea waar Jesus na Sy opstanding verskyn het (Matt. 28 :16).

Dáár moet ons hoor wie God is. Die een wat ons swakheid ken, die een wat dit in Sy liggaam gedra het. Wat vir ons onvolmaaktheid en sonde die straf gedra het. Ons moet ook hoor Hy het opgestaan en daarom is daar ontsaglike hoop, maak nie saak wat gebeur het in jou situasie nie. Dit is nie die volle waarheid nie. Die volle waarheid is jy is meer as oorwinnaar in Jesus. Die volle waarheid is, jy is nie nutteloos nie. Jy het 'n doel. Onthou julle vir ou Petrus? Hy het Jesus verloën. In Johannes 21:15 hoor ons hoe Jesus hom herstel. Wonderlik! Hy het Jesus 3 maal openlik verloën, Jesus vra Hom 3 maal of hy Hom lief het. In die openbaar gee Hy vir Petrus kans om dinge reg te stel - en dan gee Hy weer vir Petrus werk. Hy herstel hom. Hy veroordeel hom nie. Hy sê: Petrus laat my skape wei. Ek vertrou jou... Dieselfde Wiliam Cowper waarvan ons gepraat het, sê op 'n stadium die volgende:

*“I was a stricken deer, that left the herd long since.
There I was found by One who had Himself been hurt
by the archers. He drew them forth, and healed, and
bade me live.*

Vir jou om te herstel soos Elia, soos Petrus, is dit belangrik dat jy ook by die Here sal hoor wat jou werkskrywing is (Matt.28). Begin met die uitdra van die evangelie, raak besig in die Koninkryk van God.

Jy is niks sonder die Here nie. Moenie dink jy kan staande bly sonder Hom nie. As jy reeds in 'n toestand van geestelike depressie en wan-hoop is. Staan op, eet, drink, dus kyk na jou fisiese behoeftes. Begin werk in die koninkryk. Dit is wat hierdie gedeelte vir ons wil sê.

Ons mag natuurlik nooit vergeet dat ons as gelowiges, en elke plaaslike gemeente, nou die liggaam van Christus is nie. Die 'berg Sion', waarby ons gekom het, is volgens Hebreërs 12, die

gemeente! Daarom kan en moet ons ook herstel en genesing vir hierdie toestand by *mekaar* kry!

JONA

HOOFSTUK 1

Die misverstaande boek (Jona 1:1-3) 74

HOOFSTUK 2

Tragiese ironie (Jona 1:4-16) 82

HOOFSTUK 3

In die vis... (Jona 1:17-3:3) 91

HOOFSTUK 4

Ek was bang U is genadig... (Jona 3:4-4:11) 102

HOOFSTUK 1

Die misverstaande boek (Jona 1:1-3)

Wanneer 'n mens oor die boek Jona skryf of praat, is jy baie diep bewus van die feit dat sekere idees voorop in mense se gedagtes is. Eerstens is mense uiters nuuskierig wat jy sê van die groot vis. Kon 'n vis regtig vir Jona ingesluk het? Hulle wil graag hê jy moet hulle nuuskierigheid, ongeloof of wat ookal tevrede stel.

Tweedens stel mense nie te vreeslik verder belang in die boek nie, want ag, die boodskap vir ons is tog maar bloot dit: Moenie wegvlug as God jou vir sendingwerk roep nie. Nou ja, ék dink nie op hierdie oomblik aan sendingwerk nie, ek glo ek is waar ek moet wees, so die boek raak my nie!

Wel, ek wil waag om te sê as genoemde gedagtes jou gedagtes oor Jona is, wag daar 'n verrassing op jou. Jona is van die mees fassinerende, en diep snydende boeke in die Ou Testament. Maar kom ons staan nader aan hierdie boek.

h Die naam van die boek

Die naam van die boek is afkomstig van die hoofkarakter Jona (wat duif beteken), die seun van Ammittai. Beide die Septuagint (Griekse vertaling van die Ou Testament) en die Vulgaat (Latynse vertaling) gee die-selfde titel of dan naam, vir hierdie boek.

h Maar wie skryf dit en wanneer?

Die boek maak geen direkte aanspraak op outeurskap nie. Deur die boek word daar deurentyd na Jona in die derde persoon verwys. Dit dui op die oog af op 'n ander outeur. Tog was dit nie 'n ongewone Ou Testamentiese praktyk, om in die derde persoon te skryf nie. (vgl. Eks. 11:3, 1 Sam 12:11) Verder dui die outobiografiese inligting in die verhaal op Jona as outeur. Die eerstehandse verslaggewing van sulke ongewone gebeure sou die beste deur Jona self weergegee kon word. Die inleidende vers hoof ook nie op iets anders te dui nie, aangesien profete soos Hosea, Joël, Miga, Sefanja, Haggai en Sagaria dieselfde openingsverse het.

Volgens 2 Kon. 14:25 het Jona van Gat-Hefer naby Nasaret gekom. Die konteks plaas hom in die tyd van die voorspoedige regering van Jerobeam II (793-758 v.C). Die Fariseërs was verkeerd toe hulle gesê het geen profeet het nog ooit uit Galilea gekom nie! (Joh 7:52). Jona was 'n Galileër!

Net vir interessantheid. Daar is 'n Joodse tradisie wat reken dat Jona die seun van die weduwee van Sarfat was wat Elia uit die dood opgewek het. (1 Kon. 17:8-24).

h Agtergrond en plasing

As 'n profeet vir die noordelike 10 stamme van Israel, deel Jona die agtergrond en plasing van Amos. Die volk het 'n relatiewe tyd van vrede en vooruitgang beleef. Beide Sirië en Assirië was swak, wat Jerobeam II in staat gestel het om sy grense te vergroot tot waar dit was in die dae van Dawid en Salomo. (2 Kon. 14:23-27)

Terloops, dit is interessant dat Jona juis hierdie voorspoedige uitbreiding moes voorspel, terwyl Amos in Amos 6:14, 7:10-13

die onder-gang van die volk voorspel. Wat was die effek hiervan op die man Jona? Hy was ‘n nasionalis, ‘n man met ‘n diep gevoel vir sy volk.

Geestelik gesproke was dit egter ‘n tyd van armoede. Godsdienst was ritualisties en al meer afgodgeoriënteerd. Reg en geregtigheid is ver-draai. Die vrede en voorspoed het die volk dus geestelik, moreel en eties bankrot gemaak (Vgl. 2 Kon.14:24; Amos 4:1e.v.; 5:10-13). As gevolg hiervan het God die volk gestraf deur vernietiging en gevangenis in 722 v.C.

Nineve se bekering mag aangehelp gewees het deur 2 plaie (765 en 759 v.C.) en ‘n sonsverduistering (763 v.C), wat hulle voorberei het vir Jona se boodskap.

h Vrae wat pla

Waarom vlug Jona as hy God se oordeel oor ‘n vyandige stad moet gaan aankondig? Die profeet stem duidelik nie saam met God nie, maar waarin verskil hy met God? Hoekom sê hy ‘nee’ vir so ‘n ‘geleentheid’? Was hy bang vir sendingwerk? Was hy bang vir praat? Hy was tog ‘n profeet – so dan is dit tog belaglik om so te dink?

Die antwoorde op hierdie vrae kan net gevind word as ons uiters nou-keurig, met geen vooropgestelde idees, hierdie wonderlike boek lees.

h Na Nineve

In vers 1 sien ons dat Jona, die profeet wat vooruitgang vir Israel voorspel het, ons kan sê die nasionalistiese profeet, gestuur is na Nineve. Van Nineve lees ons in Genesis 10:6–12, asook in die

boek Nahum. In Nahum 1:15 word na Nineve verwys as die ‘verdrucker’ (N.A.V.), en in die 1953 Afrikaanse vertaling word die woord ‘snoodaard’ gevind. Die woord wat hier in die Hebreeus gevind word, is die woord “*belija ‘al*”, wat in 2 Kor. 6:15 deur Paulus gebruik word. Ja, jy het reggesien. Belial. En wat beteken dit? Wel, dit verwys na die duiwel. Geen wonder dat God sê dat hulle boosheid voor Hom ‘opgestyg’ het nie. Dieselfde word natuurlik ook gesê van die wreed-hede van Sodom wat ook opgestyg het tot die hemelhowe volgens Genesis 18:20-21.

Het jy gesien hoe groot die dinge in die boek Jona is? Let bietjie op hoe baie word die woord ‘*groot*’ gebruik. (Vgl. 1:3,4; 4:11, 1:10,12, 2:1,3:2, 4:1, 4:6).

Die klein Jona staan soos ‘n spikkeltjie afgeëts teen die oorgroot dinge rondom hom. Die klein Jona staan voor die groot stad Nineve met die baie leed. Soveel leed en onreg dat dit voor die hemelpoorte opgestapel lê.

“Kry jouself gereed, Jona, gaan na Nineve die groot stad...” En Jona maak homself gereed om na.... *Tarsis* te vlug, weg van God af.

Nie so vreemd nie. Vóór Jona was daar profete wat nie kans gesien het vir hulle taak nie.

Moses het beswaar aangeteken (Eks 4:10), Jesaja het homself verlore gevoel (Jesaja 6:5), Jeremia het homself onbekwaam geag (Jer. 1:6) en Elia het ook weggehardloop (1 Kon 19:4). Maar hulle het hulle besware uitgespel, God daarmee gekonfronteer en...’n antwoord verkry.

Maar Jona swyg. Hy is so stil soos ‘n dooie muis. Jona vlug. Jona sê niks.

As God Jona Oos stuur na die leed, gaan hy Wes. As God hom *voor* Sy aangesig roep, vlug Jona *weg* van die aangesig van God af. Nie weg van God af nie, nee, Jona het geen begeerte gehad om sonder God klaar te kom nie. Hy vlug weg van die *aangesig van die Here af*. (Dit is die letterlike vertaling soos in die 1953 vertaling gevind). Hy vlug van sy profetetaak af, want dit is wat hierdie uitdrukking beteken in die Ou Testament. Gaan bestudeer maar 1 Kon. 17:1; 18:15, 2 Kon. 3:14; 5:16, Jer. 15:19; 23:18, 22. Die Aramese vertaling van die Ou Testament ver-taal dit baie duidelik só: *Jona het klaargemaak om na die see te vlug eerder as om te profeteer in die Naam van die Here.*

Jona reken hy kan die God-profeet-konfrontasie vermy deur weg te vlug van Palestynse bodem en daarmee weg van die tempel af. Daarom sê hy niks, daarom doen hy maar net.

Die denke agter Jona se optrede is waarskynlik, en ek wil waag om in die lig van die res van die boek te sê, definitief, dít: *As hy wegvlug sal God hom nie kry nie, want God is in Jerusalem. God is in Israel.* Onthou: Hy is die nasionalistiese profeet!

As ons 4:2 in gedagte hou, dan word iets baie duidelik. Jona het 'n radikaal foutiewe Godsbeeld gehad, maar hy was nie bereid om dit te verander nie. Hy was nie bereid om dit met God uit te worstel, soos Job nie. Nee, hy vlug liever. Sy God is in Jerusalem, sy God is in die tempel. Sy God is nie waar wreedheid, pyn en lyding - en die vyande van Israel is nie.

Die waarheid is egter dít: God wil deur Sy profeet in Nineve wees. Die plek waar nood is. Hy tree op waar lyding is. Is dit nie juis hoe God Homself openbaar het in Jesus nie? Bly God in die hemel? Nee, Hy kom in Jesus na die aarde, Hy kom na die lyding. Hy kom na die nood van die wat anders as Hy is. Vuil, arm, siek, kreupel mense. Gaan lees die evangelies en sien wie God is. Waar

vind jy Hom? Tussen die Fariseërs en Skrifgeleerdes? Ja, soms, juis om hulle met snydende gely-kenisse tereg te wys - maar grotendeels vind jy Hom tussen die son-daars, selfs die Samaritane en die tollenaars en die hoereerders!

h Wat sê dit alles vir ons?

Kan ons iets van Jona op ons toepas? Verseker! Gaan lees weer Romeine 15:4. Maar ek is tog nie 'n profeet soos Jona nie? Nie? Ons het al vir mekaar in hierdie boek gesê dat ons, volgens die Nuwe Testament, almal profete is (1 Pet 2:9).

Maar vlug ons nie dalk van ons profetetaak af weg, juis omdat ons, mis-kien onbewustelik, 'n verkeerde Godsbeeld het nie?

Ek dink daar is 'n groot gevaar om te dink dat God net is waar ouens is wat soos ek dink, my tradisie deel. Sommige dink God is net waar Charismate is. Gereformeerdes dink God is net waar gereformeerdes is. God is net in ons tipe kerke.

Meer nog. Wie van ons wil regtig meng met die minder intelligente, siekes en armes van ander dele van Pretoria - is dit nie omdat ons tog dink, onbewustelik, dat God hier tussen die skoon, netjiese, slim, teologies korrektes is nie?

Kyk, ons almal glo in evangelisasie. Sien daar is basies drie maniere hoe die gemiddelde lidmaat vandag oor evangelisasie dink, wat wys dat ons nog nie begryp dit wat die Here Jesus gesê en gedoen het nie.

Eerste is wat ek sal noem die *Akwarium-model*: Vir baie is evangelisasie wat die dominee Sondae doen as hy sy lyn as't ware oor die kansel gooi, en hoop dat sommige 'visse' in hierdie geslote

glasakwarium sal byt. Die ‘gewone’ lidmaat se werk is bloot om die visse soort van te dryf in die rigting van die ‘groot visserman’.

Die tweede model kan genoem word die *Hinderlaag-model*. Die arme nie-Christen word genooi na ‘n ‘byeenkoms’ en as die arme niksvermoedende ‘gas’ daar kom, word daar vanuit ‘n dubbelloop oorverdowende klanktoestel allerhande emosioneel belaaide verbale aanvalle geloods vanuit die Bybel.

Die derde siening van evangelisasie is wat ek die *Safari-model* wil noem. Evangelisasie is vir baie sinoniem met daardie nou-endan avontuurlike uitstappie na een of ander onderontwikkelde gebied, liefs verder as 500 km van jou huis met genoeg natuurskoon. Bakkies word gelaai met Bybels en traktaatjies en, net soos die min slaap, en swakker bad en toiletgeriewe te veel begin raak, word daar weer teruggekeer na die veiligheid van die beskawing.

Dit is soos die gemiddelde lidmaat dikwels evangelisasie sien. Jy sou oplet in al drie hierdie modelle, bly jou hande as’t ware skoon. Jy hoef nie self die onreines aan te raak nie.

Die verskil tussen ons idee van sending/evangelisasie en die van die Here Jesus kan vergelyk word met die verskil tussen die Apollo-sending na die maan en die sending van die Here Jesus na die aarde.

Beide was as’t ware ‘n kruis-kulturele sending. In die geval van Jesus, van hemel na aarde; in die geval van Apollo, van aarde na die maan. Die groot verskil is dit: Die ruimtevaarders van Apollo het nooit geïdentifiseer met die maan nie, as hulle sou wou sou hulle sterf. Nee, hulle het van die aarde se suurstof, toerusting en klere geneem. Toe Jesus na die aarde kom, toe los Hy alles agter, en bring net Homself. Hy word soos ons, sodat ons kan word soos Hy.

Dit is tog Hy wat sê: *soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle!* (Joh.20:21)

Die punt is dit: Agter alles lê 'n sekere Godsbeeld. Ons dink God dink en voel soos ons. Ons weier om dit met God uit te worstel. Ons vlug eerder. Ja, ons weet al die regte dinge, soos ons volgende keer sal sien Jona ook al die regte dinge weet, maar ons optrede wys hoe ons werklik oor God dink.

Ons probleem is, soos Jona s'n, dat ons nie onself in verhouding sien nie. Ek het julle gewys op die klem op alles wat groot is in die begin van die boek. Die ironie is, Jona het dit nie raakgesien nie, hy het nie gesien hoe klein hy is nie.

Dit is eers as jy sien hoe klein jy is, dat jy kan begin besef dat God groter as jy is, anders as jy is, nie in jou sieninge gebottel kan word nie.

'n Bekende Duitse leraar, het een Sondagoggend sy preek met 'n aan-grypende gedig begin. Dit klink so:

Liewe gemeente. Julle wil hê dat ek elke Sondagoggend 'n klein, liewe Godjie op julle knieë moet kom neersit sodat julle so bietjie perdjie –perdjie met Hom kan speel. Maar as julle klaar gespeel het, sit julle Hom weer terug in my arms en ek moet maar sien kom klaar wat ek met Hom moet doen tot volgende Sondag. En as ek Hom in die week gaan wys wat onder julle verkeerd is, in die familie, in die samelewing, in die politiek, totdat Hy siek word daarvan, word julle vir my kwaad en sê: Ek moes Hom maar liever net Sondag uitgehaal het.

Ons het hierdie probleem: die drang om God by ons skema in te pas, Hom klein te maak, hanteerbaar te maak. 'n God wat ooreenstem met jou Sondag-teologie en saamspeel met jou

godsdienstige spel. Een wat nie te veel by jou lewe van dag tot dag en in besonder van Maandag tot Saterdag inmeng nie.

Soos met Jona bepaal jou Godsbeeld jou optrede. Pleit die Here nou om jou beeld van Hom te verander, sodat jou gedrag kan verander.

HOOFSTUK 2

Tragiese ironie (Jona 1:4-16)

In hierdie gedeelte is daar 'n paar heel interessante literêre verskynsels waaraan 'n mens moet aandag gee as jy die inhoud van die gedeelte reg wil verstaan.

Vir eers val dit mens op hoedat dinge wat in werklikheid gelyktydig gebeur, só vertel word dat dit lyk asof een ding *na* die ander gebeur. In vers 4 word die aandag, wat in die eerste drie verse op Jona gevestig was, eers van Jona afgetrek om aandag te gee aan wat God gedoen het in antwoord op Jona se drostery. Eers teen die einde van vers 5 word die aandag weer op Jona gevestig. God se aksie en Jona se aksies vind gelyktydig plaas, maar word *ná* mekaar vertel. Net so word die reaksie van die seelui en die reaksie van Jona op die groot storm ter see, so vertel dat dit lyk asof Jona later as die seelui reageer. Maar die bedoeling is dat dit *gelyktydig* gebeur. Dieselfde gebeur ook weer in vers 15. Die seelui gooi Jona in die see, dan word eers vertel wat die seelui gedoen het. Eers in vers 17 keer die vertelling na Jona terug. Maar weer is die handeling van die seelui en die van Jona gelyktydige handeling.

Die rede vir die manier van vertel is dat die verteller telkens ‘n *kontras wil teken tussen God en Jona, en die seelui en Jona*. So staan Jona duideliker uit en is die kontraste duideliker.

Die tweede saak wat hier opval, is die rangskikking van die vertelling wat op so manier geskied dat die fokus op Jona val.

Kom ons kyk na die verse. Wat sien ons? Wanneer Jona stilswyend sy koers gaan en, let wel, altyddeur afgaan, van Joppe (Jafo) en van Joppe (Jafo) op die skip se dek en van die dek na die binneste van die skip - kom God opnuut in aksie.

Wanneer Jona wegvlug van God se aangesig af, soek God hom weer op. As Jona wegvlug van die liefde af, soek die Liefde hom weer op.

Hoe sien ons dit? God werp ‘n geweldige storm op die see. So hard moet God na Jona roep. Julle sal onthou toe Elia as’t ware weer op koers geplaas is by die berg Horeb, is God baie pertinent nie in die stormwind nie (Lees 1 Kon. 19:11) Maar met Jona is dit natuurlik anders, want hy swyg. Sedert hy sy woonplek verlaat het, het hy nog geen woord gesê nie. Omrede Jona nie met God wil praat nie, moet God op ‘n ander manier met hóm kontak maak. Hy moet hom op die oop see en die golwe ontmoet (vers 15) en om dit te bereik, gooi God nou ‘n stormwind op die see (vers 4).

Nou gebeur die ironiese. Dit is nie die profeet wat eerste die storm as ‘n stem van God ervaar nie, maar die matrose, die heidene, die wêreld as jy wil - en hulle is bang. Hulle begin hulle gode aanroep, in hul onkun-de omtrent die ware God.

Waar is God se ware profeet? Sou hy nie die leiding kon gee in die aanroep van die regte Naam nie? Sou hy nie uitkoms kon gee en kon verduidelik waarom hierdie skielike storm die ervare seelui so skielik oorval het nie?

Jona het afgegaan na die onderste ruim van die skip. Die matrose gee ag op God se stem. Jona slaap. Anders as die dissipels, nê?

Nou, die woord wat vir slaap hier gebruik word, is die woord *tardema*, wat beteken 'n diepe slaap, soos Adam toe God Eva uit sy rib vorm. Uit so 'n diepe slaap kan dus iets goeds gebore word. Maar dit is ook moontlik om tydens so 'n diepe slaap 'n tentpen deur jou kop te kry, soos Sisera by Jael, of dat jy aan die genade van 'n ander oorgelaat word, soos Saul aan die genade van Dawid oorgelaat is in 1 Samuel 26:12. Dit is ook moontlik dat 'n mens jou profetiese insig kan verloor, soos in die tyd van Jesaja met 'n aantal profete gebeur het (Jesaja 29:10).

Daar skuil in Jona se diepe slaap iets onheilspellend. Hy wil op dié manier die verantwoordelikheid vir die storm en die lewens van die opvarendes van hom afskud en daarmee ook die verantwoordelikheid van Nineve.

Jona wil sy profeteroeping in sy diepe slaap verloor!

Maar let op. Toe God met die swygende profeet begin werk, gaan dit nie ongemerk aan die heidene verby nie. Die wêreld is betrokke! Die wêreld ly saam a.g.v. sý ongehoorsaamheid.

Tragies hy wat weet, swyg. Alles verloop net mooi andersom as wat dit veronderstel is, nie waar nie? Pleks dat Jona vir die matrose omgee, is dit hulle wat van die goed oorboord gooi sodat Jona miskien gespaar kan word. Onthou julle hoe Paulus opgetree het toe hy in amper sort-gelyke omstandighede was? Gaan kyk of jy die gedeelte in Handeling kry. Sien jy die verskille?

Maar nog meer ironies as Jona se geslaap, is die feit dat in plaas daarvan dat Jona die matrose aanspoor om te bid, die kaptein Jona moet oproep om te bid. Dink bietjie daaraan. dat 'n heiden 'n profeet van God moet wakker maak om te bid? En dat die profeet

boonop verkies om liever oorboord te gaan (vers 12) eerder as om te bid (vers 6b).

Die matrose begin die lot werp (vers 7a) en toe hulle besef waarom die storm hulle getref het, sit hulle met die verleë bevinding: wat moet ons met jou aanvang? (vers 11). Die wêreld sit verleë met die profeet: wat moet ons met God se profeet maak?

Dan begin hulle vrae vra om agter te kom wat is die rede vir die onheil en wat is die profeet se sending. Dit is wat vir hulle belangrik is. Maar as Jona antwoord word baie dinge duidelik. Jona se antwoord verrai ‘n ander rangorde as die vrae van die matrose.

‘n Hebreër, dit is wat ek is - en ek dien die God van die hemel. Hy wat die land en die see gemaak het. Deur hierdie volgorde uit te lig, wil die skrywer vir ons dit baie duidelik maak, dat dit vir Jona die belangrike saak is. Sy Hebreërskap. Ja, en natuurlik sy belydenis. Indrukwekkend. Hy bely die soewereiniteit en almag van hierdie God. Nou vra ek jou: As jy sê jy aanbid die God wat see en land gemaak het, maar jy probeer vir daardie selfde God wegvlug op die see - kan jy jou belydenis ernstig bedoel?

Kom ons vra die vraag; Wat veroorsaak dat God se werk in Nineve in die wiele gery word? Is dit nie dalk juis die profeet se vaste oortuigings nie?

Gelukkig is God aan die werk, en selfs net by die aanhoor van die naam JAHWE, oorval ‘n groot vrees hulle. Ironies, nê. Jona vlug weg van sy opdrag om vir die heidene te gaan preek, maar hy moet tog ‘n geloofs-belydenis aflê voor die heidense matrose. En God gebruik dit!

Die vraag is natuurlik nou of Jona se erkenenis ‘n skuldbelydenis is? Allermens. Jona sê daarmee nog glad nie dat hy verkeerd gedoen het nie. Trouens hy versoek hulle om hom eerder oorboord te gooi as om God gelyk te gee, want volgens hom het hy nie skuld nie. Hy is tog ‘n Hebreër, hoe kan God van hom verwag om ‘n sendeling in Nineve te word? Nee, hy sterf eerder voor hy skuld bely en om na Nineve te gaan.

Kyk na vers 12. Wat moet ons met jou aanvang? “Tel my op en gooi my in die see”. Dit is die eerste keer dat Jona bereid is om ‘op’ te gaan. Toe God gesê het, staan op en gaan na Nineve, het hy afgegaan na Joppe (Jafa).

Sien die rede waarom Jona nou die eerste keer ‘op wil gaan’. Dis juis omrede hy nog verder wil afgaan. Hy wil in die see ingaan. Hy het goed geweet wat God verwag het en dat sy erkenenis daar op die skomme-lende skuit nie is wat God verwag nie, want selfs na sy geloofsbelydenis het die golwe al hoe dreigender geword. Verbysterend. Jona doen dit so stylvol dat dit amper navolgenswaardig lyk. Jona wil oorboord, maar die seelui probeer die saak eers nog red. Hulle weet van sy skuld en dat hy die oorsaak van hulle ongeluk is, maar hulle probeer hom tog aan wal bring (vers 13). As hulle sien dat hulle vergeefs probeer, pleit hulle die onbekende God om vergifnis, in-geval hulle onskuldige bloed vergiet het.

Ag, as Jona maar iets van hierdie jammerhartigheid teenoor die mense van Nineve gehad het. Hy wil nie eens ‘n poging aanwend om hulle te red nie. Jona gaan oorboord. Nineve se geweld moet maar voortwoed.

En nou is die eienaardige dat toe die sendeling oorboord is, word dit bladstil op die see. As die hindernis uit die weg is, kan die matrose God sien soos Hy is. So word hulle vrees van vers 5 verander in die ontsag van vers 16. ‘n Ontslag wat spontane offers

en gelofies ontlok. Ongeluk-kig kan ons nie in Afrikaans die subtiële woordspeling bewerk tussen vrees en ontsag/gehoorsaamheid soos in Hebreeus nie, maar met hierdie woordspeling word daar iets heel merkwaardig gesê. Die regressie by Jona (wegvlug/afgaan/oorboordgaan) bring progressie by die seelui (vrees/ groot vrees/ ontsag).

Kan dit moontlik wees dat die ondergang van Jona se teologie eers die opgang van God se liefde moontlik maak?

h Nader aan ons lyf

Ons weet nou reeds Jona sê iets en moet iets vir ons sê, aangesien ons volgens die Nuwe Testament almal profete is (1 Pet. 2:9). Om dit in ander terme te stel, ons is geroepe as dissipels van Jesus, om Hom te volg en te gaan en te wees waar Hy is.

Ons het gesien Jona se geloofsbelydenis, die mooi dinge wat hy oor God kon sê, het nie gestrook met wat hy gedoen het nie, omrede hy nie bereid was om dit wat vir hom die belangrikste was, prys te gee nie. Ons het gesien wat was vir hom die belangrikste - sy Hebreërskap, met sy idees van wie God is en moet wees. Dit is wat as't ware tussen hom en God gestaan het. Hy was bereid om eerder oorboord te gaan as om dit prys te gee, want dit sou beteken hy moet homself prysgee.

In die Nuwe Testament sê Jesus dat as iemand agter Hom wil aankom, as iemand Sy dissipel wil wees, moet hy homself verloën, sy kruis op-neem en Hom volg.

Wat bedoel Hy nie? Hy bedoel nie, dat hulle die kruis van 'n moeilike situasie, 'n kroniese siekte, of 'n kermende vrou moet dra nie. Hoe dik-wels hoor mens dat hierdie gedeelte so geïnterpreteer word dat die kruis alles van 'n innengende skoonma tot 'n lekkende dak tot 'n stukkende kar beteken nie.

In alle eerlikheid, dít is nie wat die woord **kruis** vir hierdie eerste eeuse gehoor beteken het nie. Dit het nie in hulle gedagtes die idee van lang- termynprobleme of moeilike laste opgeroep nie. Dit het nie eers gedag-tes van Golgota opgeroep nie, want Jesus was nog nie gekruisig nie, en hulle het ook nie geglo Hy gaan gekruisig word nie.

Nee, toe Jesus sê: “Neem op jou kruis op”, het hulle net aan een ding gedink: die wreedste instrument van marteling en dood op daardie sta-dium. Hulle het gedink aan sterf op die mees angsvolle manier bekend aan die mensdom op daardie stadium. Hulle het gedink aan arme, ver-doemde kriminele wat gehang het aan die kruise langs die pad buite Jerusalem. Ongetwyfeld het hulle almal mense op die manier gesien wat tereggestel is. Hulle het geweet Hy vra van hulle die hoogste prys denkbaar.

A.W. Tozer stel dit so:

“the man with a cross no longer controls his destiny; he lost control when he picked up his cross. That cross immediately became to him an all absorbing interest, an overwhelming interference. No matter what he may desire to do, there is but one thing he can do; that is move on towards the place of crucifixion.

Hierdie pad van ‘kruis opneem’ is egter die pad tot vrugbaarheid in die koninkryk, dit is die pad van profeet wees.

Die pad van dissipel wees, profeet wees, is dus daaglik ‘n pad waarin ek óf kies om te sterf, in terme van Jona, om op die boot te bly en skuld te erken en vrugbaar te wees, óf om die pad van selfbehoud en geen vrugbaarheid te kies nie.

Elkeen van ons moet vir homself antwoord waarin hy/sy nog moet sterf, sodat die Here ander kan bereik. Ander hier in Pretoria, ander in die res van die wêreld. Jou rustige lewe, jou

privaatheid, jou toekomsplanne. Jou nasionaliteit, jou taal, jou kultuur, jou regte, ja, selfs jou humaniteit (jou reg om as mens behandel te word). Hy wat sy lewe wil behou... As die koringkorrel nie...

Aan iemand wat hom gevra het wat die geheim van sy diensbaarheid was, het George Muller gesê:

Daar was 'n dag toe ek gesterf het, volkome gesterf het - en terwyl hy praat het hy laer gebuk totdat hy byna die vloer geraak het - gesterf het aan George Muller, sy opinies, sy eie sin, smaak en wil, gesterf het aan die wêreld se goedkeur en afkeur, gesterf het aan die goedkeuring of afkeuring van my broers en susters en sedert die tyd het ek net getrag om myself aan God welbehaaglik voor te stel.

Ja, selfs 'n mens se teologie, soos inderdaad by Jona die geval was, jou siening van kerk en jou weergawe van Christenskap, kan in die pad van die werk van die Here staan.

Wat bedoel ek, baie prakties. As jy hoor van 'n Christen van Charisma-tiese oortuigings, wat gaan sendingwerk doen het, kom ons sê in Rus-land, sal jy hom, of haar ondersteun, in gebede en op ander maniere, of sal jy eerder wag tot daar 'n gereformeerde gaan voor jy in beweging sal kom? Toets jouself. As jy hoor 'n Charismatiese gemeente hou 'n dag van gebed vir wêreldsending en nooi almal uit - sal jy gaan, of wag jy eerder dat jou gemeente of groep dit doen, dan sal jy gaan. 'n Mens kan so begin om etikette om Christene te hang, dat jy later oor geen werk van die Here opgewonde is, of daarin deel, behalwe as dit vanuit jou groep kom nie.

Kom ek stel dit bietjie anders. Wie glo in die soewereiniteit van God? Die gereformeerde wat 'n belydenis onderskryf, wat praat oor God se soewereiniteit, of die Christen, wat dalk nog nie eers

gehoor het van gereformeerde en die woord soewereiniteit nie, maar hy/sy is bereid om in Indië te gaan werk en alleen op die Here te vertrou vir finansies. Wie glo in God se soewereiniteit?

Waar hinderlike eiegeregtheid verdwyn, word God sigbaar in sy medelye.

As mense hulle eie basuine bêre, word daar 'n kruis sigbaar, 'n kruis waaraan die grootste medelye waartoe God in staat is, tentoongestel word. Wanneer die kruis van Jesus op die toneel verskyn, moet die hei-dense hoofman op sy bors slaan, dan word dit op die middag donker en bewe die aarde en gaan die grafte oop.

Maar as die wêreld by wyse van spreke aan die kerk moet vra: wat is jou sending? Of: Wat het jy nou aangevang? Of as Christene, dit wat vir hulle belangrik is, *hoër ag as God se medelye*, dan word daardie mede-lye verberg.

O, ek sidder om dit te sê, dan kan dit in die belang van die evangelie wees as sulke 'sendelinge' oorboord gaan.

Ag, gelukkig is God wie Hy is. Hy doen waartoe sy liefde Hom dryf: Hy gebruik selfs hierdie drosterprofeet met sy polities gekamofleerde belydenis om Homself aan die matrose bekend te stel. (vgl. Fil. 1:15-18).

Meer nog: God is liefde. Daarom sit Hy die drosterprofeet met sy dap-per keuse van oorboord te wil spring, agterna met 'n vis.

God sal vir jou en my ook nie los nie.

HOOFSTUK 3

In die vis... (Jona 1:17-3:3)

Net 'n literêre opmerking: Ons kry hier weer wat ons kan noem 'n 'tyd vurk.'

In 1:15 gaan Jona oorboord, maar ons hoor eers in 1:17 wat van hom geword het. Daar word eers vertel wat die matrose gedoen het. Wat in vers 16 en 17 gebeur, gebeur gelyktydig, maar dit word ná mekaar vertel omdat Jona weer met die heidene gekontrasteer moet word. Hoe het die matrose gereageer op die kalmte ter see? En hoe het Jona gereageer toe hy afgegaan het?

Maar God, letterlik: maar Jahwe...

Dit is nou al die tweede maal dat God moet tussenbeide kom vir Jona: Maar God het 'n groot wind... Maar God het 'n groot vis...

Ons het reg aan die begin gesê dat mense vashaak by die vis en daarom die absoluut radikale boodskap van Jona mis. Tog gaan die dispute voort. Is dit moontlik dat 'n vis 'n man kan insluk?

Christene soek dikwels na sogenaamde bewyse dat so 'n vis bestaan of bestaan het en 'n man kon insluk. Mens wonder net of dieselfde Christene probeer vasstel of 'n mens brood en vis kan vermeerder deur gebed? Dit is tog duidelik! Dit was 'n wonderwerk wat wys dat God selfs dit wat teen ons is, kan gebruik om sy doelwitte uit te voer.

In Psalm 104: 26 lees ons:

Die aarde is vol van u skepsels! Daar is die see, groot en breed. Daar is 'n gewemel sonder getal. Klein diere saam met die grotes. Daar gaan die skepe, die Leviatan wat U gemaak het om mee te speel.

God stuur 'n vis, een van sy speelgoed, om Jona terug te bring!
 Wat veel belangriker is, is wat *in* die vis gebeur: Jona bid! Vir die eerste keer. Toe die kaptein hom gevra het om te bid in hoofstuk een, was daar geen reaksie van Jona se kant nie. Die heidene bid, nie hy nie.

As Jona opgepick word deur die vis, hef hy 'n *toda*, 'n danklied aan. Die grootste gedeelte van hoofstuk 1:17-2:10 is daarom ook poësie. Beteke-nisvol en interessant is dat hierdie danklied of loflied in klaagmetrum-styl aangehef word. Verder is 'n *toda* 'n baie spesiale soort danklied. Dit is normaalweg 'n danklied wat op 'n *skuldbelydenis* volg. Sou Jona tog op die ou end sy skuld voor God bely het? Die skuld wat uiteindelik in woede in 4:2 uitborrel?

Normaalweg word sy ervaring in die binneste van die vis, so geïnter-preteer: As egte skuldbelydenis. Maar 'n mens moet baie mooi na hier-die gebed van Jona luister om te bepaal of dit wel so is.

Miskien net iets oor die denkwêreld waarin die gedig gegiet is, sodat ons die taal en simboliek van hierdie gebed beter kan verstaan. Die mense van daardie tyd het die wêreld gesien as bestaande uit drie verdiepings: die *hemel*, die *aarde* en die *onderwêreld*.

In die hemel daarbo was daar 'n aantal pakkamers agter die uitspansel. Daar was die pakkamer van die sneeu (Job 38:22), die pakkamer van die hael (Job 38:22) en die pakkamer van die wind (Psalm 135 :7).

Elke pakkamer het 'n sluis gehad waardeur die inhoud na die aarde toe kom (Gen. 7:11-12). Die hemel self rus op pilare wat op die aarde ge-grond is (Job 26:11), terwyl die aarde op sy beurt weer op pilare rus wat in die onderwêreld gegrond is (Job 9:6) die

onderwêreld bestaan hoof-saaklik uit 'n watermassa wat baie diep is (Gen. 7:11) en wat deur twee groot riviere gevoed word (Psalm 24:2 let wel; strome is dieselfde as riviere).

Dit is na hierdie onderwêreld dat die dooies gaan en waar hulle in ver-getelheid raak. Die verblyfplek van die dooies is daarom soms kortweg die 'put/kuil' genoem. In die gebed van Jona word beelde uit hierdie voorstellingswêreld gebruik.

Hy het die fundamente van die berge gesien, hy was in die binneste van die see, waar riviere oor hom gespoel het. Hy was dus in die doderyk. Maar God het hom uit die put opgetrek. Hy was dus op die plek waar mense normaalweg nie meer kontak met God het nie. Dit is waarop Hiskia hom beroep wanneer hy met God om sy lewe veg.

In Jesaja 38:18 lees ons:

Want die doderyk sal u nie loof nie. Die dood sal u nie prys nie: Die wat in die kuil neerdaal, sal op u trou nie hoop nie.

Dáárvandaan het God Jona teruggehaal!

Die gebed van Jona is baie interessant. Behalwe dat hy die geloofsbelydenis baie goed geken het (1:9), het hy ook die Psalms goed geken, want hierdie gebed bestaan hoofsaaklik uit frases wat aan 'n reeks Psalms ontleen is (Psalm 42:8, Psalm 31:23, Psalm 5:8, Psalm 40:3, Psalm 69:2, Psalm 107:5, 142:4, Psalm 18:7, Psalm 144:2). Van allerlei brokke het Jona sy lied van bevryding gekomponeer. Hy kom nou wel nie soos sy voorvaders in die tyd van die uittog droogvoets uit die see nie, en hy het wel 'n tulband van seegras om sy kop, maar hoofsaak is: hy is gered. God het sy geroep gehoor en daarom is hy dankbaar en sing hy.

Hoe rym dit? In die vorige deel van die verhaal het Jona mos verkies om te sterf (1:12, 15). Hoe is hy dan nou so dankbaar om te lewe? Die ironie speel 'n spel met Jona. Die groot held wat bereid is om te sterf vir sy eksklusiewe siening van God en sy Hebreër-trots, word baie klein wanneer die oomblik aanbreek dat hy moet sterf. Andere wat vir 'n ander Koninkryk gekies het, soos Stefanus in die Nuwe Testament het op so 'n oomblik die hemel voor hulle sien oopgaan en sy gesig het soos die van 'n engel geword.

Maar Jona word bang. Dit lyk asof Jona se sterwensideaal op die ou end tog nie die moeitewerd was nie, asof die saak waarvoor hy sy lewe wou aflê, na verhouding kleiner word wanneer dit om sy eie lewe gaan.

Of, sou Jona dalk in sy buitengewone redding God se goedkeuring vir sy sieninge bespeur? Sou dit wees waarom hy nou al wat 'n danklied is, aanhaal?

Miskien is altwee sieninge korrek: inderwaarheid is die saak van Jona se lewe belangriker as die saak waarvoor hy bereid is om te sterf. Waarom anders sou God ingryp?

Soos Jona sake sien, het God nou uiteindelik sanksie gegee aan sy ideale. Dit sal ons later bevestig sien wanneer Jona voor Nineve te staan kom. Maar dit is reeds sluimerend in sy gebed aanwesig.

Die feit dat God hom gehoor het toe hy roep en hy gedink het dat hy nooit weer die tempel sou sien, toe hy al by die poorte van die doderyk was nie, bevestig vir Jona dat hy tog reg was om weg te vlug van Jahwe af. Daarom is hy uitbundig bly!

Selfs van die doderyk af het God hom laat terugkom. Jahwe het hom uitgegooi op die see (intussen het hy in die see gespring) en

Jahwe het hom weer daar uitgehaal na sy noodroep. God het dus sy gebed verhoor!

Waar het God sy gebed gehoor? In sy heilige tempel! Dít is wat saak maak: daar het God hom gehoor. God is daar in sy tempel. In Israel. Dit is waarheen hy gebid het en dit is waar God hom gehoor het. Hy sal weer die tempel aanskou (vers4). God het sy sienswyse gesanksioneer.

Het julle opgelet hoe lewensgroot Jona weer voor ons staan aan die einde van sy gebed? Maar *ek...* (vers 8-9). Jona is weer tevrede met homself. Die ander mense, die spul heidene op die skip, vereer Nietig-heid, dit wat niks waarde het. Dit is hulle wat God verlaat. Maar *ek...*

‘n Mens voel lus om te sê: “Ag, Jona, ons het ook hoofstuk een gelees. En wat jy nie weet nie, is dat hulle óók gebid het, óók geoffer het en óók geloftes gemaak het. En God weet dit nog beter as ons. Laat staan tog maar die voorwendsels, ou Jona!”

Maar so werk die ironie met Jona. Pas tevore het hulle nog gevra: Wat moet ons met jou maak? Omdat hy gesê het: Ek vlug weg van die aangesig van God. Omdat hy gesê het: Gooi my in die see. Pas tevore wou God hê hy moes oos gaan, maar hy verkies om wes te gaan. Ja, *hy* is die een wat God verlaat het.

Nou skielik is dit die *ander* wat die rug op God draai. Hy sou tog nooit so iets doen nie. Laat mens dink aan Petrus nie waar nie: “al sou almal...” Intussentyd het hulle op hul knieë voor God gekom.

Dit is baie interessant om Jona se gebed te vergelyk met die van die jongste seun in die gelykenis van die verlore seun.

Wanneer ‘n mens dit as’t ware in twee kolomme langs mekaar plaas, kry jy die volgende resultate:

Jongste seun	Jona:
Vader ek het gesondig. Ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.	Hulle wat nietigheid vereer, hulle het hulle heil verlaat.
En hy het hom gereed gemaak...	Maar ek.... en hy het hom gereed gemaak.

Daar is selfs so ‘n klankie van die Fariseërs in Lukas 18 hier, nie waar nie? “O God, ek dank u dat ek nie soos die ander mense is nie...”

Jesus sê elkeen wat homself verneder, sal verhoog word, en wie hom-self verhoog sal verneder word.

Maar ek...

Intussen is dit die waarheid dat Jona leef van dieselfde genade as die ander wat ook deur God se genade opgetrek moet word; al sing hy lof-liedere op ‘n klaagmetrumstyl. Hoe so? Wel, dieselfde krisis van ondergang hang oor die matrose (1:4) en Jona (2:3). Almal roep uit hul benoudheid tot God: die matrose (1:14) en Jona (2:2).

God se oor, is op almal se noodroep ingestel: op die van die matrose (1:15b) en Jona s’n (2:9). Daarom is daar geen rede vir hom hoegenaamd nie om te sê “Maar ek...”

Maar Jona het nog nie die les geleer nie. Eintlik kon hy nie, want toe die dinge gebeur het, was hy aan die slaap of onder die water.

Die verteller van die verhaal laat ons as lesers altwee kante sien. Want ons sien mos maar ook net altyd ons kant van die saak.

Miskien is my en jou ‘maar ek’ net so ironies soos die van Jona?

Daar word iets verblydend omtrent die God van Jona gesê: Hy gee nie alleen sy liefde vir almal nie en sy oor is nie alleen ingestel op die noodroep van elke mens nie, maar sy oor is ingestel selfs op die noodroep van sy onwillige selfversekerde, hoogmoedige en effens dom- drosterprofeet. Wat ‘n God!

Dit is net ironies dat die heidene (die matrose) hierdie dinge in die boek Jona raaksien en dat Jona dit miskyk – al gaan draai hy by die fundamente van die aarde.

Jesus het op ‘n dag die volgende gelykenis vertel:

‘n Man het twee seuns gehad. Hy gaan toe na die eerste en sê: Kind, gaan werk vandag in my wingerd. En hy antwoord: ek wil nie. Maar later het hy spyt gekry en gegaan. Toe gaan hy na die tweede en vra vir hom ook. En hy sê: Ja, pa, en hy het nie gegaan nie. Wie van die twee het die wil van die vader gedoen? Hulle antwoord Hom: die eerste. Jesus sê vir hulle: Luister ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God.

Jona en die matrose dank God vir redding. Die een is ‘n kerkmens, die ander roekelose mense. Jona verstaan nie waarom dit gaan nie. Die ma-trose wel.

Jona het die vis gesien as ‘n sanksie op sy sienswyse, maar God het dit bedoel as vervoermiddel terug na sy opdrag toe.

Lees gou weer verse 1-3 van hoofstuk 3. Ons sal mettertyd duideliker besef waarom Jona tog op die ou end na Nineve is. Voorlopig is dit belangrik om aandag te gee aan die tweede opdrag. Waar God aanvanklik vir Jona gesê het: Gaan roep uit *teen* die stad, sê Hy nou: Gaan roep uit *tot* die stad (letterlike vertaling). Dit is nogal ‘n verskil! Waar God Jona aanvanklik

feitlik ‘n blanko tjek gee: Gaan roep uit teen die stad, gaan preek teen die stad, sê Hy nou: *Gaan preek vir die stad die Woorde wat ek jou sal sê.*

Dit lyk asof God iets anders in gedagte het as Jona – vandaar die duideliker omskrewe taak. Dit kan ook seker nie anders nie, want God sien die mense van Nineve as mense op die breë weg, maar Jona sien hulle as versperring op sy weg.

God kyk na Nineve vanuit die perspektief van die hemel; Jona kyk na Nineve vanuit die perspektief van die aarde. Die hemelse perspektief sien ‘n kruis in die verte, maar die aardse perspektief sien ‘n swaard in die hede. Die hemelse perspektief spreek van medelye, die aardse van wraak.

Tog is Jona onder die indruk dat God sy siening kondoneer, dat God sanksie gegee het aan sy siening van Nineve. Jona het hom klaargemaak om na Nineve te gaan in opdrag van Jahwe, asof sy hart presies op die maat van God se hart klop. Jona het in die vis soveel gepraat, dat hy ook oor God se antwoorde heen gebid het. Daarom gaan hy onder ‘n misverstand na Nineve met ‘n heel ander doel as God voor oë.

God sien Nineve as die groot stad. Twee maal word dit in 3 verse beklemtoon. Waarskynlik om klem te lê op die feit van sy verdrukking en geweld. Die geweld wat daar ter sprake was, was die geweld van die maghebber. Dis daar waar mense op pale vasgesteek is – alles net om te heers.

Hierdie politieke geweld en verdrukking het Jona se mense aan eie lyf ervaar. Jehu het immers voor die koning van Assirië in die stof gekniel en die volk Israel is uit hulle land weggevoer en elders hervestig, verban uit hulle erfenis.

Daarom vind Jona dit goed om te gaan en uit te roep. Maar sou hy gehoor het dat God gesê het: *tot, vir, ten behoewe* van die stad? Of sou hy *nou* eers kans gesien het om *teen* die stad te preek? Sou hy God se opdrag nou nog as ‘n oop mandaat verstaan het? Of sou hy gehoor het dat God gesê het: “... die woorde wat Ek jou sal sê...?”

h En ons?

Hierdie gedeelte waarsku ons teen die nommer een sonde, as jy dit so wil noem. En wat is dit? Hoogmoed. Selfversekerdheid. Grootheidswaan. Ja, soos Jona kan jy die regte geloofsbelofte hê, soos in die vorige hoofstuk aangedui is, of jy kan jou Bybel ken, soos Jona sy Psalms geken het. Ten spyte hiervan kan jou hoogmoed, jou siening dat jy reg is, so reg is dat God net aan *jou* kant is, tussen jou en God kom staan. Dit kan veroorsaak dat jy sake totaal verkeerd interpreteer.

Hierdie gedeelte leer ons dat dit tog so eenvoudig is om jou eie lewe te interpreteer. Dit is so gerieflik eenvoudig om die legkaart self in mekaar te pas, selfs in jou gebed. Dit is so eenvoudig om jou eie skemas en denke deur God te laat sanksioneer. Veral as jou projek bedreig het om te misluk, maar dan ternouernood gered word. Dan is dit so maklik om te dink dat God die seël daarop gedruk het.

Die enigste manier om dit te verhoed is om God se wil, God se hart te leer ken. Dit beteken dat daar met God gepraat en na Hom geluister moet word. Ons het gesien hoe Jona deurentyd swyg. Toe hy uiteindelik met God praat, was dit omdat hy bang was - hy roep in sy benoudheid uit. As God hom red, interpreteer hy dit as ‘n teken dat hy reg was, teenoor die heidene wat verkeerd is...

Hy dank God met 'n gebed wat saamgeflans is uit Psalms m.a.w. 'n byna resitasiegebed en hy regverdig homself steeds.

Waar moet daar begin word? Wat sou verhoed dat Jona uiteindelik met 'n totaal ander agenda na Nineve gaan as God?

Ware bekering. Jona se bekering was geen ware bekering nie. Hy het nooit 4:2 bely nie. Sien, het hy al op die skip bely: *Here vergeef my, ek vlug weg, want ek is bang u is uiteindelik genadig op Nineve*, sou hy uiteindelik kon deel in God se vreugde. As hy dit maar gedoen het in die vis se maag: *Here, vergewe my, ek het oorboord gespring, want ek sal eerder sterf voor ek erken*.

Wat volg in hoofstuk 3 en 4 wys dat sy denke nooit verander het nie, en daarom ook nie sy gedrag nie. Uiteindelik vind ons 'n woedende rooi-gesig seuntjie onder 'n verlepte boom.

Wat is ware bekering? Wel, die gelykenis van die verlore seun help ons. Ons sien daardie seun het weer gedink oor wat hy eintlik gedoen het. Hy het sy denke verander. Hy bely teenoor homself en God dat "hy nie werd is om seun genoem te word nie" Hy staan dan op en gaan terug... Wat hy vind, is 'n Vader wat na hom hardloop!

Van belang hier is dit: As daar nie bekering plaasvind nie, is alles waar-mee jy besig is, dooie werke, of dan kruislose werke (Heb 9:14).

Dit is waarmee Jona besig was toe hy na Nineve gegaan het. Ja, op die oppervlak gesien, was hy besig met goeie werke - hy het gegaan om te gaan preek. Maar hy en God was nie op dieselfde golflengte nie, sy werke was dus dooie werke.

Is jy dalk besig met dooie werke, terwyl jy dink dit is goeie werke? Hoe lyk dooie werke in ons lewens?

As jy of ek vir die Here werk, sonder om in die praktyk te sterf aan die self en die kruis probeer vermy, as ek dus net werk volgens wat ek dink en nie volgens die wil van God nie, is my werke *dooie werke*.

As jy of ek vir die Here werk, maar dit gaan vir my oor die resultate, maar nie oor God nie, wanneer dit oor prestasie en sukses gaan of net om te sê ek het meer gedoen as ander, is dit *dooie werke*.

As jy of ek vir die Here werk, maar my motief is om die Here en/of mense te beïndruk en om aansien voor die mense te verkry, dan is dit *dooie werke*.

As jy of ek vir die Here werk en dink dat my werk belangriker is as wat ander doen, as ek neersien op die werk van ander en sommige soort werk as minderwaardig beskou, is ek besig met *dooie werke*.

Wanneer mense, mense in nood minder belangrik word as dit wat ek doen, moet ek mooi kyk of dit wat ek doen nie dalk dooie werke is nie. As dit wat ek doen nie gebore is uit liefde nie, selfs al doen ek die regte ding, maar sonder liefde en meegevoel, is dit *dooie werke*.

Wanneer ek groot dinge vir God wil doen en dit vir my belangrik is dat ek, en nie iemand anders dit doen nie, is dit wat ek doen, *dooie werke*.

Wanneer ek vir die Here werk en my werke die plek van gehoorsaamheid aan die Vader inneem, dan is my werke *dooie werke*.

Hoe maklik gebeur dit dat ons so besig raak met baie dinge wat ons skynbaar vir die Here doen, maar ‘n spesifieke ding wat Hy van ons vra, dit doen ons nie.

Goeie werke, aan die anderkant, is dit wat kom uit ‘n dankbare hart, ‘n hart wat dieselfde klop as God se hart, wat Sy wil en eer dus soek en doen met vreugde.

Vra jousef: Is ek al op dieselfde golflengte as God? Ondersoek ek ooit my paaie in die lig van die duidelike uitsprake in die Bybel rondom wie God is en wat Hy doen en wil doen, of aanvaar ek sommer dat alles wat met my gebeur ‘n teken is dat hy, wat ek doen, goedkeur? Sien ek al die uitkomst, die visse in my lewe as die Here wat my roep tot uitvoering van sy wil, of sien ek dit bloot as teken dat ek nog reg is, dat ek kan aangaan met my lewe soos dit is?

Mag die Here ons bewaar van die pad wat Jona geloop en ons genade gee om die pad van die kruis te loop.

HOOFSTUK 4

Ek was bang U is genadig... (Jona 3:4-4:11)

In hoofstuk 3:4-4:5, kry ons weer ‘n sogenaamde tydvurk. Voordat ons hoor wat van Jona geword het, vertel die verteller eers die verhaal van Nineve. So sal die reaksie van Jona teen die reaksie van Nineve gemeet kan word en sal die profeet en heidene met mekaar gekontrasteer kan word. Die kontras wentel om die kern, naamlik die woorde van die koning. Soos alles in hoofstuk

een as't ware literêr gesproke om Jona se belydenis (1:9) gewentel het, so wentel alles hier rondom die belydenis van die koning van Nineve. Daarmee word Jona en die koning van Nineve as't ware ook teen mekaar afgespeel.

Ons kom ook hier voor die vraag te staan: Reageer God se profeet soos God?

Jona gaan in die stad in: een dagreis ver. “Nog drie dae¹ dan word Nineve verwoes”. Dis ‘n kort reis en ‘n kort preek, maar dit het groot gevolge. Die beweging wat daar na een dag begin is, het homself vinniger voortgeplant as wat Jona kon loop. Die boodskap het die koning en edeles bereik sonder dat Jona daaraan deel gehad het. Vir Jona was sy sending eenvoudig: voor hom lê ‘n stad van drie dagreise, ‘n stad wat nog drie dae tyd het. Sodra hy anderkant uitkom, sal God die stad omkeer en sal sy werk afghandel wees. Maar vir God is die saak anders. Na een dag gebeur daar iets anders: die mense bekeer hulle in sak en as. En Jona verlaat die stad....

Nog drie dae dan word Nineve omgekeer! Omgekeer soos Sodom en Gomorra (Gen. 19:25,29, Amos 4:11). Dit is tog wat God hom voorgesê het? Maar nou is daar, van God se kant gesien natuurlik, ook ‘n ander soort ‘omkeer’ moontlik. So lees ons byvoorbeeld in Nehemia 13:2: “*Ons God het die vloek in seën laat verander.*”

Nineve kan ook omgekeer word deur God se liefdesvuur, want so is God.

Een oomblik kondig Ek aan dat Ek 'n nasie, 'n koninkryk sal afbreek, sal uitroei, sal vernietig. Maar wanneer dié nasie hom bekeer van sy boosheid

¹ Ons vertalings het almal veertig dae, maar noukeurige agtergrondstudie dui daarop dat drie dae waarskynlik die oudste en beste lesing is. Dit maak egter nie soveel verskil aan die betekenis nie.

*waaroor Ek hom wou straf, sien Ek af van die straf
wat Ek oor hom wou bring... (Jeremia 18:7-8).*

Maar Jona laat vir God net een moontlikheid: die moontlikheid van Sodom; die moontlikheid van die een soort omkeer. Jona dink net aan die een soort vuur uit die hemel: die van Gomorra. Nie aan die van Pinkster nie. Of erger: Jona glo wel aan die moontlikheid van God, maar Hy wil dit nie verwesenlik sien nie. Nie in Nineve nie. Daarom het sy preek sewe woorde, maar sy kommentaar, as God se moontlikheid werklikheid word in Nineve, 42 woorde. Kyk weer na 4:2 “*hy het geweet dat God ‘n lankmoedige God is, genadig, barmhartig en groot van goedertierenheid.*”

Dit is juis omdat hy dit so goed geweet het dat hy op die vlug geslaan het. Want sien, Here, ek is ‘n Hebreër, ek ken U en ek het gedink: Sê nou net hierdie kenmerke van U hou ook nog steek as dit oor Nineve gaan? Jona vlug vir sy kennis van God. Hy vlug omdat God God is.

Het jy opgelet, Nineve, die simbool van verdrukking en onreg, gaan van groot tot klein in sak en as oor een sin van hierdie profeet. Ek meen, ander profete is gedood of gefolter, maar hier in die stad van geweld word Jona geglo.

Tog is Jona kwaad oor die sukses. Jona is verbitterd daarvoor dat hy die eerste profeet is wat na sy eerste sin al volkome geglo word. Die pad van God met Nineve loop oor een sin, maar die pad van God met Jona loop oor Joppe (Jafo) en die dek en die binneruim van die Tarsis-skip en die stormsee en die fundamente van die aarde en die poorte van die doderyk en die buik van ‘n vis na... misverstand. Nineve bekeer hom. Jona is verbitterd.

Waarom? Jona is bang God het meer mense lief as die Jode. Jona slaag om alles teologies te verwerk: Is hy dan nie uit elke benoudheid verlos nie? Het God Hom nie self gered nie? Dan het hy mos gelyk. So stel Jona homself gerus. Maar nou loop sy teologie van die gerusstelling gevaar om 'n teologie van verontrusting te word. Dit weier hy. Hy weier beslis.

Jona se geloof en teologie maak dit vir hom moontlik om aan die eenvoudige opdrag van God te ontkom, om - op goeie grond - daarvoor "nee" te kan sê. Hy kan selfs op teologiese gronde God verwyf dat Hy God is: *Ek het geweet dat U 'n genadige God is.*

Vir die koning van Nineve was alles nie so ingewikkeld nie. Hy het by die aanhoor van die een-preek-sin afstand gedoen van sy praal en saam met die skape en beeste begin vas en bid. Die koning van Nineve. Ongelooflik as jy die praalinskripsies van Assiriese konings lees.

Op die bevel van hierdie koning vas en bid almal en klee almal hulle in goiing. Hulle vas, want hulle besef dat die lewe wat hulle tot dusver geleef het, nie die moeite werd is om verder geleef te word nie. Hierdie lewe en lewenswyse moet uitgehonger word, sodat daar 'n nuwe lewe kan begin. Hulle dra sakkere, omdat die lewe wat hulle tot dusver geleef het nie die moeite werd is om so beter te klee nie. Al die mooi van die lewe word nou van God verwag. As Jona maar wou vas!

Let op: die preek het gelui: na drie dae dan word Nineve verwoes. En die koning gee opdrag: Elkeen moet hom bekeer van sy slegte dade en van die geweld van sy hande (vers 8). Die koning het op die een of ander manier besef dat bekering nie maar net die afhandeling van 'n paar seremonies is nie, dat dit nie daarom gaan om 'n paar dae in sak en as - of in 'n vis se maag - te sit en dan maar weer soos voorheen te dink en te doen nie. Hy het besef dat om te vas beteken om die ou lewens-wyse af te sweer en ander

waardes te kry. Daarom kom sy opdrag oor radikale ommekeer in daade wat deur hande verrig word: Die mense van Nineve moes anders doen, en wel teenoor hulle medemense. Nineve se biddag is dus nie 'n biddag om reën of landsbeveiliging nie, nee, dit is 'n biddag om harts- en handelingsverandering.

Selfs na die biddagbevel en die goeie voornemens sê die koning van Nineve nog: 'Miskien...' "Ons het gesondig en ons het onreg gepleeg. Wat oor ons kom, is ons verdiende loon. Maar bekeer julle. Kry berou oor julle onreg en uitbuitery en doen anders. Miskien sal die God wat die profeet gestuur het dan ook berou kry."

Dit beteken nie Nineve se biddag was afpersing nie. Hulle werp hulle volledig in die genade van die onbekende God. Wie weet... miskien.

Die koning van Nineve hoop op die 'miskien'. Hy weet nie eens watter God dit is nie, maar Hy werp hom volledig op die 'miskien'. Maar Jona? Hy weet dat God 'n genadige God is wat berou het oor die kwaad, maar hy is verbitterd omdat God genadig is.

Dan lees ons "en God *het* berou gekry". Dit laat mens dink aan die geval in Matteus 15:28 waar Jesus vir die Kanaänitiese vrou sê: "Dit is nie mooi om die brood vir die hondjies te gee nie." Sy antwoord: "Here, maar die hondjies kry darem van die krummels wat van die tafel afval."

"As gevolg van hierdie woorde kan jy gaan...Groot is jou geloof." Jy het jou in magteloosheid op My genade alleen gewerp. Dit is geloof!

Jona is verbitterd, want al sy dogmas lê in puin. Wat dan van die onver-anderlikheid van God? Is God dan nie gister en vandag en tot in alle ewigheid dieselfde nie? En nou? Nou kry God spyt oor

wat Hy beplan het. Hoe staan Sy doempfeet nie nou daar as 'n ontredde en ont-luisterde leuenaar nie? My God sê: Nog drie dae...

Maar God kry berou.

Is dit nou die behandeling wat God se profete behoort te verkry? Daarom sê Jona vir God: Ek het dit mos al geweet voor ek uit Palestina uit weg is. Het ek dit nie toe al gesê nie? Het ek nie gesê dit is beter om oorboord te spring as om profete te wees nie? Ag, nee, Here, dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe.

Jona is verpletter, want hy dink God het verander. God het egter nie verander nie. God was nog heeltyd onveranderlik, want dit is nie God wat onomkeerbaar die ondergang van ander begeer nie, maar mense – soos Jona.

Ja, God is onveranderlik in sy wese en in sy verbondsbeloftes en in sy doelwitte. Juis daarom kan Hy verander soos hier. Sien God kan veran-der omdat Hy *onveranderlik* genadig, barmhartig en liefdevol is. Sien, 'n liefde wat nie rekening hou met die voorwerp van Sy liefde nie, is nie liefde nie. Kom ek stel dit nog anders: As God nie anders reageer as mense anders optree nie, dan sou mense se handeling geen verskil aan God gemaak het nie, en dan sou Hy nie die goeie, regverdige en barmhartige God gewees het wat in die Bybel voor ons staan nie - die Een wat onveranderlik is in Sy karaktereenskappe van geregtigheid en barmhartigheid. Ons kan hier in Jona dus amper praat van God se ver-anderlike trou aan Homself en Sy heilsdoelwitte vir die wêreld.

Nou is Nineve gered, maar God se profete verlore. Net soos die seun wat tuis gebly het, verlore was vir sy vader. Soos die Vader die oudste seun in die gelykenis van die verlore seun te woord staan, doen Hy dit met Jona: *Het jy rede?*

Jona antwoord nie eers nie, hy loop net. Soos hy van sy dorp Jafò toe geloop het. Maar iewers in sy hart hoop hy nog heimlik.

Miskien gaan Nineve tog onder. Dalk terg God hom net. Daar is nog twee dae oor. En Jona, verbitterd soos hy is, gaan sit buite die stad en wag: miskien...

Miskien sal God berou kry en ons red, dit is wat die koning sê. Miskien sal God berou kry en Nineve verwoes, aldus Jona.

In hoofstuk 4:6-11 sien ons dat Jona weereens weier om met God te praat. Hy kry eers sy spraak terug wanneer hy flou word van die son se hitte. Daarom moet God, soos in hoofstuk 1 iets doen om Jona se aandag te trek. Daar waar Jona sit, skiet daar 'n miniatuurboompie op, 'n boompie met buitengewone kragte, want die boompie maak nie maar net skaduwee oor Jona se kop nie. Dit genees hom ook oombliklik van sy groot woede, sodat sy groot woede omsit in groot vreugde. Waarom die miniatuurwonderboompie?

Terwyl God Jona in die eerste hoofstuk met 'n groot wind en die groot storm konfronteer in die hoop dat hy sy eie nietigheid sal verstaan, kon-fronteer Hy hom hier met die miniatuur, die klein van Sy skeppings-werke.

So staan Jona tussen die groot storm en die klein struikie, die magtige wind en die reuse vis aan die een kant en 'n magiese kruiebossie aan die anderkant: 'n klein onbegrypende mensie wat beweer dat Hy die God wat altwee uiterstes in Sy hande hou en daarvoor beskik, tot orde kan roep. 'n Klein mensie wat God na sy ewebeeld wil skape. Wat God kwalik neem omdat Hy God is.

Maar Jona is steeds onder die indruk dat sy hart in dieselfde maat as God se hart klop. Hy is vreeslik bly oor die struikie wat opskiet. Kyk, God gee Hom gelyk, dan is Nineve se dae tog getel. Dan gaan God tog onveranderlik wees in sy besluit. Nog net een dag. Wanneer die dag more breek, is dit verby met Nineve.

Met dagbreek die volgende more beskik God 'n wurm om die boompie te steek. Miskien sien Jona in dat hy verkeerd is?

Maar Jona weier om iets te doen te hê met hierdie God. Sy laaste hoop is dat die boompie net verwelk is, dalk...

Dan beskik God 'n wind. Sou Jona nie hierdeur aan sy vorige ervaring herinner word nie? Of is dit juis omdat hy 'n verband lê met sy vorige ervaring dat hy nou wens om te sterf? Miskien wil Jona juis sterf omdat God op die ou end was soos hy van die begin vermoed het (4:2).

Dit is geweldig om te sien dat toe Jona met die finale waarheid van God se genade en lankmoedigheid en goedertierenheid gekonfronteer word, dat hy kaalgestroop is van al sy mooi teologiese frases en aanha-lings uit die Psalms. En wat sien ons? Hy is woedend. Let wel, hy is nie soseer ontsteld oor die bossie nie, maar omdat die bossie van hom af weggeneem is. Hy is kwaad vir God. Kwaad omdat Hy die bossie wegneem, kwaad omdat Hy genadig is. Kwaad omdat God nie is soos hy wil hê Hy moet wees nie.

Ja, hy verkies om te sterwe, al kan die genade, waarvoor hy kwaad is, honderd en twintigduisend kinders – mense wat nie links van regs kan onderskei nie - en baie vee laat lewe. Jona wil eerder heers as genadig wees. Hy wil heers of sterf. Ja, Hy wil nie sterf aan Jona en so lewe en lewe bring nie. Nee, hy wil met ou Jona en al in die graf gaan, eerder as om te bely dat hy verkeerd is, skuldig staan teenoor die ware God.

Die keuse van die boek lê tussen heers en medelye hê. Jona en God. Dit is waarom God nog 'n laaste beroep op Jona doen: *Dink aan die hon-derd en twintigduisend onskuldige kindertjies en die vee...*

Maar Jona antwoord nie. God se vraag bly in die lug hang.

h Wat kies jy?

Om te heers en groot te wees en so te sterf, of om medelye te hê - soos God – en so te sterf. Waar staan jy?

Jesus het gesê daar is geen groter liefde as dat ‘n mens sy lewe vir sy vriende gee nie. Die Grieke het gesê dis dwaas en die Jode het dit ‘n struikelblok in die pad van geloof bevind. Maar Paulus maak die volgende stelling in 1 Korintiërs 1:25:

Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense, en wat vir die wêreld die swakheid van God is, is groter krag as die krag van mense.

Dís die omgekeerde ordes van ‘n absurde evangelie wat deur min geglo word, maar deur baie verwerp word - selfs deur kerkmense soos Jona.

Jesus sou Jona se keuse ‘n paar honderd jaar later tasbaar uitspel aan diegene wat Hom volg en so die naam Christen wou gebruik (Luk. 14:26, Matt. 10:37, Luk. 22: 25-26)

Jesus het nie maar ‘n klomp woorde geuiter nie. Dit wat Hy gesê het, het Hy ook geleef en gedemonstreer (Fil. 2:6-8)

Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

Wat is die boodskap van die boek Jona ten diepste?

In die eerste plek vir die Jode van daardie dag, maar in 'n sekondêre sin ook vir ons, wil hierdie boek kom sê: Dít is hoe julle God is. Dit is hoe sy hart lyk. Word soos Hy, wees soos Hy. Julle moet sy hart aan die wêreld bekend maak. Wees profete van hierdie God. Ek sê wees profete van hierdie God, want ons as Nuwe Testamentiese Christene is mos almal profete.

Ons moet al ons idees oor God as't ware weer toets in die lig van Jona. Ag, en ons is in 'n beter posisie as die eerste lesers van die boek Jona, want hierdie God van die boek Jona, het mens geword. Daar sien ons nog helderder as ooit te vore hoe sy hart lyk. Wanneer ons daarna kyk, kan ons sien wat Hy van ons as Nuwe Testamentiese profete verwag. Kan ons sien hoe ons in 'n Nuwe Testamentiese sin, anders as Jona moet wees.

Blaai bietjie in jou Bybel na Matteus 9:35-38.

Wat kry ons hier? Skares drom saam om Jesus. God wat mens geword het. Op die oog af skares soos alle ander skares, 'n mengsel van groot en klein, oud en jonk, ma's en pa's, oumas en oupas, kinders en klein-kinders. Fariseërs en sondaars, heiliges en onheiliges. Op die oog af ywerige navolgers van Jesus. Maar Jesus het natuurlik geen illusies oor hulle gehad nie. Jesus wat harte ken, God wat harte ken, kyk dieper en weet dat hulle 'n skare dubbelhartiges is. Aan die een kant het hulle gehunker na Jesus, aan die ander kant sou dit nie lank duur of hulle sou roep: *Kruisig Hom, Kruisig Hom!* Aan die een kant het hulle gesoek na iets van die koninkryk van God, al sou hulle dit nie besef het nie; aan die anderkant sou dit nie veel vra nie, of hulle laat Jesus ter wille van hulle politieke oorlewing onder Pilatus aan 'n kruis vasspyker, sny hulle as't ware sy hart aan die kruis uit.

Ja, wat ons hier het, is niks anders nie as 'n dwarsnit deur die mensdom, 'n dwarsnit deur die skare op Loftus, deur die mense

van Pretoria, van die mense van die wêreld. 'n Malende massa op koers na nêrens. Onder hulle mense met harte, boser as die van Nineve.

Maar wat sien Jesus, Emmánuel, God met ons? Hy sien in die menigtes rondom Hom 'n herderlose trop, soos skape wat nie 'n wagter het nie, moeg en hulpeloos (vers 36)

Hy het alles van hulle geweet, elkeen individueel en almal saam en Hy het hulle innig jammer gekry (vers 36). Nou, die vertaling is eintlik heeltemal te skraal. Wat hier gebeur is meer as net simpatiebetuiging. Trouens, die oorspronklike Griekse woord is in 'n sin onvertaalbaar. Dit beteken letterlik iets soos: *jou ingewande is in jou omgedraai, is in beroering*. Of, jou hart, die sentrum van jou emosies is in 'n duisend stukke gebreek. In hierdie geval beteken dit dus: Jesus, God die seun, is hartseer. Gebroke. In Homself omgekeer met 'n hart wat bloei vir die skare. En tog is daarmee nog nie genoeg gesê nie. Jesus trek Hom die skare se toestand so aan dat Hy as't ware hulle ellende in sy hart inneem. Die skare kruip in Jesus se hart in, nie omdat hulle so liefvallig is nie, maar omdat God so liefdevol is. Hy het alreeds in hulle plek gely en sou dit doen tot aan die kruis.

Watter heilige ironie speel hom nie hier af nie. Hulle wat Jesus se hart uit Hom uit sou haal, by wyse van spreke, na hulle gaan Jesus se hart uit. O, hoe anders as Jona.

O, watter beeld van God. Maar dit is die God wat reeds in Jona aan die werk is. Sien, God sit nie hardvogtig op 'n troon in die hemel nie. Sy oog staar nie strak en kwaai na die spul op aard nie. Hy vererg Hom nie bloedig vir die gedoentes van die gepeupel om hulle daarna summier die verdoemenis in te stuur nie. Nee, God het 'n hart. Dit klop. Dis in beroering. Vir jou, vir my. Vir die skare, vir die wêreld. Dit is die hartklop wat ons in Jona

gehoor het, dit is die hartklop wat ons in Hosea 11 hoor as ons lees in verse 8 en 9 (Lees)

In vers 35 vra God dat ons hierdie hartklop sal hê. “Die oes is wel groot...” Die beeld van die oes wat ryp op die land staan, het ‘n bekende Ou Testamentiese agtergrond en dui gewoonlik op die eindoordeel. Normaalweg is dit die engele wat gestuur word om die insameling van die oes te doen. Maar hier vind ‘n asemrowende wending plaas: die dissipels van Jesus, die kerk, ek en jy, word na God se Graanland gestuur, soos Jona na Nineve gestuur is. Ons staan weer voor die keuse van Jona.

Ja, ons wat eintlik van nature God se hart wil uitsny, ons moet vir die wêreld gaan vertel hoe God se hart klop.

God se roepstem kom na ons toe. Gaan af na Nineve! Gaan na die nood, die ellende van die wêreld, gaan na dié wat anders as jy dink en glo en leef.

Gaan ons soos Jona begin swyg, stil bly, biddeloos bly? Gaan ons eerder wil oorboord gaan as om ons vaste idees oor *waar* God moet werk en vir wie Hy is, te laat vaar? Of sal ons soos Jesus gaan. Bereid om alles af te lê vir die skare sonder ‘n herder, die skare wat erger as die Nineviete is?

Dit gaan prakties beteken dat ek en jy uit ons gemaksonne moet uitbe-weeg.

Iemand het die toestand van baie kerke vandag as volg beskryf.

Today's Christians are like deep-sea divers, incased in suits designed for many fathoms deep, marching bravely forth to pull plugs out of bathtubs.

Jy het waarskynlik al die kennis, die duiktoerusting is reg. Wat maak jy? Is jy nie dalk soos Jona nie? Het jy al God se hart?

Baie prakties, ons sal uit ons gate moet kruip. Kontak maak met die Nineviete. Met ‘n boodskap van ‘n genadige God, nie Een wat hard en koud is nie, wat eers sekere standarde en sekere teologiese kennis en sekere belydenisse, sekere korrekte teologiese taalgebruik verwag nie. Nee, ons moet gaan en die God van die Bybel verkondig. Die God wat na Golgota onomwonde verklaar het dat Hy vir sondaars is. Vir die wêreld. Jona se God was Een wat net daar was vir mense soos Hy. Wonderlik, ja, genadig, ja, maar net vir die Jode. Lyk jou God anders? Is Hy die God wat groter is as ‘n sekere teologie? Is Hy ‘n God wat onder alle volke klasse, kulture en kerkgroeperinge werksaam is?

Wys ons optrede daaglik hier in Suid-Afrika dat ons God, die God van die boek Jona is, en nie die God wat die profeet Jona gedink het Hy is nie.

‘n Verkeerde Godsbeeld kan dit selfs dus openbaar in ons houding teenoor die wêreld, die nie-Christene: John Stott beskryf ‘n soort Christen, wat ek dink, baie meer algemeen onder ons is, as wat ons sal wil erken. Hy beskryf dit in terme van ‘n student, maar ek dink die implikasie is duidelik:

You know – the kind who pops his head out of the hole leaves his Christian roommate in the morning scurries to class, only to frantically search for a Christian to sit next to (an odd way to approach a mission field). Thus he proceeds from class to class. When dinner time comes, he sits with all the Christians in his dorm at one huge table and thinks “What a witness!” From there he goes to his all-Christian Bible study, and he might even catch a prayer meeting where the Christians pray for the nonbelievers on his floor. (But what luck that he was able to live on the floor with seventeen Christians!) Then at night he scurries back to his Christian roommate. Safe! He made it through the day and his only contacts with the world were those mad, brave dashes to and from Christian activities.

Kruip uit jou gat! Na die wat jy van nature ‘n aversie in het, soos Jona van nature ‘n aversie gehad het in die Nineviete. Dalk beteken dit vir jou die swartmense rondom jou, of die armes, of die dommes. Dit is hulle wat moet sien wie God is.

Ons verkeerde siening van God, kan dit selfs openbaar in die feit dat ons dink God is net werksaam, net teenwoordig onder gereformeerdes, onder Calviniste en geen ander denominasie of kerkgroep nie. Soos Jona gedink het God is net werksaam onder die Jode.

Ons verkeerde siening van God, kan manifesteer in die feit dat ons tog heimlik meer ‘n behae daarin het dat mense gestraf word vir die feit dat hulle nie is soos ons nie, nie glo nie, eerder as dat hulle gered moet word. Die dissipels, net soos Jona, het ook baie daarmee gesukkel (Luk. 9:54-55). Jy is nie uniek wat dit betref nie.

Is jy ‘n volgeling van Christus? Verkeer jy dalk nog onder ‘n misverstand, soos Jona? Interpreteer jy al die dinge, al die genade-bewyse van God aan jou, as tekens van God se guns aan jou, as beves-tigings van jou sienswyses, terwyl dit eintlik sy roepstem is om jou tot jou sinne te bring. Hoe sal jy weet? Het jy al God se hart?

Dis antwoorde wat net jy kan gee en wat net jy en God sal weet of dit eerlik is. Want tussen jou en God lê die veld van die gewete. Net jy gaan saam met jou gewete kerk toe en kniel saam met jou gewete voor God. Net jy sal op die ou end jou gewete voor God moet regverdig of verdedig. Net God sal die laaste woord hê.

Onthou, dit ís moontlik om soos Jesus te wees en nie soos Jona nie, omdat God in Jesus self Sy heilige woede vir Jona-gesindes op Homself geneem het. Elkeen wat hom op Jesus werp vir verlossing, ontvang ook nou Sy Gees. Die Gees wat jou ‘n innige

liefde gee ook vir die wat jou dood beplan. Die Gees wat jou laat gaan uit jou groep, jou volk, jou idees na 'n wêreld in nood. Dit is die Heilige Gees wat jou die krag gee om dit te doen. En hierdie Gees sal heidense matrose en visse en wonderboompies en wurms gebruik - totdat jy luister.

HABAKUK

HOOFSUK 1

Lewe deur Geloof wanneer God nie sin maak nie.
(Habakuk 1:1-2:1) **119**

HOOFSUK 2

Die regverdigte sal deur die geloof lewe.
(Habakuk 2:2-4) **135**

HOOFSUK 3

Ware satisfaksie deur geloof alleen
(Habakuk 2:5-8) **148**

HOOFSUK 4

Ware sekuriteit deur geloof alleen
(Habakuk 2:9-11) **159**

HOOFSUK 5

Deur geloof alleen bring ons iets tot stand
(Habakuk 2:12-14) **171**

HOOFSUK 6

Ware eer deur geloof alleen
(Habakuk 2:15-17) **179**

HOOFSUK 7**God is jou God deur geloof alleen****(Habakuk 2:18-20)****190****HOOFSUK 8****Toorn en barmhartigheid****(Habakuk 3:1-16)****199****HOOFSUK 9****Die geloof om te jubel****(Habakuk 3:17-19)****209**

HOOFSTUK 1

Lewe deur Geloof wanneer God nie sin maak nie. (Habakuk 1:1-2:1)

L Lydia is al 10-jaar oud en bly in die landelik gebied van Malawi. Toe sy 'n klein dogtertjie was, het sy by haar Christen ma gebly wat vir haar uit die Bybel gelees het en die weg van verlossing duidelik gemaak het. Haar nie-Christen pa het elders gewerk en net een naweek 'n maand huis toe gekom. Drie jaar gelede het hy gesterf aan Aids, die volgende Julie sterf haar ma. Lydia en haar 3 jonger boeties bly nou saam met 12 ander nefies en niggies. Almal Aids-wesies in 'n krot van haar oupa. Daar is beswaarlik kos, wat nog te sê van geld vir skoolfooie, in elke geval is dit buite die kwessie, want sy moet die ander oppas. Waar is God vir Lydia?

Malak is 'n 15 jarige seun wat in die ekstreme suidweste van Pakistan bly, in die provinsie van Baluchistan, naby die grens met Iran en Afghanistan. Hy is een van die ongeveer 1.1 miljoen lede van die Baluch etniese groep in Pakistan, wat hulle eie taal het en grootliks geïsoleer is van die res van Pakistan se gemeenskap deur die afgeleë gebied in die berge waar hulle bly. Malak is 'n Moslem, almal wat hy ken is Moslems. Onder die 1.1 miljoen Baluch in Pakistan, hoeveel Christene dink jy is daar? Zero. Nie een nie. Die Bybel is nog nie vertaal in Malak se taal nie. Malak leef in duisternis. Hy is los van Christus, uitgesluit van God se mense, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Gee God om vir Malak? Doen God enige iets om hom te bereik?

Sarah, 'n enkellopende moeder van die 3 jarige Naomi en die 1 jarige Michael is besig om huis toe te ry na werk om haar kinders op te tel by die dagmoeder. Sam, ook oppad huis toe stop by die

kroeg, het 4 of 5 drankies. Hy besef hy het te lank gebly en is alreeds 15 minute laat vir sy afspraak. Hy haas hom na sy motor, jaag deur die eerste stopstraat net soos Sarah van die ander kant af kom. Sy motor tref hare, Naomi sterf en Michael en Sarah kruppel vir die res van hulle lewe.

Wie is in beheer van hierdie wêreld? Enige een? Moet 'n mens nie meer simpatie hê met iemand soos Edward Tabash, 'n vurige ateïs wat in 1993 by die universiteit van Californië in 'n debat oor die bestaan van God sy opponent uitgedaag met die volgende stelling: *“As die God van die Bybel bestaan, wil ek Hom aankla vir nalatigheid deurdat Hy aan die slaap was aan die wiel van die heelal toe my oupa en oom vergas is in Auschwitz.”* Oor September die 11de en vele rampe daarna kon mens sekerlik dieselfde vra.

Maak dit sin om te praat oor 'n wyse, liefdevolle, almagtige God wat die sake van die mens behartig wanneer stories soos die wat ek nou net aangehaal het, elke dag oral gebeur?

Waar is regverdigheid in 'n wêreld vol Aids-wesies en onbereikte volgegroepe en onskuldige kruppel kinders?

Hoe kan ons geloof hê? Hoe kan ons glo in die God van die Bybel wanneer ons sulke donkerheid, sulke tragedie, sulke vernietiging, in die gesig staar?

Ons kon die verhale vermenigvuldig, en jy sou kon bylas. Ons het nog nie eers begin kyk na aborsie en kindermolestering en verkragting nie. Maar dit alles bring maar net die volgende vrae duideliker na vore:

- Hoe kan ons leef in 'n wêreld soos hierdie?
- Hoe kan ons in reg en geregtigheid glo in 'n wêreld soos hierdie?
- Waar is 'n God in 'n wêreld soos hierdie?

- Is daar ‘n God?
- Gee Hy om?
- Is Hy nie oorweldig deur bese magte nie ?
- As Hy in beheer is – hoe kan hy dinge soos hierdie laat gebeur?
- Hoe kan ek in ‘n wêreld soos hierdie lewe, *met ‘n God* soos hierdie?

Met hierdie ongemaklike vrae in ons harte wil ek hê ons moet kyk na die boek Habakuk.

h Habakuk se haglike tyd

Habakuk skryf sy boek sowat 2600 jaar gelede.

Maar die wêreld van Habakuk was in baie opsigte baie soos ons s’n. Habakuk is ook gekonfronteer met boosheid in sy land, en hy het selfs groter boosheid in die toekoms gesien.

Habakuk het ook ‘n wêreld in die gesig gestaar wat buite beheer gelyk het, ‘n wêreld waarin geen reg en geregtigheid was nie.

Habakuk het ook geworstel met die oënskynlike onversoenbaarheid tussen die geopenbaarde aard van God en die bewyse wat hy rondom hom gesien het. Maar Habakuk verheug homself aan die einde in God, in een van die grootste stellings van geloof wat in die hele Bybel gevind word. Terloops, hierdie profetiese boek kry natuurlik sy naam van die profeet en beteken “*een wat omhels*”. Teen die einde van die profesie word hierdie naam toepaslik wanneer die profeet as’t ware God omhels ten spyte van die verwarring omtrent God se plan vir sy mense.

Die lesse van Habakuk is lesse wat ons nodig het om weer hier in die 21ste eeu te leer.

Habakuk profeteer gedurende die laaste dae van die Assiriese Ryk en die begin van die Babiloniese wêreldheerskappy onder Nabopolassar en sy seun, Nebukadnesar. Toe Nabopolassar aan bewind kom in 626 v.C. het hy onmiddellik sy invloed uitgebrei na die noorde en weste.

Onder die leierskap van sy seun het die Babiloniese leër Nineve in 612 v.C. onderwerp en so die Assiriese adel gedwing om skuiling te soek in Haran en toe in Karkemas.

Nebukadnesar agtervolg hulle en onderwerp Haran in 609 v.C en Karkemas in 606 v.C. Die Egiptiese koning, Neco, wat deur Juda getrek het in 609 v.C. om die vluggende Assiriese koning te hulp te stel, is deur koning Josia by Megiddo aangeval (2 Kronieke 35:20-24). Josia sterf in hierdie geveg en laat sy 3 seuns en 'n stiefseun agter as opvolgers vir sy troon.

Onthou Habakuk was 'n tydgenoot van Jeremia. Die boek is waarskynlik tussen 609 en 605 v.C. geskryf. Dit was 'n tyd van geweldige onrus. Assirië, die groot wêreldmag van die tyd, wat die noordelike koninkryk van Israel omtrent honderd jaar tevore vernietig het, het nou tot 'n val gekom en die Chaldese of dan nuwe Babiloniese ryk, het begin om in 'n bedreiging te verander. Terselfdertyd het Egipte onder Assiriese heerskappy uitgekom en gelyk asof hulle weer 'n wêreldmag kan word.

Die suidelike koninkryk van Judah het 'n mengsel van goeie en slegte konings in die vorige eeu gehad, maar was nou gevul met korrupsie.

Jeremia beskryf die toestand van die land 15-20 jaar voor Habakuk, in 625 v.C. as volg:

Daar is goddelose mense onder my volk: soos voëlvangers stel hulle strikke en wippe om mense mee te vang. Soos 'n voëlvanger 'n hok vol voëls maak, het hulle hulle huise volgemaak met bedrog; dit is waarom hulle magtig en ryk is, vet en blink. Hulle

boosheid ken geen perke nie, hulle laat die reg nie seëvier nie, hulle verydel die reg van die weeskind en behartig nie die regsak van die armes nie. Sal Ek hulle nie hieroor straf nie? vra die Here. Sou Ek My nie wreek op 'n nasie soos hierdie nie? (Jer. 5:26-29)

Jeremia maak dus 'n verklaring omtrent die skuld van die volk, maar stel dit ook duidelik dat God hulle gaan straf.

Kort nadat Jeremia hierdie woorde geskryf het in 622 v.C., het die Hoëpriester Hilkia, die wetboek gevind in die tempel. Koning Josia het die boek voorgelees vir die hele Jerusalem en dit lei tot 'n godsdienstige hervorming en herlewing (2 Kon 22-23). Hy vernietig die afgode-diens en verwante praktyke van sy vader, Amon (2 Kon 21:20-22) en sy oupa, Manasse (2 Kon 21:11-13). Hy bly 'n Godvresende koning tot aan die einde van sy dood in 609 v.C. Die probleme van onreg en afgo-dediens het egter diep in die samelewing geloop en na Josia se dood het die situasie met rasseskrede agteruitgegaan. Die volk verval weer vinnig in hulle sonde (Jer 22:13-19).

Dit is die situasie wat Habakuk vind: Woelinge oral oor die wêreld en aan die tuisfront 'n herlewing waarvoor gehoop is, maar wat besig was om 'n stadige dood te sterf. Oënskynlik het hierdie herlewing geen langtermyn impak gehad nie. Onreg en geweld het onbelemmerd voort-gestu met vernietigende resultate.

h Die uitroep om reg en geregtigheid

Habakuk, bewus van Jeremia se profesie wat jy so pas gelees het, het geweet God het beloof om die nasie te straf vir hulle tekort aan reg en geregtigheid. Tog, die straf en die reiniging wat daarmee gepaard sou gaan, het nie gekom nie. So Habakuk roep uit vir reg en geregtigheid om te geskied in die eerste vier verse van die boek.

Hierdie uitroep het vier onderskeidende kenmerke gehad. Dit was:

‘n Herhaalde uitroep: Habakuk het nie net een keer gebid nie: “*Hoe lank sal ek om hulp roep en U nie hoor nie.*” Nee, hy roep en roep en roep...

‘n Onbeantwoorde uitroep – Ten spyte van die herhaalde uitroepe na God, is daar geen maar geen bewys dat God antwoord nie. Geweld woeker voort met geen verlossing van God se kant nie .

‘n Pynvolle uitroep – Vers 3 gee vir ons ‘n aanduiding dat Habakuk in smart en pyn was oor die boosheid en geweld rondom hom. Hy is geen onbelangstellende toeskouer nie. Hy vra: “*Hoekom laat U my na al hierdie dinge kyk? Al hierdie verwoesting en geweld!*”

Die inhoud van sy uitroep: geen reg geskied nie. – Verse 4 begin: “*U wet word geïgnoreer.*” Nou, die woord ‘wet’ hier is *Tora*, en ek is oortuig dit verwys terug na die Boek van die Wet wat gevind is in die tempel deur Hilkia. Toe dit gebeur het en die herlewing begin het, moes Habakuk gedink het: Wonderlik nou sal hierdie land terugkeer na God. Maar nou, omtrent 15 jaar later lyk die morele klimaat selfs erger as voor die wetboek gevind is. So hy roep letterlik uit: Die wetboek is vermink! Die wet het geen invloed nie. Onreg is orals aan die toeneem en geweld ook. Waar is God wat belof het om die boosheid in hierdie land te straf?

Dit is Habakuk se uitroep. ‘n Herhaalde, onbeantwoorde, pynvolle uit-roep – tot die God van reg om reg te laat geskied (al roep hy uit vir God se heerlikheid, Sy magtige teenwoordigheid, om geopenbaar te word). Moenie ‘n fout maak nie, dit is nie ‘n selfsugtige gebed nie, nee, dit is ‘n gebed tot God om Sy mense te reining in ooreenstemming met Sy belofte!

Sommige interpreteerders sien vers 3 as selfsugtig en hulle argumenteer dat Habakuk nie pleit vir God se heerlikheid nie, maar vir verligting van sy eie persoonlike pyn omdat hy lyding en onreg moet aanskou. Hulle noem die gedeelte selfs: “Habakuk se beswaar.” Sê Paulus dan nie dat ons alles sonder teëspraak en argumentasie moet doen nie? (Fil. 2:14)

Was dit reg van Habakuk om in pyn uit te roep? Was hy reg om ontsteld te wees deur die boosheid rondom hom? Moes hy nie maar sê: “Wel, God is in beheer, so hierdie boosheid maak nie regtig saak nie.”

Kom ons kyk hoe Jesus en Paulus reageer het op die kwaad rondom hulle. Hulle het ook gehuil oor die inpak van sonde in die wêreld.

- As ons Lukas 19 lees waar Jesus Jerusalem nader en vooruit kyk na haar verwoesting wat 40 jaar later sou kom, wat doen Hy? Hy huil bitterlik oor die stad. God wat mens geword het, huil oor die kwaad wat kom.
- Toe Jesus ‘n weduwee sien wat huil by die dooie liggaam van haar seun, het Hy haar innig jammer gekry (Luk. 7:13).
- Toe Jesus Maria en haar vriende sien huil oor die dood van Lazarus, is Hy so diep geraak dat Hy huil. (Joh. 11:33-35).
- En Paulus? Die groot apostel sê nie vir die mense dat hulle in die lig van God se soewereiniteit ‘n stywe bolip moet hê nie. Nee, in Romeine 12:15 sê hy: *Huil saam met die wat huil.*
- En Paulus, die een wat so duidelik skryf oor God se toorn wat uitgegiet word op die wat God nie ag nie (Rom. 1), kan nie praat oor hierdie mense wat vernietiging oor hulleself bring, sonder dat hy huil nie (Fil. 3:18, Rom. 9:2)

So, ek en jy het baie te leer van Habakuk en Jesus en Paulus. Hoe maklik is dit om gewoon te raak aan die kwaad rondom ons. Ons kan rustig ons koffie sit en opslurp terwyl ons kyk hoe mense aan flarde geskiet word deur motorbomme, kinders geaborteer word en noem maar op - alles binne ons sitkamer, of op die nuus en in die Time-tydskrif.

Die kwaad rondom ons behoort trane in ons te ontketen. Dit behoort ons te beweeg om te roep: “Laat u koninkryk kom! Laat U wil geskied Here, nou soos in die hemel.” Ons behoort te reageer: O, God, waarom moet ons so baie pyn en lyding en kwaadmisbruik aanskou. Kom, Here Jesus, maak ‘n einde aan alles.

h Die uitroep word beantwoord

Habakuk het weer en weer gebid, en nou, in Sy perfekte tydskerekening antwoord God: Luister na die Here se antwoord in vers 5:

Kyk na die ander nasies: julle sal verstom staan oor wat julle sien. Ek gaan nog tydens julle lewe iets doen wat julle nie sal glo as dit vir julle vertel word nie

In ons vertalings is ‘n belangrike parallel tussen vers 3 en 5. In vers 3 in die oorspronklike vertaling, vra Habakuk: Waarom laat U my onreg sien, en kyk na geweld.

In vers 5 gebruik God hierdie selfde twee werkwoorde in dieselfde volgorde. Letterlik: “Sien onder die nasies, kyk! So, God sê in effek: “Ja, ek weet wat jy sien, maar jy fokus op jou klein koninkrykie – kyk rondom jou! Slaan jou oë bietjie op! Verwonder jou aan my krag en outoriteit! Ek doen iets wat die moeitewerd is om na te kyk - selfs ongelooflik. Kyk op!”

Habakuk se situasie is soortgelyk aan die van ‘n kaptein wie se militêre eenheid aangesê is om ten alle koste hulle posisie te behou: hulle kan nie die veldslag wen indien hierdie eenheid nie hulle posisie behou nie. Soos die vyand aanval, word die kaptein desperaat, die ammunisie raak min en die ongevalle baie. Die kaptein pleit by sy hoofde om versterkings te stuur, maar daar is geen versterkings nie, want die generaal in sy wysheid het ‘n hele korps na die agterkant van die vyand gestuur. Hierdie korps sal die vyand uiteindelik van agter aanval en vernietig. Sien, terwyl die kaptein fokus op die besonderhede van die geveg voor hom, kan hy nie die generaal se algemene strategie sien nie, maar as hy sy verkyker opneem en bietjie verder tuur, sal hy in staat wees om die leermag te sien wat die finale slag gaan slaan. Hy moet net opkyk!

Hoe dink julle het Habakuk gereageer nadat hy hierdie woorde gehoor het. Wel, ek dink hy het vol moed geword. God gaan iets heerliks doen. Miskien is die Messias aan die kom! Miskien gaan die koninkryk van Israel herstel word! Miskien gaan ons ‘n ware herlewing hê wat gaan staande bly!

Maar dan sê God iets totaal onverwags in hoofstuk 6 vers 1 tot 11.

Insteede van herlewing bring God die Chaldeërs. In stede daarvan om die Messias te bring, bring God Nebukadnesar! Inderdaad maak God duidelik dat dit Hý is wat hierdie dinge doen. “Ek gaan die Chaldeërs oprig.” God maak dit nie effens sagter as wat dit is nie. Kyk net hoe beskryf hy hierdie mense: “... **die wrede, woeste nasie wat dwarsoor die aarde rondtrek om lande te verower wat nie hulle s'n is nie.**” (vers 6)

Kyk na vers 9: “**Hulle hele leërmag kom om verwoesting te saai...**”

Waaroor het Habakuk beswaar aangeteken? Wel, onreg en

geweld! Tog sê God van die Chaldeërs- *Hulle kom nou eers om verwoesting te saai!*

Dit is nie waarvoor Habakuk gevra het nie! Hy wou reg hê in Juda, nie verwoesting nie! Dit is amper of God op sarkastiese wyse sê: Jy wil reg en geregtigheid hê? Ek sal dit vir jou gee!

- Antwoord God Habakuk se vrae? Ja
- Hoor God? Ja
- Is Hy besorg oor onreg en geweld? Ja!
- Kan Hy iets daaromtrent doen? Ja!
- Sal Hy iets daaromtrent doen? Ja!

Dit is die antwoorde wat Habakuk wou hoor, dit is die antwoorde wat ons wil hoor!

Maar: Wat gaan Hy doen? Hy gaan die Chaldeërs stuur om Juda te vernietig!

Dit is moeilik vir ons om onself voor te stel wat dit vir Habakuk moes beteken. Dit is so goed ons op hierdie oomblik in Suid-Afrika pleit vir die Here vir 'n herlewing, ons pleit dat hierdie onsinnige moorde en geweld moet eindig en dat God weer geëer moet word in hierdie land. God antwoord ons: Ja, Ek het julle gebede geantwoord, en Ek gaan iets aan hierdie situasie doen. Ek gaan Al Qaeda met 'n geweldige, vernietigende leermag stuur om die land te verwoes en oor te neem.

Hoe sou jy reageer? Here, Al Qaeda! Here, is dinge nie erg genoeg nie!

Wel, ons reaksie tot hierdie situasie is waarskynlik dieselfde as Habakuk s'n. Maar voordat ons daarna kyk, lees hierdie verse nog 'n keer. Is daar enige hoop in hierdie verse? Is daar enige indikasie dat reg en geregtigheid gaan geskied?

Kyk na vers 11. God gaan die Babiloniërs gebruik, maar Hy gaan hulle ook oordeel. God brei meer uit oor hierdie oordeel in hoofstuk 2, soos ons later sal sien.

h Die uitroep van verwarring

Habakuk, oorweldig deur God se besluit om die Babiloniërs te gebruik, fokus nie op Sy beloofde oordeel van hulle nie. Nee, hoe reageer die profeet tot dit alles? Hoe sou jy reageer het?

Hy moes onder die versoeking gewees het om te sê: “Ag, tog, ek kan nie die segsman wees vir só ‘n God nie! Ek gee op! Onthou julle Jeremia en Elia het iets byna soortgelyks gesê? (Jeremia 20, 1 Konings 19).

Maar Habakuk doen dit nie. Insteede daarvan gee hy ‘n wonderlike blou-druk vir ons om te volg wanneer ons ook gekonfronteer word met die ‘verwarrende’ aard van God. Kyk weer na vers 12-17.

Jy sou in hierdie verse opgelet het dat Habakuk (1) *die beloftes van God onthou, in herinnering roep*; (2) *die karakter van God onthou en dan* (3) *vir God vra hoe die gebruik van die Chaldeërs in ooreenstemming is met sy karakter!* Kom ons kyk hierna:

Hy onthou die beloftes van God.

In vers 12, sê Habakuk, “Ons sal nie sterf nie” Hoekom sê hy dit? Hoe weet hy dat die Babiloniërs nie die nasie volkome gaan uitwis nie? Wel, op grond van God se beloftes aan Abraham, Isak, Jakob, en Dawid! Habakuk het geweet dat God beplan om al die nasies op aarde te seën deur Abraham se nageslag (Gen. 12:3, 22:18, 26:4); hy weet dat God die troon van Dawid vir ewig gaan bevestig (2 Sam. 7:16). So Abraham se saad (nageslag) kan nie uitsterf nie. Dawid se nageslag kan nie almal sterf nie. God is

getrou aan sy beloftes, dit is wat Habakuk weet.

Hy roep God se karakter in herinnering.

Habakuk herinner homself ook aan God se karakter. Let op hoe baie karaktereienskappe van God noem hy in net die eerste paar verse. Hy sien God as:

- Ewig ‘voortyd’(vers. 12)
- Soewerein (vers. 12, aangesien hy die een is wat die oordeel d.m.v. die Chaldeërs bewerk het)
- ‘n rots (vers. 12, en dus as solied, betroubaar, ‘n bron van krag)
- Rein (vers. 13)

Kom ons kyk bietjie meer van naderby na laasgenoemde een. Habakuk sê God se oë is te “rein om kwaad te aanskou”. Dink nou terug aan vers 3. Dáár het Habakuk gesê hy is moeg om kwaad te aanskou. So in effek sê Habakuk: “Ek is moeg, so U moet nog meer moeg wees daarvoor! As ek wat self vol kwaad is, gepla word deur die onreg, hoeveel te meer U!”

Nog ‘n karaktereienskap van God word indirek ingesluit in vers 16. Naamlik God tree altyd op vir sy eie eer. Habakuk sê vir God dat die Babiloniërs Hom nie gaan eer en verheerlik nie. Nee, hulle gaan hulle nette, verwysende na hulle militêre mag, prys. Die profeet was sekerlik bekend met die woorde wat deur die profeet Jesaja, omtrent 70 jaar van tevore geskryf is:

*Ter wille van Myself en daarom alleen, doen Ek dit,
Ek laat my Naam nie oneer aandoen nie. Ek gee die
eer wat My toekom, aan niemand anders nie. (Jes.
48:11)*

So Habakuk vra:, “God, hoe word U verheerlik deur hierdie optrede?”

Hy vra God hoe sy optrede in ooreenstemming is met Sy karakter en beloftes.

Habakuk vra eintlik vir God in hierdie verse ‘n logiese vraag: “God, ek weet U is ewig. Ek weet U is soewerein. Ek weet u is rein. Ek weet U tree op vir u eie glorie. Ek weet U is die rots, ons sekuriteit, ons fonda-sie. So hoekom doen U dit? Hoe kan die inbring van die Babiloniërs om U volk te oorweldig, U doelwitte bevorder? Ek verstaan nie?”

Wat ‘n les vir ons. Roep uit! Hou vas aan God se beloftes. Herinner jousef aan God se karakter (jy kan dit net doen met die oop Bybel voor jou) en dan vra Hom vrae! Redeneer! Dink hard! En stel die probleem voor Hom.

h Wag vir ‘n antwoord!

So wat doen Habakuk volgende? (2:1)

Sê hy: “Oh, ek sal nooit verstaan nie, so vergeet dit!”

Sê hy: “Dit is die beste van alle moontlike wêrelde, so *don’t worry, Be Happy!*”

Sê hy: “Miskien sal God antwoord, miskien nie.”

Nee! Hy sê, “Ek sal wag en sien wat Hy vir my wil sê.” Hy wag!

Gee die laaste frase in die vers ‘n aanduiding dat God omgekrap gaan wees met hom? Dat God hom gaan tereg wys? Nou, die punt is debat-teerbaar, maar ek dink nie dit is die profeet se bedoeling nie. Omtrent hierdie selfde tyd wat Habakuk praat, het Jeremia sy eerste profesie uitgebring dat God Jerusalem gaan verwoes, die stad soos ‘n kleipot gaan breek. Jeremia het dit gedramatiseer in die publiek. Hy het ‘n kleipot geneem en dit verpletter. Dit is gesien as opstoking, so Jeremia word in die tronk gegooi en in blokke gesit. Soos hy dit stel in Jeremia 20:8. “*Om die woord van*

die Here aan te kondig beteken vir my net vernedering en bespotting heeldag deur.”

Ek dink in die laaste frase van hoofstuk 2:1 antisipeer Habakuk dieself-de soort behandeling. Hy is ‘n profeet (1:1) en hy moet sê wat die Here aan hom meedeel. As hy sê: God gaan Juda vernietig, sal hy sekerlik tereggewys word. So, hy vertrou God om hom te sê hoe hy sy luiste-raars moet aanspreek, wat hom gaan bestraf en vermaan omdat hy sê hulle land gaan ingeneem word deur die Babiloniërs.

Om dit eenvoudig te stel: “Ek is U profeet, Here, en ek weet nie wat om vir U volk te sê nie. Hoe gaan ek dit aan hulle verduidelik? U het vir my hierdie amp gegee, hierdie gawe. Gee my die woorde om te sê! Ek weet hulle gaan my uitdaag. Wat sê ek in reaksie daarop?”

Dit is wat hy probeer sê in hoofstuk 2:1

h Vir jou en my

So, hoe leef ons deur geloof in ‘n verwarrende wêreld? Die antwoord sal stuk vir stuk uitkom soos ons deur hierdie ongelooflike boek stap. Maar kom ek vat saam en brei uit op drie lesse vir ons uit hierdie gedeelte:

Treur en huil: Ons harte behoort gebroke te wees deur die pyn en lyding en sonde in hierdie lewe, en deur die pyn en lyding wat kom oor almal wat God verwerp. Ons harte behoort gebreek te wees oor die feit dat God nog nie verheerlik word op aarde nie, dat sy Naam deur die modder gesleep word, dat Sy koninkryk nog nie (finaal) gekom het nie.

Onthou God se karakter: Deurweek jouself met die Woord. Dink hard omtrent die implikasies van God se karakter. Bedink die

kontras tussen wat jy weet van God waar is, en wat jy in die wêreld sien. Roep uit tot God, huil voor Hom. Onthou altyd:

Ü *God is in beheer! Hy is ons rots! Hy hou sy beloftes!*
Onthou: Nadat God die wêreld met water vernietig het, bind Hy Homself deur die belofte aan Noag: God kan nie weer teruggaan daarop nie. Dit is 'n vaste punt. Net so sy belofte aan Abraham, en Dawid. Hy hou daardie belofte, al loop dinge soms op die rantjie van die afgrond. Op dieselfde wyse het Hy nuwe beloftes in Jesus gemaak, maar hierdie beloftes loop ook soms op die rant-jie – die Gees is saam met ons oppad na die finale vervulling. Maar God kan nie omdraai nie! Onthou dit! Jesus sal weer kom! Die koninkryk sal kom!

Ü *God beskik alle dinge vir die bekendmaking van Sy eie heerlijkheid!*

Ü *God werk alle dinge uit tot die beswil van sy kinders!* Hy verander ons na die beeld van die Seun. Maar onthou: Hoe lyk Sy Seun op aarde? 'n Man wat swaarkry en lyding geken het (Jes. 53:3). Sy heerlijkheid en glorie word in smart en lyding geopenbaar. Dít is waarna God ons hier verander, sodat ons ook eendag volkome verheerlik kan word, soos Jesus.

Ü *God is regverdig!* Wat nie nou aandag kry nie, sal op die laaste dag aandag kry! (vgl. 2 Tessalonisense 1:6-8)

Ü *God is onbegrypbaar.* Hy bly 'n enigma, misterie. Dink maar aan Job 38. Daar wys God vir Job onder meer deur 'n boumeta-foor, dat daar wel planmatigheid in sy raadsplan is, maar ook totale onbegryplike dinge, vir ons as mense. Hy demonstreer dit deur byvoorbeeld te verwys na die feit dat dit reën waar geen mense is nie (Job 38:26)

Kyk uit vir 'n antwoord:

Bid deur moeilike tye! Worstel met God! Ons sal in die volgende hoof-stuk sien dat God wel Habakuk antwoord, met woorde vol hoop en bemoediging. Maar dit is goed vir ons om hier te eindig met 'n verwarde profeet, wat wag op 'n antwoord. Want so dikwels los God ons in daardie posisie, wagtend, verward, sonder om Hom te begryp.

So, hoe reageer jy teenoor die Lidia's, en Malak's en Sara's van hierdie wêreld? Wat gaan deur jou kop wanneer sulke stories jou ore of oë bereik? Kan jy vir die AIDS-wesie en die onbereikte massas en die wat vermink is deur dronk drywers of mal verkragters, kan jy vir hulle sê God is goed? Kan jy vir hulle wys dat God goed is? Dat Hy omgee? Dat Hy in beheer is? Dat Hy antwoord?

Wanneer God nie sin maak nie, moet ons léwe deur geloof in die toekomstige genade van die God wat hoor.

So wag! Voed op Sy woord, en verwag dat Hy deur middel van sy Woord gaan praat.

HOOFSTUK 2

Die regverdige sal deur die geloof lewe. (Habakuk 2:2-4)

Verbeel jouself jy is in sentraal Israel, kom ons sê Woensdag, hierdie komende week. Jy is op pad werk toe, en jy wag vir ‘n bus. Die bus kom stop, jy wag terwyl verskeie passasiers afklim. ‘n Man klim af, huiwer vir ‘n oomblik voor die bus, vroetel met iets onder sy baadjie – en dan is daar ‘n ontsettende ontploffing. Jy val neer in pyn – later vind jy uit die man wat langs jou gestaan het, is dood, sowel as die self-moordbommer en ander wat van die bus geklim het.

Watter soort wêreld is dit waarin ons lewe? Is dit ‘n wêreld wat regeer word deur ‘n goeie, almagtige God? Hoe kan sulke dinge gebeur?

Habakuk is geskryf vir juis so ‘n wêreld. Die boek kom van aangesig tot aangesig te staan voor die probleem van onreg en ongeregtigheid in die wêreld, en ons reaksie daarop. Ons het nou reeds gesien dat God wil hê ons moet besorg en bekommerd wees oor sonde en die gevolge daarvan op ons wêreld. Maar kan jy onthou hoe Habakuk vir ons die regte reaksie in so ‘n wêreld vol kwaad gedemonstreer het?

Ja, Habakuk roep om reg en geregtigheid. Hy self het pyn ervaar deur middel van die impak van kwaad op die wêreld rondom hom. God antwoord sy uitroep met ‘n belofte dat Hy sal handel met die onreg en kwaad in Juda - deur die Babiloniërs te stuur om die land te vernietig!

Dit was so skokkend vir Habakuk soos dit vir ons sal wees as ons pleit vir herlewing om ‘n einde te bring aan al die geweld en onreg in Suid-Afrika, en God sê hy gaan radikale Moslems stuur om die land oor te neem.

Totaal die teenoorgestelde as wat Habakuk wou hoor.

Habakuk reageer. Ons het gesien ons behoort ook op *hierdie* manier te reageer op God se dikwels verwarrende optrede:

Hy het God se beloftes in herinnering geroep;

Hy het god se karakter in herinnering geroep.

Hy het gevra: Hoe is U optrede konsekwent met u karakter en beloftes?

Hy het gewag vir God se antwoord.

Ontroerd, maar vol vertroue dat God wel sal antwoord. Vasbeslote om te wag totdat Hy dit doen. God los ons dikwels juis op daardie punt – in afwagting...

Jy het gewag so lank as dit geneem het om weer hierdie hoofstuk te begin lees. Habakuk mag dalk heelwat langer gewag het. Dan antwoord God, in 19 verstommende verse, tot die einde van hoofstuk 2.

Wat sê God?

Hy kon gesê het dit wat hy aan Job gesê het: “Job, Ek is jou skepper, Ek is so vër bo jou. Ek is so ver bo jou begrip en verstand. Ek is soveel kragtiger as jy, jy sal My bloot nie kan verstaan nie. Maar vertrou my, Glo in My. So verander jou gedagtes oor my en glo!” En Job het.

God sê ook vir Habakuk om in Hom te glo, maar Hy sê baie meer. In vers 4 deel God woorde aan Habakuk mee wat 3 keer in die Nuwe Testament aangehaal word – die essensie van beide die

evangelie en van hoe ons as Christene behoort te lewe. Dan, in die res van die hoofstuk antwoord God Habakuk se vraag oor die Babiloniërs deur te sê dat Hy hulle gaan oordeel. Maar Hy doen meer in hierdie verse. Hy spreek 5 ‘weë’ of dan ‘ellendes’ (N.A.V.) uit oor die Babiloniërs. In elke geval wys hy duidelik dat hulle *NIE* deur geloof lewe nie.

Deur hierdie negatiewe voorbeelde wys God ons baie duidelik die ware betekenis van lewe deur geloof.

Kom ons fokus nou eers net op vers 2-4. Na die 5 oorblywende ‘ellendes’ sal ons in die opeenvolgende hoofstukke kyk. Gee veral aandag aan vers 14 en 20, wat nuttig is as ‘n mens vandag se gedeelte wil verstaan.

h Die belangrikheid van hierdie openbaring

Verse 2 en 3 dien as ‘n inleiding tot God se antwoord, en dit sê vir ons eerstens: **Luister! Hierdie openbaring is belangrik!**

Habakuk moet dit neerskryf. Soos Habakuk verwag het, gee God nie net vir hóm ‘n antwoord vir homself nie, maar vir die hele Juda (en vir ons). Die woorde wat ons vertalings vertaal met ‘graveer dit op ‘n tafel’, impliseer dat die woorde groot en duidelik moet wees. Die idee is:

óf “Skryf dit duidelik op ‘n tablet, in groot letters, sodat die boodskapper wat gestuur word om dit aan te kondig dit kan lees en aankondig terwyl hy hardloop,

Óf, “skryf dit in groot letters op ‘n tablet en sit dit reg langs die hoofpad, sodat almal wat verbygaan, selfs die wat haastig is, dit kan lees.”

Sou Habakuk vandag geleef het sou die boodskap waarskynlik gewees het: Laat dit in neonligte aan die grootste geboue flikker.

Hoe dit ook al sy: die id e is: Dit is belangrik, s o belangrik dat almal dit moet weet.

h Die openbaring wat vasstaan

Vers 3 stel dit duidelik dat hierdie openbaring, vas en seker is. Daar is twee dele hieraan verbonde. Eerstens is dit seker dat die openbaring *sal plaasvind*.

Die openbaring geld vir 'n bepaalde tyd; dit sal gou kom, want dit kom beslis... want dit kom beslis, dit sal nie uitbly nie. (vers 3)

Ons weet steeds nie *wat* die openbaring is nie, maar ons weet dit gaan gebeur. Ons kon dit ook vertaal het met: ‘Dit sal nie misluk nie, dit sal nie lieg nie’, of ‘dit sal nie vals bewys word nie.’ Daar is geen twyfel nie - die openbaring gaan plaasvind!

Maar nie net gaan dit gebeur nie, dit gaan “*presies op die regte tyd ge-beur*.”

Wat God in hierdie verse s e, is dit: As dit mag vertoef, nie gou kom nie, *vanuit julle perspektief* nie gou kom nie, moenie ongeduldig raak nie. Alhoewel dit vir *jou* mag lyk of dit versuim, wag, dit sal op presies die regte tyd kom.

Dit is moeilik vir ons, is dit nie? Ons s e ons glo God, maar ons raak geweldig gefrustreerd met sy tydsberekening, en begin daarom sy belof-tes te betwyfel.

- “God, hier is ek terminaal siek, en U het my nie gesond gemaak nie”.

- “God, ek het al gebid en gebid vir die verlossing van my vrou/man - en niks het gebeur nie”.
- “God, ons bid so baie vir herlewing, en ons sien niks nie!”

God se beloftes is seker! En hulle sal op presies die regte tyd vervul word. Hulle sal nie 1 minuut langer vertraag word as wat nodig is om God die grootste glorie en sy mense die hoogste goed te bring nie.

Dit is die *algemene* boodskap van hierdie vers, maar wat is die *spesi-fieke* boodskap? Ons het steeds nie die vraag geantwoord nie: Van wat-ter visioen of openbaring praat God hier? Wat is so belangrik en gaan so seker gebeur?

h Die inhoud van die openbaring

Duidelik is die openbaring tot ‘n groot mate die antwoord tot Habakuk se vraag: “Hoe kan ‘n perfek, heilige God die bese handeling van bese mense gebruik om Sy doelwitte te bereik. Doen dit nie Sy karakter ge-weld aan nie?”

Wat is die antwoord tot hierdie vraag uit die eerste twee hoofstukke van Habakuk?

Daar is ‘n paar leidrade in hoofstuk **1**, vers 5 en 11. God begin Sy ant-woord aan Habakuk met hierdie woorde:

Die Here het geantwoord: Kyk na die ander nasies: julle sal verstorm staan oor wat julle sien. Ek gaan nog tydens julle lewe iets doen wat julle nie sal glo as dit vir julle vertel word nie. (vers 5)

Dan gaan Hy voort om te sê die Babiloniërs sal Israel verower, maar Hy kom tot ‘n interessante konklusie. Ongelukkig raak ‘n

baie belangrike woord weg in jou 1983 vertaling. Ons vind dit wel nog in die 1953 vertaling:

Dan gly hy verby, 'n wind, en trek verder—maar word skuldig. hy wie se krag sy god is (vers 11 O.A.V.)

Wat die verbystering en verwondering gaan meebring is nie slegs God se oordeel oor die Babiloniërs nie, maar ook die feit dat Hy hulle gaan *skuldig* hou...

God brei uit op vers 11 in 2:5-20, waar Hy in besonderhede die verkeerde houdings en optrede waarvoor Hy die Babiloniërs en almal wat Hom verwerp, gaan straf, uitlig. Maar hierdie verse doen iets meer as om te wys dat God sy reg en geregtigheid gaan vertoon. Kyk weer na vers 14 en 20 .

God stel hier Sy uiteindelijke doel: Om sy heerlikheid aan die wêreld te openbaar.

Kom ons kry dit baie duidelik. Die openbaring wat so belangrik is, is nie slegs “Ek gaan die Babiloniërs vernietig nie”, ook nie slegs: “Ek gaan al die kwaaddoeners straf nie.”

Nee, die openbaring is: Ek werk alle dinge met perfekte tydsberekening sodat My naam verhoog kan word oor die hele aarde. Elke skepsel sal voor my buig in stilte.

So sien julle hoekom Hy sê: “Staan verstom!”

Wanneer God sê Hy werk alle dinge ten goede, dan bedoel Hy *alle dinge*. So, God sê: **Ja, Habakuk, my gebruik van die Babiloniërs is konsekwent met My karakter en my beloftes – omrede hierdie handeling, op maniere wat jy nie kan begryp nie, nodig is om die aarde te vul met my heerlikheid. En dit is waar my karakter in sy volste ontplooiing gesien sal word.**

h Die reaksie tot die openbaring: Die regverdige sal deur die geloof lewe.

Die verkeerde reaksie: Lewe deur aanskoue/sien

Daar is twee moontlike reaksies tot hierdie openbaring van God, en God gee dit beide deur in vers 4.

Die eerste reaksie is die van die trotse een wat sê: “Wag op God!? No way! Ek gaan my eie lewe behartig, my eie welvaart verseker, my eie sekuriteit opbou, iets belangriks bereik. Ek gaan iets maak van myself, sodat ek geëer sal word. Ek sal ‘n meer redelike God aanbid.”

Hierdie persoon wandel deur aanskoue, nie deur geloof nie. Hy doen wat redelik lyk, wat blyk sin te maak. In hierdie gedeelte verwys die een “wie se siel opgeblase is in hom” (die trotse een) of dan volgens die 1983 vertaling “die een wat nie reggesind is nie”, eerstens na die Babiloniërs, maar God gebruik hulle as voorbeeld van almal wat nie wandel deur geloof nie. Dink bietjie hoe toepaslik is hierdie prentjie wat hier geskets word. Die Babiloniërs was ‘n volk:

- Op die rand van wêreldverowering.
- Met groot vertrouwe in hulle militêre mag.
- Met groot vertrouwe in hul gode.
- Reg om almal te forseer om hulle en hul gode te vereer.
- Hulle was seker hulle bou ‘n ryk wat tot in ewigheid sou bly.

Tog was die Babiloniese ryk, so magtig soos dit was, aan die einde een van die mees kortstondige wêreldmagte van alle tye. Babilon sou deur die Medes en die Perse binne 70 jaar ingeneem word.

Selfs op die piek van die Ryk se mag, het God die keiser platgeslaan. Soos opgeteken in Daniël 4:30 het koning Nebukadnesar sy eie groot-heid een nag bedink en gesê:

Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?

En wat doen God? Hy sorg dat Nebukadnesar 'n psigiese geval word wat gras soos 'n dier eet vir 7 jaar totdat hy sou “erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil.”

God het voortgegaan om Sy mag oor Babilon tot die einde te bewys. Soos Daniël ons in hoofstuk 5 meedeel, het die finale keiser, Belsasar, 'n fees vir duisende gehou, waar hy homself verhoog het en die Babiloniese gode geprys het. God stuur 'n hand om op die muur te skryf dat hy wat Belsasar is geweeg is in Sy skale en te lig bevind is - die ryk sal van hom weggeneem word. Toe Daniël geroep word om die geskrif te interpreteer, herinner Daniël die koning aan dit wat met Nebukadnesar gebeur het, en dan praat hy direk met Belsasar:

Maar u, Belsasar, sy seun, het u hart nie verneder nie, alhoewel u dit alles weet; maar u het u verhef teen die Here van die hemel... (Dan. 5: 22-23)

Daardie selfde nag het Babilon geval.

Maar die val van Babilon beteken nie die einde van verwysings na Babilon in die Skrif nie. Die belangrikste vind ons in die boek Openbaring. Daar word Babilon as 'n verleidende prostituut geteken – 'n prentjie van die hele wêreldstelsel wat teen God staan, en mense weglok van God, geloof in God - spesifiek dan in

vers 17 en 18. Haar vernietiging word hier voorspel. Babilon word dan as 'n weelderige stad wat vernietig word, geteken.

So, die onregverdige, die een wat verkeerd doen, is die een wat nie wandel deur geloof in God nie, maar deur aanskoue. Dit is die een wat homself verhoog bo God en die dinge van die wêreld bymekaarmaak in 'n poging om eer vir hulleself te kry.

In Habakuk 2:4 verwys die trotse een spesifiek na Babilon, maar meer algemeen verwys dit na almal wat lewe deur aanskoue en nie deur ge-loof nie.

Die punt van Openbaring is dat die geskiedenis van Babel homself aan die einde van die wêreldgeskiedenis sal herhaal!

Kan jy sien hoe relevant is Habakuk vir ons? Dieselfde dinge is op die spel. Babilon is steeds daar, Babilon is steeds die speler op die verhoog.

Die regte reaksie: Lewe deur geloof

God praat so baie van Babilon in hoofstuk 2, juis om duidelik te maak wat Hy bedoel met lewe deur geloof. Hy gebruik dus die negatiewe om die positiewe duideliker in fokus te bring. Soos reeds gesê sal ons op elkeen van hierdie negatiewe voorbeelde fokus in die volgende hoof-stukke, om so meer te leer oor wat dit beteken om deur die geloof te lewe.

Maar vir nou: Kom ons fokus op die beroemde vers en let op dat hierdie vers wat 3 keer in die Nuwe Testament aangehaal word: (Romeine 1:17, Galasiërs 3:11, Hebreërs 10:38) – die antwoord op twee verskillende vrae is.

Die eerste vraag is: “Goed, die Babiloniërs is onregverdig in God se oë en staar daarom oordeel in die gesig. Hoe kan ék regverdig word voor God en lewe?”

Die antwoord? Die *regverdige deur geloof*, sal lewe. Ons word regverdig deur te glo. Ons word regverdig deur al God se beloftes te glo – sy getrouheid, sy goedheid, sy soewereiniteit en spesifiek sy groot belofte. Wat is dit? Jesus Christus wat gesterf en opgestaan het in my plek en kant en klaar ‘n volmaakte geregtigheid (‘n reg wees voor God, of regte verhouding met God) verkry het in my plek. Geloof is om dít te glo, te aanvaar as waar. ‘n Belofte kan net geglo word. Jy kan niks bydra nie. Die oomblik as jy bydra is dit nie meer ‘n belofte nie. Anders gestel die oomblik as jy iets kan sien, is dit nie meer geloof nie.

So ek verkry lewe met ‘n hoofletter, lewe wat ‘n verhouding met God behels, deur geloof.

Die tweede vraag: “Ek is nou regverdig voor God, uit genade, deur ge-loof, maar hoe moet ek *nou elke dag*, lewe?”

Die antwoord? Die regverdige *sal lewe deur die geloof*. Die regverdige sal ‘n lewe van geloof lewe. Ons lewe die lewe van geloof deur al God se beloftes te glo, en deur te doen wat ons verlede week gesien het, Habakuk doen. Wanneer ons gekonfronteer word met ‘n deurmekaar, verwarrende wêreld, moet ons onself herinner aan God se beloftes, herinner aan God se karakter, en wag. Ons lewe deur geloof.

Sien julle hoe hierdie twee vrae verskil, maar dieselfde antwoord het? Die eerste is natuurlik die vraag na regverdigmaking. Hoe kan ek in die regte verhouding voor God kom? Die tweede is die vraag na heiligma-king: Hoe kan ek ‘n lewe leef wat God se roeping waardig is? Die antwoord op beide is dit: Glo in God! Glo sy beloftes.

h Watter persoon gaan jy wees?

Onthou Habakuk se sentrale vraag: “God, U optrede in die gebruik van die Babiloniërs, hoe is dit konsekwent met U heiligheid, reinheid en soewereiniteit?”

Wat is die antwoord? “Hulle sal maai wat hulle gesaai het en hulle sal die teenoorgestelde kry van dit wat hulle so graag wou gehad het – i.p.v. van heerlikheid, eer, sekuriteit, rykdom, ens. – sal hulle alles verloor en verneder word. Maar My planne is baie groter met die Babiloniërs! Ek werk alle dinge vir My eie eer. Die aarde sal vol word van die kennis van die Here soos die water die see bedek.”

Wil jy deel wees hiervan? God sê: “Jy sal kry wat hulle wil hê, jy sal ‘n erfgenaam word van alles, en jy sal verhoog word - *as jy deur geloof lewe*. En dit is wat dit beteken om deur geloof te lewe:

- Om my beloftes, My woord bo alles te ag.
- Om te glo dat Ek sekerlik my beloftes sal vervul op PRESIES die regte tyd.
- Om My karakter te vertrou al dui alles in die teenoorgestelde rigting.

“So, Habakuk, die vraag is baie groter as net: *hoe kan ek die Babiloniërs gebruik om Juda te straf*.” Ek gebruik ook die Babiloniërs om vir jou en alle gelowiges in alle tye te wys wat dit beteken om deur geloof te lewe en wat die teenoorgestelde van lewe deur geloof is. Want as jy nie deur hierdie soort geloof lewe nie, sal jy ook sterf, maar die regverdigte in my oë, sal lewe deur geloof.”

So, daar is net twee soorte mense: Die wat deur geloof lewe en dié wat deur sig lewe. Geloof beteken om vas te hou aan wat God

sê, bloot omdat Hy dit gesê het. Op die einde van die dag sal God die begeertes van die wat in Hom glo, vervul. Buite Hom, sal die wat deur sig lewe uiteindelik net frustrasie belewe. In hierdie deurmekaar wêreld sal lewe deur aanskoue tot totale wanhoop lei.

Hoe kan ons lewe in hierdie deurmekaar, onsinnige, onregverdige wêreld vol pyn, lyding en hartseer? Daar is net twee opsies.

Vir ons wat sê ons behoort aan Jesus is die tweede opsie die enigste, nie waar nie? Lewe deur geloof. Want deur die geloof sien ons Golgota, waar dit ook gelyk het asof die kwaad en hartseer en pyn die bo-toon voer. Waar dit ook gelyk het asof God onttrek het, waar dit ook na gek-kerny gelyk het om in 'n goeie almagtige God te glo, want Sy seun word oopgespalk voor mense, gespot, gespoeg, geslaan en sterf!

Die een wat deur die geloof lewe, weet die kruis en wat daar gebeur het, is die sleutel tot die hele Christelike lewe. Waar dit juis lyk of God nie is nie, daar is Hy. Wat ons daaglikse Christelike ervaring betref, ons moet daarvoor dink in die lig van Goeie Vrydag. Wat dikwels lyk soos Goddelike afwesigheid, is in werklikheid verborge Goddelike teen-woordigheid! Jy wat op die oomblik deur finansiële krisis gaan en wonder waar is God, onthou dit. Jy wat sit met 'n fisiese pyn of gebrek of siekte, onthou dit. Jy wat sit met geweldige emosionele probleem, onthou dit!

Geloof is as't ware die vermoë om God se teenwoordigheid en aktiwiteit in die wêreld en ons eie ervaring, te sien. Geloof sien *agter* die eksterne voorkoms en misleidende indrukke van ervaring. Dit is 'n openheid, 'n gewilligheid, om God te vind waar Hy belof het om te wees, selfs al suggereer ervaring (beleving) dat Hy nie daar is nie. Ons moet leer om God God te laat wees en

om in Hom en Sy beloftes te vertrou eerder as ons eie beperkte en onvoldoende persepsie van die situasie.

Om in Christus te glo, sê Martin Luther

... is die moeilikste van alle dinge, in die sin dat dit 'n beweging is vanaf die wêreld van die sintuie – intern en ekstern, tot binne-in die onsigbare, allerhoogste en onbegryplike God.

Geloof is om te breek met die wêreld van menslike beleving. Luther meen dat net soos Christus opgelig is aan die kruis en geen vastrapplek in die wêreld gehad het nie, so hang geloof as't ware halfpad in die lig met geen vastrapplek in ervaring (beleving) nie.

geloof verenig die siel met die onsigbare, onuitspreekbare, ewige en ondenkbare woord van God, terwyl dit (geloof) terselfdertyd die siel afskei van alle dinge sigbaar en tasbaar.

Sekerlik Luther se bekendste definisie van geloof is dit:

dit is die vrye oorgawe en vreugdevolle weddenskap op die onsienlike, ongetoetste en onbekende goedheid van God.

Daar is net twee soorte persone. Die wat deur aanskoue leef en die wat deur geloof leef.

Watter soort persoon gaan jy wees?

HOOFSTUK 3

Ware satisfaksie deur geloof alleen (Habakuk 2:5-8)

Verbeel jou die volgende: Jy is ‘n welbekende musikant. Jou groep het 50 miljoen plate verkoop en jy het so pas ‘n 80 miljoen rand kontrak geteken. Iemand voer met jou ‘n onderhoud en vra: “Is jy gelukkig?”

Wat is jou reaksie?

Dit het werklik al gebeur. Wat was die musikant se reaksie. Wel, die persoon wat met hom ‘n onderhoud gevoer het, skryf:

... he “finished chewing his animal cracker and gave me a perplexed look. Happy? That just didn’t compute. “I don’t know if happiness is something that’s even relevant, you know. Some days I’m happy, some days I’m not.” Toe hy gevra is of hy tevrede is, het hy geantwoord: “I’m completely unsatisfied.”

Sou miljoene dollars jou gelukkig maak? Sou gewildheid en sukses jou satisfaksie gee?

Ek dink ons almal het al in ‘n mindere of meerdere mate so gedink: Ag, as ek net ryk was. As ek net nog R50 000, R100 000, R500 000 gehad het. Dan kan ek daardie droomvakansie neem, dan kan ek die verande-ringe aan my huis aanbring, en daardie gemaklike 4x4 stasiewa. Of die wat meer edel is: Dan kan ek soveel meer vir die werk van die Here gee!

Geld bring nou net eenvoudig geen geluk of satisfaksie nie. Indien dit sou – sou ons almal reeds dit gehad het. Want gemeet aan die gemid-delde lewenstandaard in die wêreld, is almal van

ons wat hier kan lees, skatryk. Enige persoon wat 'n motor, binnenshuise watervoorsiening met koue en warm water, 'n huis of woonstel het waar ouers en kinders in verskillende kamers slaap en genoeg geld het om die kos te koop wat hulle nodig het, ryk. Miskien dink ons nie altyd so daaraan nie, maar ons leef bietjie in 'n 'bubble' hier in Suid-Afrika en dan kyk ons nog heeltyd Amerikaanse TV ook.

Ag, en as ons nou teruggaan in die geskiedenis en onself vergelyk met die wat in vorige eeue geleef het, dan is ons inderdaad ryk. As ek 'n raaiskoot moet vat sou ek sê dat elkeen van ons materieel meer het as 90% van die mense in die geskiedenis. Tog as ek 'n verdere raaiskoot moet vat, sou ek sê heelwat van ons is nie regtig tevrede nie. Ons wens ons het selfs nog meer gehad.

Geld bevredig nie. As ons die inkomste kry wat ons gedink het ons gelukkig sou maak, dan wil ons meer hê. Ray Stedman, Amerikaanse prediker, wat reeds oorlede is, gebruik 'n toepaslike uitdrukking om hierdie situasie te beskryf: 'Destination sickness.' *Destination sickness* is daardie siekte wat jou tref wanneer jy al jou drome bereik, in al die doelwitte geslaag wat jy gedink het vervulling gaan gee – om dan te vind jy is nie gelukkig nie. Ons werk en werk en werk om 'n loopbaan of huis of 'n familie te bou - om dan te vind dat wat ons gedink het ons gelukkig gaan maak, dit toe nie gedoen het nie.

Dit behoort ons nie te verras nie, aangesien God dit vir ons reeds sê in boeke van die Bybel wat 3,000 jaar gelede geskryf is. Prediker 5:9 sê: “Hy wat geld liefhet, kry nie genoeg van geld nie, en wie rykdom liefhet, nie van inkomste nie, ook dit is dan tevergeefs.” (OAV).

In vandag se boodskap van Habakuk vind ons dieselfde idee.

Net voor ons daarna kyk, kom ons onthou net wat ons reeds gesien het in hierdie boek. Onthou julle Habakuk wou gehad het God moet iets doen aan die geweld en onreg in die Judese gemeenskap. God antwoord dan dat Hy iets gaan doen – Hy gaan die Babiloniërs bring om Juda te vernietig. Hierdie plan het Habakuk geskok. God weet tog dat die Babiloniërs self meer boos is as die leiers van Juda – so, hoe kan ‘n goeie en heilige God bouse mense gebruik om Sy doelwitte te bereik? Habakuk herinner homself dan aan God se beloftes, God se karakter en dan wag hy vol verwagting, wetende dat God hom sal antwoord. Ons het gesien dat die feit dat God hulle skuldig hou, beteken dit is nie GóD wat vol kwaad en onreg is nie, nee, dit is die Chaldeërs. So is dit nou ook, maar God deurkruis hierdie bouse optrede en draai dit om tot Sy verheerliking. So doen Hy dit nou nog. Ons het gesien die kruis beves-tig dat dit is hoe God werk. Die mense kruisig Jesus, God wat mens geword het midde-in boosheid. God draai dit om en verander dit in die grootste triomf vir sy heerlikheid.

Ons het ook gekyk na vers 2-4, wat 3 keer in die Nuwe Testament aan-gehaal word.

Ons gaan nou kyk na 5 lesse en omtrent hoe om *nie* deur die geloof te lewe nie. Jy sal nou weet dat hierdie hoofstuk 5 ‘weë’ of ‘ellendes’ bevat wat uitgespreek word teen die opgeblase, trotse een, die Babilo-niër, (wat óns ook kan wees in die lig van Openbaring), wat nie deur geloof lewe nie.

Daar is ‘n algemene struktuur aan hierdie uitsprake van ellende. In elke geval het die trotse een ‘n doelwit wat hy probeer bereik. Hierdie doelwit op sigself is goed, hy probeer ‘n Godgegewe begeerte vervul. Deurdat hy hierdie doelwit najaag in stede van om God na te jaag – ver-wring hierdie trotse een die doelwit. Verder meer, die trotse een gebruik op die ou end die kwaad om die doelwit te bereik, maar hy bereik nie die doelwit nie, en God

frustreer die trotse een op die ou end, sodat hy selfs dit wat hy het, verloor.

Meer nog, God voorsien 'n gepaste straf vir hom.

Belangrik vir ons: *in* dit alles voorsien God ons van 'n waardevolle les omtrent *hoe om deur die geloof te lewe*. Let wel, nie hoe om regverdig te word nie, nee, hoe ek as geregverdigde voor God moet lewe. Sien die lewe wat die Christen leef is deur die geloof. Hier sien ons hoe dit prak-ties uitkristalliseer, en ons sien dit as ons kyk na die negatiewe, na die teenoorgestelde manier van lewe.

Vergelyk die trotse man met die man wat deur die geloof lewe:

- Wat is die doelwit van die trotse man?
- Watter metodes gebruik hy om dit te bereik?
- Watter toepaslike straf ontvang hy?
- Wat is die lesse vir die lewe deur geloof?

h Die trotse man se doelwit: Satisfaksie deur materiële dinge

Wat is die trotse een se doelwitte? Vers 5 sê hy maak sy keel wyd oop soos die doderyk (graf) en hy is soos die dood, in dié sin dat hy nooit versadig word nie. Hy vergader ook vir homself al die nasies - duidelik, in die lig van vers 8, om hulle goedere te buit. Vers 6 sê eksplisiet dat hy homself wil ryk maak.

Spreek 27:20 gebruik hierdie selfde terme:

Die doderyk en die onderaardse diepte kry nie genoeg aan dooies nie; 'n mens se oë kry nie genoeg van begeer nie.

Die trotse een is dieselfde. Dit is nie asof hy sê: Goed, ek sal 'n fortuin van sê nou maar 2 miljoen bymekaarmaak en dit sal genoeg wees nie. Nee, hy mag so dink, maar as hy twee bereik het, sê hy: nog net 'n bietjie meer. Dan slaan hy die 4 miljoen kerf en hy dink: Ek kan regtig doen met 'n groter huis, en dink net as ek al 6 my kinders na die beste privaatskool wil stuur dan gaan ek omtrent 'n 1/5 van my netto waarde bestee... Dit maak nie saak hoeveel hy kry nie, hy wil altyd net meer hê.

Let op: Daar is niks inherent verkeerd om materiële dinge te wil hê nie. Ons liggame het kos en klere nodig. Ons het rus nodig. God het ons so gemaak. So, die begeerte om ons honger te stil en onself te beskerm van die koue en om 'n plek van rus te hê, is nie sleg nie, maar die trotse een hier gaan baie baie verder as die satisfaksie van sy behoeftes. Nee, hy vermenigvuldig sy welvaart weer en weer.

h Die trotse een se metodes: Om ander te plunder

Hoe het die trotse een hierdie rykdomme verkry? Nie, in hierdie geval, deur dit self te produseer nie, maar deur die goed van ander te plunder. Vers 6 sê hy het gevat wat nie syne is nie en vers 8 sê hy het baie nasies geplunder.

Die laaste frase in vers 6 (NAV) “al meer goed inpalm wat verpand is”, “And makes himself rich with loans” – mag aanvanklik verwarrend voorkom. Hoe kan hy mense plunder en terselfdertyd van hulle leen? Maar hy leen nie regtig nie. Nee, die wat hom hoon sê: Jy dink jy het ons geplunder en dit alles van ons weggenem? – ons kom terug om dit weer te vind. Jy dink jy het dit gesteel, maar jy het dit net geleen vir 'n tyd. Nou is ons jou krediteure en betaling moet binnekort geskied!

So, let op wat die trotse een gedoen het: Hy het 'n Godgegewe begeerte gevat, en dit gepamperlang en veroorsaak dat dit gegroei het, ver buite dit wat God daarvoor bedoel het. Dan omrede hy nie hierdie te groot begeerte op 'n eerlike manier kan bevredig nie, steel hy van ander, hy plunder hulle goedere.

h Die trotse een se straf: Hy sal geplunder word

Watter toepaslike straf word aan die trotse een gegee? Die eerste aan-duiding kom in vers 6. Die punt is: “Jy dink jy het dit gesteel, jy het dit net geleen!”

Dan maak vers 7 en 8 die straf eksplisiet: die plunderaar word die geplunderde, die een wat uitbuit sal uitgebuit word. Nou dit is natuurlik presies wat met Babilonië gebeur het. 70 jaar nadat hulle Jerusalem die eerste keer aangeval het, word hulleself deur die Mede en Perse geplunderder.

So reg en geregtigheid het geskied. Dit is gedeeltelik die antwoord op Habakuk se vraag: “Hoe kan God die bese deure bese mense gebruik om sy regverdige en heilige doelwitte te bereik.” Die gedeeltelike antwoord: God sal 'n toepaslike straf vir hierdie mense se deure uitdeel. Dit mag lyk asof hulle vir 'n oomblik op die kruin is, maar wat ookal hulle besit, dit is net vir 'n tyd geleen: hulle sal dit weer verloor.

Is dit altyd die geval? Eindig die wat plunder altyd as die wat geplunder word? Verloor hulle altyd hulle rykdom? Wat dink jy?

'n Man het eenmaal na Ray Stedman gekom en gesê: “*Ray, my goal is to be just like my uncle. He died a millionaire!*” Ray het geantwoord: “*No, he didn't. He was a millionaire a second before he died – but the moment he died, he had no more than the child who died of starvation in Sudan.*”

Soms oordeel God die wat ander plunder in hierdie lewe, soms verloor hulle nie wat hulle gesteel het nie - totdat hulle sterf. Maar vir elke sonde word betaal. Reg geskied altyd.

Romeine 12:19 sê:

Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld," sê die Here

So, ons het gesien dat die trotse een ten doel het om materiële dinge in te samel om sodoende te probeer om hul begeertes te bevredig, maar dit lei net tot frustrasie. Hy versadig nooit sy onversadigde begeertes nie, ten spyte van die uitbuiting en plundering van ander. Op die ou end verloor hy alles.

h Lesse vir die lewe deur geloof: Vind satisfaksie in God alleen

Ons het gesê dat elkeen van hierdie 5 'ellendes' is 'n negatiewe voorbeeld vir ons. Wat is die teenoorgestelde van om te lewe soos die trotse een? Hoe moet ons deur geloof lewe?

Om deur geloof te lewe beteken om God te vertrou vir jou fisiese en finansiële behoeftes.

Die trotse een probeer om goedere te versamel om sy begeertes te bevredig. In kontras daarmee, beteken lewe deur die geloof dat ons verge-noeg kan wees, tevrede kan wees met wat ookal ons het. Lewe deur geloof beteken dat ons geluk nie afhanklik is van die hoeveelheid materiële dinge wat ons het nie.

Die sleutel hier is om te onderskei tussen ons behoeftes en ons begeertes. Ons begeertes sal nooit tevrede gestel word nie, ons

behoefte is maar weinig! Soos Paulus vir Timoteus skryf: “As ons kos en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees.” (1 Tim. 6:8).

Paulus bedoel natuurlik nie dat ons kan sê: “*Goed, Here, ek sal verge-noeg wees as ek elke aand kan uiteet en boutique-klere kan dra nie.*”

Ons sou kos en klere met bedekking en onderhoud kon vertaal. Genoeg kos om ons aan die gang te hou en genoeg klere om die koue uit te hou. Paulus sê die eenvoudigste van ons werklike fisiese behoeftes behoort vir ons genoeg te wees.

Jesus sê natuurlik dieselfde in die bergrede (Matt. 6:31-33).

Verder moet ons onthou dat die gedagte van vergenoegdheid verder as kos en klere gaan. Ons moet ook vergenoegd wees met die plek wat God vir ons in die lewe gegee het, met ons families, ons werk...

Dit is wat dit beteken om deur geloof te lewe. Die een wat deur die geloof lewe skei sy begeertes van sy behoeftes en vertrou God om in Sy ware behoeftes te voorsien - ja, al lyk dit ook asof ek ondergaan, asof God nie in my materiële en finansiële behoeftes belangstel nie. Onthou, geloof is die vaste vertroue op die dinge wat ek nie sien nie!

Maar daar is meer.

Lewe deur geloof beteken om satisfaksie in God alleen te vind.

Terwyl ons *vergenoegd* moet wees met wat ons het, moet ons *satisfak-sie* nie van ons besittings afhanklik wees nie. Nee, ons satisfaksie moet van God self kom. Soos John Piper skryf: “*The deepest and most endu-ring happiness is to be found in God. Not*

from God, but in God.” Ons moet ons bo alles verheug in die gewer, nie in sy gawes nie (vgl. Psalm 65:5; Psalm 17:13).

Psalm 17 is interessant in hierdie verband. Die kontras in Psalm 17 is tussen ‘n man wat tevrede is met God, en ander wat satisfaksie vind in die goeie dinge van die lewe, dinge wat God gegee het: Kinders en besittings. Hierdie is alles gawes van God, maar die goddelose verheug homself in die GAWE en nie in die GEWER nie. Ons moet ons satis-faksie in God alléén vind.

So, lewe deur geloof beteken om God te vertrou met ons fisiese en materiële behoeftes. Lewe deur die geloof beteken om met God alleen tevrede te wees en nie met dinge in die wêreld nie. Maar ek is bewus dat tevrede vir ons kan klink soos ‘net genoeg om ons aan die gang te hou.’ God bied ons meer en daarom die laaste punt...

Lewe deur geloof beteken om groot vreugde in God te vind, om al ons plesier in Hom te vind, in Hom te verbly.

Het jy al ooit aan die Bybelse bevel, om gelukkig te wees, gedink? Die Bybel sê nie dat God ons voorsien met alles wat ons nodig het, en daar-om moet ons ons verheug in die gawes nie. Nee, dit bevel: “Vind julle blydschap in die HERE. Verlustig jou in die HERE (vgl. Psalm 37:4 OAV).

Baie Christene het die idêe, die wanopvatting, dat Christene nie hulle eie geluk moet begeer nie, dat ons moet opoffer, opoffer , opoffer – ons moet aan God behoort, maar miserabel! Die bevel is egter duidelik: “verlustig jouself in die Here!” C.S. Lewis stel dit pragtig:

If there lurks in most modern minds the notion that to desire our own good and earnestly to hope for the enjoyment of it is a bad thing, I submit that this notion has crept in from [secular philosophy] and is no part of the Christian faith. Indeed, if we

consider the unblushing promises of reward and the staggering nature of the rewards promised in the Gospels, it would seem that Our Lord finds our desires not too strong, but too weak. We are half-hearted creatures, fooling about with drink and sex and ambition when infinite joy is offered us, like an ignorant child who wants to go on making mud pies in a slum because he cannot imagine what is meant by the offer of a holiday at the sea. We are far too easily pleased.

Onbeperkte vreugde! Brei in jou eie denke bietjie uit op hierdie beeld... Jy is ‘n kind wat in die modder in ‘n lokasie speel.’n Skatryk man bied vir jou en jou familie aan om vir ‘n onbeperkte tyd in sy lodge aan die Kaapse kus te kom bly. Jou reaksie? “*O nee, hierdie modder is te lek-ker, ek hou van die manier waarop dit deur my tone suig. Ek verkies om hier te bly...*”

Die Bybel leer baie duidelik dat die vreugde om God te ken groter is as enige vreugde wat die wêreld kan bied – selfs al dink ons aanvanklik anders daarvoor. Nie net is die vreugde in God groter as die valse vreugdes wat die wêreld bied nie – dit is ook groter as die ware vreugdes wat God ons gee in die goeie gewes van familie en werk en vriendskap (vgl. Fil. 3:7,8).

Sien jy wat hy sê? Niks vergelyk met die vreugde wat daar is in die ken van God nie en ons het gesien God beveel ons om te verheug in Hom. Hy beveel ons om gelukkig en bly te wees in Hom!

Verbly jouself in die Here – lewe deur geloof!

So, as die ‘ken van God’ en die ‘verbly in die Here’, die grootste bron van vreugde, geluk en satisfaksie is - hoe kan ons dit doen?

- Ons doen dit nie deur na ‘n prentjie van Jesus te staar nie
- Ons doen dit nie deur ‘n mantra oor en oor te herhaal nie .
- Ons doen dit nie deur ons denke leeg te maak en te hoop God vul dit nie.

Wat is God se instruksies vir geluk?

Gaan lees weer Psalm 1. Onthou om dit as Nuwe Testamentiese gelo-wige te lees. Vir ons is die woord waarin ons ons verlustig ten diepste Jesus Christus, God se finale Woord self (Heb. 1:1-3)

So hoe verbly ons onself in God self? Wel, deur toe te laat dat Hy Homself aan ons bekend maak deur sy Woord, deur met Hom te kom-munikeer in gebed, deur sy beloftes te leer.

Dit is een belangrike manier om deur geloof te lewe. Kom ons sê dit weer vir mekaar: dit beteken om:

- Nie te jaag na al die geld wat ons moontlik kan kry nie, verge-noeg te wees in alle omstandighede.
- Doelbewus nie satisfaksie in die wêreld te soek nie, maar in God.
- Ons nie te verheug in die gawes wat ons ontvang nie, maar ons te verbly in God.

So, waar staan jy? Waarna soek jy? Gehoorsaam jy die bevel om jou te verbly in God? Of probeer jy die beste modderkoek van alle tye bak? As jy op hierdie oomblik moedeloos met jouself is, oor die feit dat jy modderkoeke bak i.p.v. om te leef vir die grootse geluk, naamlik om jou satisfaksie in God te vind, onthou: Jy word nie regverdig verklaar deur die manier waarop jy jou satisfaksie kry nie, jy wórd regverdig. Jy kan in hierdie oomblik regverdig staan voor God, deur *nou* Sy beloftes te vat. Hy het vir jou skuld, ja, ook vir jou sonde van materialisme en alles wat daarmee saamgaan, klaar die straf gedra. Jy kan deur geloof in Hom sy aanvaarbare lewe voor God ontvang. Glo jy dit? Vlug nou na Hom en weet Hy verbly Homself oor jou! Laat dit jou aanspoor om die lewe van geloof te lewe!

HOOFSTUK 4

Ware sekuriteit deur geloof alleen (Habakuk 2:9-11)

Onthou jy nog die kontemporêre musikant wie se groep 50 miljoen pla-te verkoop het en wat ‘n kontrak van 80 miljoen rand geteken het?

Jy is reg, hy was nie gelukkig nie, hy was nie vergenoeg nie. Terwyl dit op die oppervlak gesien, moeilik is vir ons om te verstaan - ek meen hoe kan iemand 80 miljoen rand hê en nie gelukkig wees nie? Het ons gesien dat dit presies is wat die Bybel leer: Geld en ander dinge in die wêreld bring nie geluk nie, bring nie ware satisfaksie nie. God is die uit-eindelige bron van satisfaksie en geluk, so ons geloof in hierdie alles voorsienende God lei tot satisfaksie.

Kom ons verbeel ons dat die datum vandag twee jaar gelede is. En jy werk vir hierdie selfde musikant, kom ons sê jy vee die stoepe van sy huis. Hy is so gelukkig met sy 80 miljoen-kontrak, hy oorlaai sy werk-nemers met allerhande bonusse, ingeslote vir jou. Soos jy die huis ver-laai, gee hy vir jou ‘n koevert en sê: “Wel, ek het gedink aangesien ek sulke goeie nuus gekry het, is hier vir jou ‘n bonussie.” Jy ry om die blok, pluk die koevert uit, skeur oop en haal ‘n tjek uit. Die bedrag R50, 000-00. Jy kalmeer jouself en dink: “Ek gaan dit nie alles spandeer nie. Nee, met die regte beleggings kan ek myself finansiëel beveilig vir baie jare.”

So, jy win ‘n bietjie advies in van ‘n vriend wat jou aanraai om ‘n sekere belegging te maak. ‘n Belegging wat jou definitief nie sal teleur-stel nie.

Jy maak die belegging. En jou werklik 6 weke later is die R50,000-00, R150,000-00 werd en jy dink: “Ek het die regte ding gedoen. Binnekort het ek nie meer bekommernisse in hierdie lewe nie.”

Dan val die prop uit. Die resessie slaan toe. En teen 2 Nov. 2010, hoeveel is jou belegging werd? R243.

Wat probeer ek sê? Ons het nou reeds gesien dat God die bron van alle ware satisfaksie in hierdie lewe is. Nou gaan ons sien dat God die bron van alle ware sekuriteit in hierdie lewe is. Met beide het ons geld as voorbeeld gebruik, maar sien jy die verskil? Indien jy vreugde en plesier vind in die dinge wat geld kan koop, vind jy jou satisfaksie in geld. Aan die ander kant, ons vind ons vreugde in ons geld, wanneer die grote van ons bankrekening of belegging ons laat voel dat ons beskerm word van gevaar, van gebeure wat ons lewe kan versuur.

Beide houdings is verkeerd, onbybels.

Kom ons kyk nou na die tweede ‘wee’ of ‘ellende’ soos in verse 9 tot 11 van Habakuk 2 uitgelig word.

h Die doel: sekuriteit

Die doelwit is duidelik. Die trotse een “wil sy nes hoog bou, sodat geen ramp hom kan tref nie.” Selfs ‘n kind kan dit verstaan. Die trotse een wil veilig wees, hy wil hê sy huishouding, en sy land moet veilig wees. Hy wil sekuriteit hê...

Is dit verkeerd? Is dit verkeerd om te begeer om veilig te wees? Be-skerm te wees teen die kwaad? Sekerlik nie. Paulus sê ons moet treur saam met die wat treur, met die wat ly onder die impak van kwaad in hierdie wêreld. Ellendes in hierdie wêreld is ‘n saak

van hartseer. God belooft in die lewe wat kom sal daar geen hartseer, trane, ellende of dood wees nie.

Weereens is die doelwit reg. God belooft dat Hy hierdie doelwit vir ons sal bereik in die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die probleem lê dus nie by die doelwit nie, maar by die *middele* wat gebruik word om dit te bereik.

h Die middele: Vertroue op die self, vir oneerlike wins

Watter metodes gebruik hy om sy doelwit te bereik? In vers 9 in die 1983 vertaling word die betekenis van hierdie man se verkryging van wins goed uitgelig: “ten koste van ander wou verryk.”

Is dit nie die filosofie van die wêreld waarin ons lewe nie? : *“Eat or be eaten!”* Of die goue reël wat so verander is: *“Do unto others before they do unto you!”*

Dit is reg om te begeer om vry te wees van die impak van sonde van die wêreld rondom ons. Ons moet inderdaad begeer om in ‘n wêreld te leef wat vry is van hartseer, gevaar en tragedie, maar God sal nie God wees as Hy sou toelaat dat ons meer kwaad in die wêreld inbring om ons van die impak daarvan te bevry nie!

h Die straf: Die verloor van alle sekuriteit

Kyk eers na vers 11. Die einste huis wat hy probeer verseker het, roep uit teen hom. Hy bou sy huis hoog, sodat hy veilig sal wees, maar die materiaal wat hy gebruik om dit te doen, verdoem hom. Maak nie saak hoe veilig hy dink hy homself gemaak het nie, hy gaan tot ‘n val kom.

Kyk nou na vers 10. Ons sou vers 10 só kon parafraseer: “*Jy het gedink jy is oulik, om ‘n plan van sekuriteit vir jou mense uit te werk. Wel, weet jy wat? Jou planne lei nie tot die sekuriteit van jouself en jou mense nie. Jou planne sal lei tot jou dood en hulle skande. Jy sal juis dit wat jy die graagste wou gehad het, verloor, dit wat jy gedink het jy beveilig deur jou verkeerde metodes.*”

So, die trotse een, wat nie wandel deur geloof nie, sal die regte straf ont-vang. Hy sal sy sekuriteit verloor, sy lewe, respek, alles.

h Lesse vir die lewe deur geloof

Lewe deur geloof beteken dat jy in niks in hierdie lewe jou vertrou plaas nie.

Wat is die dinge wat ons geneig is om ons vertrou in te plaas en dus ons sekuriteit in te vind?

ü Geld

Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. (1 Tim. 6:17).

Die punt hier is nié: Moenie beplan nie. Moenie ‘n goeie belegging maak nie. Nee, die punt is eerder dit: Wat sê ons vir God? Sê ons: “Ag Here, ek het so hard gewerk om bietjie sekuriteit op te bou, asseblief, moenie my vra om dit op te gee nie.” As ons dit sê, maak ons geld ons sekuriteit, en dan is ons soos die trotse een – selfs al maak ons ons geld op ‘n eerlike manier.

Deur daarna te gryp, styf daaraan vas te hou, dit te behandel asof ons dit verdien het deur ons eie krag en sterkte, sondig ons. Leef ons nie deur geloof nie.

Wat kan ons liewer sê? “Here, U het my geseën vër bo wat ek verwag het, en vër bo wat ek verdien. U is die bron van alles wat ek het. Wys my hoe ek hierdie bronne die beste kan aanwend vir U eer.”

Kan jý dit vir God sê?

Ü Gesondheid

In Lukas 12 vertel Jesus die verhaal van die ryk dwaas, wat ‘n oorvloedige oes gehad het.

Ons dink gewoonlik dat hierdie gelykenis daaroor gaan dat ons nie ons vertrouwe in geld moet plaas nie. Wel, dit is sekerlik een van die punte. Jesus wys egter ook implisiet dat ons geen beheer het oor ons gesondheid nie. Ons weet tog, ons gesondheid kan skielik en ernstig verander. Ons weet dit natuurlik almal intellektueel, maar ons tree dikwels op asof ons gesondheid vir ‘n onbepaalde tyd verseker is. Dit bring ons by ons volgende punt.

Ü Ander mense

Ons kan nie ons sekuriteit in ander mense vind nie. Hetsy ‘n man, vrou, kinders, of ons vriende nie, want ook hulle kan enige oomblik sterwe, of hulle getrouheid aan ons kan tot ‘n einde kom.

'n Seer tand, 'n voet wat meegee, so is dit om in gevaar staat te maak op 'n onbetroubare mens (Spr. 25:19)

As jy ‘n knie het wat elke nou en dan meegee, dan probeer jy nie oor ‘n wankelmoedige swaaibruggie oor ‘n bruisende rivier loop

nie. Ander mense is soos daardie knie. Die beste persoon kan nie die bron van ware sekuriteit wees nie.

Ü Intelligensie

Ons het dit alreeds in Habakuk 2:10 gesien. ‘n Mens sien dit ook in die lewe van Jerobeam. Hierdie koning van Israel het gedink hy is polities baie skerp. Hy het gedink dit is politieke selfmoord vir hom om sy hele leëmag, al die mense van sy land, na die vyand se land te stuur om godsdienstige feeste by te woon. So in stryd met God se voorskrifte, ontwerp hy sy eie plan van aanbidding in sy eie koninkryk, maar in-stede dat hierdie plan vir hom sekuriteit bring, lei dit tot sy ondergang. God het hom belowe dat hy die vader van ‘n dinastie sal wees wat so blywend soos Dawid s’n sou wees indien hy in God se weë sou wandel, maar nou het sy dinastie net ‘n paar dekades gehou.

Daar is natuurlik baie ander vorme van vals sekuriteit wat ons kon noem. Ons ervaring, ons krag, ons geregtigheid, ons vermoë om vooruit te kan voorspel...

Die punt is. Lewe deur geloof beteken om in niks van hierdie wêreld ons vertrou te plaas nie, ons sekuriteit te vind nie.

Lewe deur geloof beteken om jou sekuriteit in God alleen (en niks wat jy kan bydra nie) te plaas. Om so deur geloof te lewe maak God ontsettend bly!

Kom ons kyk na ‘n Psalm wat op wonderlike wyse uitlig wat dit bête-ken om sekuriteit in God alleen te vind. Die 1953 vertaling bring die oorspronklike gedagte die mooiste uit.

Hy het geen welbehae in die krag van die perd, geen welgevalle in die bene van die man nie. Die HERE het

'n welgevalle in die wat Hom vrees, wat op sy goedertierenheid hoop. (Psalm 147:10-11)

Kom ons begin in vers 11 en vra hoekom God vreugde vind in die wat Hom vrees en hoop in sy liefde, dan sal ons na vers 10 terugkom en vra hoekom God nie vreugde vind in die krag van 'n perd en die bene van 'n man nie.

Eerstens: vind jy dit nie vreemd dat ons aangemoedig word om dieselfde persoon gelyktydig te vrees en in Hom te hoop, of dan in Hom sekuriteit te vind nie?

Hoop jy in die een wat jy vrees en vrees jy die een in wie jy hoop?

Dit is tog gewoonlik anders. As ons iemand vrees, dan hoop ons dat ie-mand anders sal kom om ons te help. Miskien is dit so met jou, dalk is dit hoekom jy jou sekuriteit in ander dinge vind. Jy is bang vir God.

Maar volgens hierdie psalm is ons veronderstel om die een te vrees in wie ons hoop en te hoop in die een wie ons vrees. Wat beteken dit?

Waarskynlik beteken dit dat ons die ervaring van hoop sal toelaat om die ervaring van vrees binne te dring en te verander en die ervaring van vrees sal toelaat om die ervaring hoop binne te dring en te verander. Anders gestel: die soort vrees wat ons vir God moet hê, is dit wat oor is wanneer ons 'n sekere hoop te midde daarvan het...

Veronderstel jy gaan verken 'n onbekende gedeelte van die Drakens-berge. Daar kom 'n storm op - die wind is so sterk, jy vrees dat jy en jou vriende afgewaai gaan word van die rots waarop julle staan. Maar dan ontdek jy 'n skeur in die rots waar jy

kan skuil. Hier voel jy veilig, maar die ontsaglike mag van die storm woed buite en jy kyk daarna met 'n soort bewende plesier soos dit swiep oor die kranse...

In die eerste plek was daar 'n vrees dat die vreeslike storm en gevaar-like terrein jou lewe kan kos, maar toe vind jy 'n skuilplek en verkry die hoop dat jy veilig sal wees.

Nie álles in die gevoel wat jy vrees noem, het verdwyn nie. Net die le-wensbedreigende deel het verdwyn. Daar bly nog die bewing, die ont-sag, die wonder en die gevoel dat jy nooit blootgestel wil wees in so 'n storm nie.

So is dit met God. Verse 16-17 van dieselfde psalm sê dat die koue van God 'n vreeslike ding is, wie kan daarteen bestaan. Verse 4-5 van ons psalm wys op dieselfde krag van God in die natuur.

Gevolgtrekking? God se grootheid is groter as die heelal van sterre en sy krag is agter die ondraagbare koue van Arktiese storms. Tog sit Hy sy hand om ons en sê: *“Skuil in My liefde en laat My krag die vuurwerke wees waarna jy staar.”*

Die vrees van God is dit wat oor is van die storm wanneer jy 'n veilige plek reg in die middel daarvan het en in die plek van skuiling sê jy vir jouself. “Dit is geweldige, ontsaglike, vreeslike krag!”

O, die opwinding om in die middel van die geweldige krag van God te wees en tog beskerm te wees deur God self. Wat 'n vreeslike ding om te val in die hande van die lewende God! – sonder hoop, sonder 'n verlos-ser. Dit is beter om 'n meulsteen om die nek te hê en in die diepte van die see gegooi te word, as om teen God te oortree. Wat 'n wonderlike voorreg om die guns van God te midde van Sy krag te ervaar.

Ek hoop jy kry ‘n idée hoe ons beide hoop en vrees terselfdertyd kan ervaar. Hoop verander vrees in gelukkige bewing en vredevolle ver-wondering, en vrees neem alle oppervlakkigheid uit hoop en maak dit ernstig. Die vrese van God maak die vreugdes van God se mense intens.

Gemeenskap rondom die vuur as die storm buite woed, maak dit heer-liker.

Hoekom verbly God Hom oor mense wat Hom op hierdie manier ervaar – mense wat Hom vrees en hoop in sy liefde?

Wel, sekerlik omrede ons vrees die grootheid van Sy krag reflekteer en ons hoop reflekteer die oorfloedigheid van Sy genade. God verheug Hom oor hierdie reaksies wat sy wonderlikheid weerspieël.

Dit is natuurlik net wat ons sou verwag van ‘n God wat algenoegsaam in Homself is en geensins ‘n behoefte aan ons het nie. ‘n God:

- ü Wat nooit die heerlijkheid sal opgee om die fontein van alle vreugde te wees nie.
- ü Wat nooit die eer sal opgee om die bron van alle veiligheid te wees nie.
- ü Wat nooit sal afstand doen van Sy troon van soewereine genade nie.

God vind vreugde in die wat hoop in Sy liefde, want daardie hoop weer-spieël die vryheid van sy genade. Wanneer ek uitroep: “God, U is my rots, my enigste hoop”, dan draai ek weg van myself na Hom in wie alle bronne is.

Bedink vir ‘n oomblik ‘n sondaar met geen geregtigheid van sy eie nie, wat staan voor ‘n algenoegsame en heilige God – watter

bevel wil hy meer hoor as dit: “Hoop in my liefde!” Jy staan voor ‘n krisis. Watter bevel wil jy meer hoor as: “Hoop in my liefde!”?

As ons dit maar net sal besef. Ons elkeen is gestrand op ‘n oorhangende krans, in ‘n hewige storm, en selfs ons harde asemhaling kan ons laat afstort. God kom na ons toe en sê: *“Ek sal jou red en beskerm van die storm, maar daar is een voorwaarde...”* O, en jou hart sink. Jou gesig is teen die rotswand. Jou vingernaels grawe in die wand in. Jy voel hoe jy besig is om greep te verloor. Jy weet as jy selfs jou lippe gaan beweeg gaan jy val. Jy weet daar is niks wat jy nou kan doen vir God nie!

Dan spreek Hy die evangeliese bevel uit: My vereiste is dat jy hoop in My! My glo! Is dit nie goeie nuus nie? Wat kan makliker wees om in God te hoop wanneer alle ander hoop onder my uitgly? Dit is al wat Hy verwag. Dit is die evangelie!

En dit is die lewe van geloof wat ons elke dag moet leef!

Maar dit is nie net goeie nuus vir sondaars nie. Dit is ook die glorie van God om net hierdie bevel aan ons te rig. Hoekom? Wel, omrede as jy in God alleen hoop, as jy in Hom alleen sekuriteit vind, wys jy:

- Ø Dat Hy sterk is en jy swak
- Ø Hy ryk is en jy arm;
- Ø Hy is vol en jy is leeg.

Wanneer jy in God hoop, wys jy dat jy die een is met nood, nie Hy nie. (Psalm 50:10-15; 71:4-6,14).

- Ø Jy is die pasiënt, Hy is die dokter
- Ø Jy is die dorstige wildsbok, Hy is die fontein.
- Ø Jy is die verlore skaap, Hy is die goeie Herder.

Die skoonheid van die evangelie is daardie een bevel: "Plaas jou hoop in die liefde van God."

So hoor ons goeie nuus en God kry die eer. Dit is hoekom God vreugde vind in die wat hoop in sy liefde – omdat die eenvoudige handeling van hoop sy genade verheerlik en sondaars red.

Dit is die evangeliese bevel wat God in die middel hou. In die middel van sy eie, en jou gevoelens en emosies.

Kom ons vra nou hoekom God nie vreugde vind in die krag van 'n perd en die bene van 'n man nie (vers 10).

Die punt hier is nie dat sterk perde en sterk bene sleg is nie. God het dit gemaak. Hy verbly Hom oor die krag en vryheid van kragtige perde! Gaan lees maar Job 39:19-25.

Nee, die punt is nie dat hierdie wonderlike dier sleg is nie. Die punt is dat op die dag van stryd, plaas mense hulle hoop in die krag van perde en nie in God nie (gaan lees Spreuke 21:31; Psalm 20:7).

God is nie ongelukkig met perde se krag en mense se bene nie, maar Hy is ongelukkig met mense wat hulle hoop plaas in gewere of grimering in lugafweerkanonne of liggaamsbou.

God het geen vreugde in korporatiewe effektiwiteit of gebalanseerde begrotings of welsynsisteme of nuwe entstowwe of opvoeding of wel-sprekendheid of artistiese perfektheid of wetlike prosesse – as hiërdie dinge die skat is waarin ons hoop of die ding is waarin ons roem nie. Waarin ons ons sekuriteit vind nie.

Hoekom nie? Omrede wanneer ons ons hoop plaas in perde en bene, kry perde en bene die eer, nie God nie - en ons is verlore en nie gered nie.

So ek pleit by jou: Plaas jou hoop, vind jou sekuriteit in die krag en liefde van God, nie op jouself of enige iets wat jy kan vermagnie.

Onthou: die Here verbly Hom oor die wat hulle sekuriteit in Hom vind.

Met God as ons sekuriteit, is ons vry om lewens van geloof te leef, lewens wat radikaal is in hul gehoorsaamheid aan hom.

Ons is vry! Vry!- ons almal soek tog vryheid nie waar nie? Hier is die grootste vryheid wat bestaan: om te weet dat niks ons kan skei van God se liefde nie, die liefde van die kragtigste wese wat bestaan nie.

Vryheid vir wat? Nie vryheid om lui en selftevrede te wees nie. Nie vryheid van moeilikhede en beproewinge nie. Nee, Jesus waarsku ons dat ons vervolgings en beproewinge in hierdie wêreld sal hê, maar ons het 'n vryheid om God te volg waar Hy ookal lei. 'n Vryheid om uit te stap in geloof, 'n vryheid selfs om te faal, om God mis te verstaan.

'n Lid van die US Center for World Missions skryf:

“Now I think I understand what faith is; it is not the confidence that God will do what we want Him to do for us, but the conviction that we can do what He wants done for Him and let Him take care of the consequences.”

h Nader aan jou lyf

So, waar is jou sekuriteit? Waarop plaas jy jou vertrou?

- Jou finansiële bates? Hulle kan oornag verdwyn. Of jou lewe kan vannag weggeneem word...
- Jou vrou? Jou man, vriende, ouers? Hulle mag jou teleurstel en gaan eendag sterf.
- Jou krag, jou vaardighede? Jou skerpheid? Jou selfvertroue? Dit kan jy ook enige oomblik verloor! En wanneer werklike beproe-winge kom, sal jy agterkom dat jy nie so sterk en oulik is as wat jy gereken het nie.

Die enigste ware sekuriteit is in God geleë. Eendag as ons by Hom is, sal ons dit so duidelik sien, maar nou moet ons nog lewe deur geloof. Kom, stap uit in die geloof. Vertrou Hom, leun op Hom, Glo Hom!

HOOFSUK 5

Deur geloof alleen bring ons iets tot stand (Habakuk 2:12-14)

Ons het nou gesien dat ware satisfaksie en ware sekuriteit van God kom. Deur die geloof. Dít bring ook werklike vreugde!

Kom ons kyk ons na Habakuk 2:12-14.

h Die doelwit: Die tot stand bring van iets

Die trotse een wil ‘n stad bou of ‘n stad vestig. Die relevansie hiervan is nie dadelik duidelik nie. Ek twyfel of enige een van ons beplan om ‘n stad te vestig.

Maar almal van ons wil iets tot stand bring, bereik.

- Ons wil voel dat ons lewens die moeite werd was.
- Ons wil in staat wees om terug te kyk oor ons lewens en te sê: Ek het hard gewerk en ‘n verskil gemaak. My lewe was nie nutteloos nie – ek het my merk gemaak.

Is dit ‘n goeie begeerte? Moet ons graag ‘n impak wil maak op die wêreld?

Ja! Natuurlik. God beveel ons om ‘n impak op die wêreld te maak.

- Hy sê aan Adam en Eva: “Vul die aarde, onderwerp dit, heers daaroor!”
- Efesiërs 2:10 sê: “*God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.*”
- En onthou Jesus se gelykenis van die talent in Matt 25. ‘n Land-heer gaan op reis en gee vir sy diensknegte verskillende bedrae geld. As hy terugkom, prys hy die wat die geld geneem het en dit wyslik gebruik het en hy sê: “Mooi so, goeie en getroue dienskneg.” Maar die een wat sy geld weggesteek het en bloot die landheer se oorspronklike bedrag teruggegee het, word in die duisternis gegooi.

So die begeerte om iets tot stand te bring, is God-gegewe. Soos die begeerte vir satisfaksie en sekuriteit, is daar niks verkeerd met

die begeerte self nie. Nee, die probleem kom by *waar* jy die totstand-brenging soek en *hoe* jy dit probeer bereik.

h Die middele: geweld deur sy eie krag

Hoe bereik die trotse een sy doelwit? Wat gebruik hy? Wel, vers 12 maak dit duidelik. Hy bou sy stad met bloedvergieting en geweld. Meer algemeen, hy probeer 'n impak op die wêreld hê, ten koste van ander.

Veroorsaak die goeie werke wat God vir ons beplan het, dat ander seergemaak word? Lei die opdrag om die aarde te vul, te onderwerp en daarvoor te heers tot 'n negatiewe impak op die lewe van ander? Nee, intendeel as ons werk in ooreenstemming met dit wat God ons beveel het, dan help ons ander. Die metodes van hierdie trotse een is daarom duidelik verkeerd.

Maar nie net sy metodes is verkeerd nie. Die krag waarop hy staatmaak is verkeerd. Insteede daarvan om God se plan deur God se krag te vol-voer, soek hy sy eie doelwitte, deur sy eie krag.

h Die straf: Hy bring niks tot stand nie

Kyk weer na vers 13. Ons het nou reeds gesien dat die wat plunder, self geplunder word, die een wat vir sy huis sekuriteit soek ten koste van ander, sal dit verloor – om die waarheid te sê daardie selfde huis, het ons gesien sal teen hom uitroep. Hier sien ons dat die een wat daarna streef om iets tot stand te bring buite die wil van God, bereik niks. Op die ou einde sal daar niks wees om te sien nie, niks om aan vas te hou nie - hy sal werk en werk en niks op die ou end produseer wat staande sal bly nie.

Hierdie profesie is gedeeltelik vervul in die persoon van Nebukadnesar, koning van Babel. Soos reeds genoem, 20 jaar

nadat Habakuk hierdie boek geskryf het, het Nebukadnesar Jerusalem vernietig. Maar dan om-trent 20 jaar later, vind die gebeure wat opgeteken is in Daniël 4, plaas. Nebukadnesar staan op ‘n hoë plek in sy hoofstad en sê:

Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot ‘n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie? (vers 30)

Sien jy die parallel met Habakuk se gedeelte? Hy glo dat hy alles bereik het deur sy eie krag – en hy vat al die eer vir homself. Kan jy onthou wat God met hom gedoen het? Hy maak van hom ‘n psigiatriese geval. Vir 7 jaar eet hy gras soos ‘n dier (vers 32).

In daardie toestand het Nebukadnesar niks tot stand gebring vir sy stad nie. Hy het nie ‘n snars omgee vir sy stad nie – al wat hy wou gehad het was ‘n happe soet gras!

h Lesse vir die lewe deur geloof

Vers 14 is eintlik ‘n uitsondering op die patroon wat ons tot dusver gesien het. God voorsien eintlik vir onself ‘n les.

Die “kennis van die heerlijkheid van die Here” (OAV) of die “**magtige teenwoordigheid van die Here?**” (NAV) verwys na die sigbaarwording van God se essensiële karakter, soos wat Hy is. Hy wys dit natuurlik beide in sy handeling en sy teenwoordigheid met sy mense.

God wys Sy karakter in sy skepping, die werk van sy hande (Psalm19). Maar God wys ook sy heerlijkheid deur sy teenwoordigheid. Toe die Israeliete die tabernakel voltooi het, lees ons dat ‘n wolk die tent bedek het, en die heerlijkheid van die Here het die tabernakel vervul.

Vir die aarde om gevul te word met die kennis van die heerlijkheid van die Here, wat moet gebeur? Almal moet God ken; almal moet neerval en Hom aanbid; almal moet sy liefde, sy majesteit, sy wysheid, sy goedheid erken. Soos die waters in die oseaan elke hoekie en krakie, maak nie saak hoe klein ookal, vul, net so sal die hele aarde God erken as God. Verder sal sy teenwoordigheid duidelik gemaak word deur die wêreld heen.

So wat het dit te doen met die tot standbrenging van iets? Wel, alles. Sien jy? Wat is die grootste ding wat denkbaar bereik kan word? Waar-heen is die skepping oppad? God is besig om die aarde te vul met sy heerlijkheid! Dit is die hele doel van die skepping! God maak bekend wie Hy is – en jy en ek is sleutelspelers in die totstandbrenging hier-van... Soos God deur Jesaja sê:

Ek sê vir die noorde: Gee! vir die suide: Moet hulle nie terughou nie! Bring my seuns van ver af, my dogters van die uithoeke van die aarde af, elkeen wat na my Naam genoem word, elkeen wat Ek geskep het tot my eer, wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het (Jes. 43:6-7).

Dit is jou doel, dit is jou roeping, dit is die rede vir jou bestaan. Alles wat ons doen, selfs die mees roetinewerkie kan hierdie doel dien.

Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God. 1 Kor. 10:31

Jou hele lewe gaan dus hieroor: Om God se plan om die aarde te vul met sy heerlijkheid, sy heerlike teenwoordigheid, te laat realiseer. Dit is waar jy vervulling sal vind, waar jy die gevoel van totstandbrenging sal ondervind. Dit is die betekenis van jou

lewe! Alle ander dinge wat jy tot stand bring sal verdwyn. Maar hierdie een bly...

Let wel, dit gaan nie hier net oor 'godsdienstige werk' nie. Wat ookal ons doen! Die hervormers het hierdie waarheid so goed verstaan. Luis-ter wat skryf A. McGrath:

Luther emphasize the fact that all Christians are called to be priests-and that calling extent to the everyday world. He says: "What seem to be secular works are actually the praise of God and represent an obedience that is well pleasing to him". There were no limits to this notion of calling. Luther even extolled the religious value of housework, declaring that although "it had no obvious appearance of holiness, yet these very household chores are more valued than all the works of monks and nuns". Luthers` English follower William Tyndale commented that while the "washing of dishes and preaching the word of God" represented different human activities, he went on to insist that as "touching to please God" there was no difference."

So wat is die lesse wat ons vir onself hieruit kan haal? Kom ons kyk na drie verkeerde houdings teenoor dit wat ons in hierdie wêreld vermag.

(1) "Ek het hard gewerk. Ek het probeer en probeer om God te dien, en daar is geen impak nie. Ek het niks bereik nie. Daarom is my werk waardeloos."

Soms mag dit lyk asof omstandighede om so 'n konklusie roep. Meestal laat God ons nie die impak van ons werk sien nie, maar as Christene, mag ons nooit onself evalueer op die basis van resultate nie. Ons evalueer onself in terme van getrouheid aan God se roeping, soos uitgespel.

Onthou julle Anna en Simeon, die twee ou Jode wat vir dekades gebid het vir die koms van die Messias? Op hulle oudag, na al hierdie getroue gebede, het God hulle die voorreg gegee om sy Seun te sien. Hulle kon terugkyk en glo dat hulle gebede ‘n verskil gemaak het.

Maar dink bietjie hoeveel ander getroue Jode het gebid vir die koms van die Messias gedurende die 400 jaar tussen die voltooiing van die OT en die koms van Jesus? Hoeveel het nie vir dekades, ja, hulle hele lewe gebid - en nooit die Messias gesien nie. Was al daardie gebede nutteloos? Moes daardie mense aan die einde van hul lewens sê: “Wel, ek sterf en die Messias het nie gekom nie. Ek veronderstel ek het baie tyd gemors in gebed!”

Of wat van al dié wat vir die laaste 2000 jaar gereageer het op Jesus se belofte “Ek kom gou weer”, met die amen. “Ja, kom, Here Jesus?” Was hulle gebede sinneloos, nutteloos?

Nooit gesien nie. Vanuit God se perspektief – dit is, uit die perspektief van waarheid – het al die ouens wat groot stede gebou het en groot ryke gevestig het en groot bewegings aan die gang gesit het - Genghis Khan, Napoleon, noem jou gunsteling historiese figuur, hulle almal het niks bereik in vergelyking met die wat gebid het vir Christus se wederkoms nie. ‘n Tweede verkeerde houding, die teenoorgestelde van eersge-noemde is dit:

(2) “Ek het hard gewerk. Kyk net wat ek alles bereik het. Hoe gelukkig is God nie om my aan Sy kant te hê nie!”

Anders gestel, as die persoon nie ‘n gelowige is nie, sal hy saam met Nebukadnesar sê: “Kyk hoe groot is ek!”

Miskien is ‘n paar van ons nie so blatant nie, maar op meer subtile ma-niere, het elkeen van ons waarskynlik al in hierdie versoeking geval. Ek dink ons doen dit elke keer as:

- Ons ons merk wil laat op 'n gegewe institusie
- Elke keer as ons seergemaak voel as ons bydrae nie erkenning kry nie!

Miskien sê jy, maar wat is verkeerd daarmee. Het jy nie gesê God het ons geroep vir die belangrike taak om eer aan Hom te bring nie? Ja, maar ons houding maak die groot verskil. Kom ek gebruik 'n voor-beeld; 'n Vriend van my in Windhoek is 'n goeie langafstandatleet. Hy het al 'n paar wedlope gedoen met sy klein seuntjie (wat nou groot is) in 'n stootkarretjie. Veronderstel die seuntjie skreeu: "Ek wen, ek wen!", as hulle oor die wenstreep gaan?

Was hy eerste om die lyn oor te steek? Ja, maar wie het die werk ge-doen?

Net so is dit met ons. Wat ookal ons bereik, God is die een wat die werk doen. Hy is die een wat die eer moet kry!

Onthou jy hoe Jesus in Johannes 15 sê: Sonder my kan julle niks doen nie? Paulus skryf dieselfde in 1 Kor. 4:7 en vergelyk Dawid in 1 Kron. 29:12.

So, Christene moet nooit hul eie effektiwiteit, hulle kerk se effektiwiteit, of hulle God se effektiwiteit op die basis van sigbare resultate meet nie – negatief of positief nie. Nee, hulle moet vra: "Is ek getrou? Leef ek 'n lewe waardig die roeping waarmee ek geroep is. Leef ek deur die geloof en nie sig nie?" Los dan die resultate vir God. Hy is ná alles die finale regter. Hy is die een van wie ons moet hoor: Mooi so, goeie en getroue dienskneg!

'n Derde verkeerde houding neem die waarhede wat ons nou bespreek het, verdraai dit, en kom tot 'n verkeerde konklusie.

(3) “Ek het nie nodig om iets te doen nie. God se plan sal gebeur – God se heerlikheid sal die aarde vul soos die water die see, ongeag my pogings. So, ek kan net sowel niks doen nie”.

Ek hoef nie hierop uit te brei nie. Die hele Bybel skreeu teen so ‘n benadering. God handel nie met ons as stokke en blokke nie. Ons is sy bondgenote. Ons is saam met Hom op weg na die vervulling van hierdie doelwitte. Ons is volledig ingeskakel, met al die voorregte en verantwoordelikhede van so ‘n verhouding.

Om deur die geloof te lewe, beteken om vas oortuig te wees dat jy die grootste dinge denkbaar bereik, deur bloot die Here in die kleinste dingetjies te eer en groot te maak.

HOOFSTUK 6

Ware eer deur geloof alleen (Habakuk 2:15-17)

Wil jy graag hê ander moet opkyk na jou? Hoop jy heimlik dat ander mense jou sal prys? Wat doen jy om ander mense te laat opkyk na jou? As mense, na al jou pogings, jou nie bewonder en respekteer nie – wat doen dit aan jou selfbeeld?

Verlede keer het ons gekyk na ons begeerte om iets betekenisvol tot stand te bring in ons lewens. Almal van ons het die begeerte om ‘n merk te laat, om ‘n verskil te maak, om in staat te wees om te kan sê: “Ek het ‘n impak rondom my!” Ons het gesien dat daardie begeerte God-gegewe is – dit is die God-gegewe opdrag

aan Adam en Eva in die tuin, “Vul die aarde, onderwerp dit, heers daaroor,” inderwaarheid – “maak ‘n verskil.”

Tog beteken dit nie dat ons die persone is wat die werk moet doen nie. Jesus het gesê: “Sonder my kan julle niks doen nie.” Wat ookal die goeie is wat ons doen, en ons moet goed doen, dit is die resultaat van God se werk in ons. So ons taak is om getrou te wees aan God se Woord. Soos William Carey, moet ons groot dinge vir God doen, en groot dinge van God verwag. Ons moet soos Paulus met al sy energie streef, maar op die einde los ons die resultate vir God. Die finale resultate is seker! (vers 14) God nooi ons uit om deel te wees van daardie groot plan en niks wat ons kan vermag kan daarmee vergelyk word nie.

Om deur die geloof te lewe, beteken om vas oortuig te wees dat jy die grootste dinge denkbaar bereik, deur bloot die Here in die kleinste dingetjies te eer en groot te maak.

Maar nou is dit so dat ons nie net iets tot stand wil bring vir die satisfaksie dat ons ‘n verskil kan maak nie, maar ook so dat ander dit sal sien en sal erken dat ons ‘n verskil gemaak het. Ons hou daarvan om geprys, geëer te word. Ons hou daarvan om erken te word, om op die rug geklop te word.

Ons kyk daarom nou na die begeerte vir verering, vir die ontvang van lof.

Ons gaan sien dat ware eer net van God alleen kom, teen alle sig in. Omdat ons in hierdie wêreld leef, is ons geneig, of onder die versoeking, om lof van ander mense te soek. Ons is onder die versoeking om selfs lof van onself te soek. Maar die duidelike boodskap van Habakuk, inderdaad van die hele Bybel, is dat ons eer net van God moet soek. Sy beoordeling is die enigste wat tel.

Hierdie manier van deur die geloof lewe, bevry ons van die slawerny om te probeer om aan die ver-wagtinge van ander te voldoen, dit bevry ons om radikaal vir God te lewe.

Soos met elkeen van die ander ‘ellende’-uitsprake kyk ons weer na die doelwit van die trotse een, na die verkeerde metodes waarop hy hierdie skeefgetrekte doelwit probeer bereik, en dan die toepaslikste straf wat God daarvoor gee. Laastens gaan ons weer kyk na die lesse vir die lewe deur geloof.

h Die doelwit en metode: eer deur ander oneer aan te doen

Dit blyk dat die doelwit hier, die lof en eer van ander mense is. Daardie doelwit is weereens ‘n goeie, God-gegewe doelwit. Miskien dink jy onmiddellik: “Wel, dit lyk vir my hoegenaamd nie die doelwit hier te wees nie – dit lyk eerder of hierdie persoon ‘n skewe begeerte het om mense se naaktheid te aanskou, en dus is die doelwit uiteraard in sigself verkeerd.”

Maar, as ons na vers 16 kyk, waar die straf uitgespreek word, word die doelwit duidelik: “Jy het jou versadig met skande i.p.v. eer.” Op een of ander wyse was die handeling van die trotse een in vers 15 ‘n poging om vereer te word. Maar wat het verkryging van eer te doen met die dronk maak van jou naaste om hul naaktheid te aanskou?

Die sleutel tot die verstaan van hierdie gedeelte is om na ander plekke in die Ou Testament te kyk waar daar soortgelyke uitsprake is. Dit is interessant dat in die meeste gevalle dit niks te doen het met seksuele begeertes nie, maar met die bring van skande op iemand anders. In die meeste gevalle word hierdie uitdrukking gebruik om skande op ‘n stad, of die hele stad te bring, nie ‘n individu nie.

Miskien word die duidelikste voorbeeld in Esegïel 16 gevind. Israel word daar geteken as ‘n jong, naakte maagd, wat die Here dan vind, bedek en beskerm. Hy trou uiteindelik met haar en bemin haar, maar sy soek ander minnaars en pleeg egbreuk. Dan profeteer die Here dat Hy al haar vorige minnaars sal vergader en haar naaktheid sal openbaar, sodat hulle dit kan sien. Wat is die Here se doelwit hier? Wel, duidelik om Israel tot skande te bring, om haar tot publieke vernedering te bring vir haar geestelike egbreuk – en om deur hierdie skande natuurlik bekering en herstel te bring.

So, die doelwit in Habakuk 2:15 is inderdaad om eer vir jouself te bring deur ander in die skande te bring, oneer op ander te bring. Miskien sê jy: “...maar dit is darem ‘n snaakse manier om eer vir jouself te verkry. Niemand doen dit vandag meer nie, of hoe?”

Wel, wat ‘n verassing! Mense doen dit deurentyd. Dink bietjie hoe dikwels kraak jy mense af? Hoe dikwels sê jy negatiewe dinge van ander mense? Wat is die doel daarvan? Wel, gewoonlik om onself in vergelyking met hulle, te verhoog!

Jy sal self aan voorbeelde kan dink.

h God se straf: Oneer in die plek van eer

Watter toepaslike straf het God uitgemeet vir die trotse een wat homself verhoog deur ander af te breek? Kyk net gou weer na vers 16.

Die trotse een maak ander dronk en verneder hulle deur hulle naaktheid te ontbloot, nou word hyself forseer om te drink, en sal self ontbloot word. God se straf sal oor hom kom. Hy het gedink sy metode sal hom eer bring, maar op die ou end is hyself die oorsaak van sy eie oneer en bespotting.

Sien jy hoe ernstig dit is? Die hele Nuwe Testament maak dit duidelik dat ons ons naaste moet liefhê soos onself. Wanneer ookal ons woorde gebruik om ander af te breek, is ons besig om hierdie bevel te veront-agzaam.

Dit is nie die lewe deur die geloof nie.

h Lesse vir die lewe deur die geloof

Sekerlik is die mees ooglopende les vir die lewe deur geloof ‘moenie harde woorde tenoor mekaar gebruik nie.’ Dit is waar, en belangrik, maar daar is meer lesse hier. Die duiwel versoek ons op baie meer sub-tiele wyses, sodat ons eer en glorie op verkeerde plekke soek.

So miskien moet die les wees: Moet hoegenaamd nie eer soek nie. Gehoorsaam God net. Moenie mik vir enige eer vir jouself nie.

Sommige mense verstaan die Bybel op dié manier, maar as jy dit so sien moet jy ‘n groot aantal Skrifgedeeltes uitgooi. Weer en weer belooft God vir ons eer en heerlijkheid. As ons dit nie moet soek nie, nie moet begeer nie, hoekom belooft Hy om dit vir ons te gee?

Bedink net die volgende voorbeelde:

- As iemand my dien sal die Vader hom eer (Joh. 12:26).
- Elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en die wat homself verneder sal verhoog word (Luk. 14:11).
- Verneder julle onder die kragtige hand van God en Hy sal julle verhoog op die regte tyd (1 Pet. 5:6).
- Die loon van nederigheid is die vrees van die Here, is rykdom en eer en die lewe (Spr. 22:4).

So God belooft aan die wat hom nederig dien, eer, verhoging, rykdom en lewe. Miskien dink jy ja, miskien belooft God dit alles as die resultaat van ons nederige diens, maar ons is nie veronderstel om daarvoor te mik nie.

In Romeine 2:6-7 is daar sprake van die soek van eer en heerlikheid. Jy sien die doelwit, net soos in die vorige gevalle, is goed, dit is God-gegewe. Die sleutel is “*Hoe moet ons soek vir eer en heerlikheid?*”

So met hierdie bietjie meer begrip is ons nou reg om die les vir die lewe deur die geloof duidelik te stel:

Soek eer en lof van God alleen. Moet nooit beïnvloed word deur die eer, lof of erkenning van mense nie.

Soos ons die vorige keer gesien het, ons begeerte moet wees om die Here te hoor sê: “Mooi so, goeie en getroue dienskneg.” Daar is geen groter eer as juis dit nie. Niks anders maak saak nie.

Dit is natuurlik baie maklik om hieroor te praat, maar uiters moeilik om dit in die praktyk uit te leef. Hoekom? Omdat ons nie kan sien nie! Ons kan nie God se goedkeuring sien nie. Daarom spandeer ons die grootste deel van ons lewe om mense te beïndruk – ag, alles wat ons doen met ons hare en ons klere, ons motor, ons huis – ja, ons lewens word gedo-mineer deur die poging om onself in die oë van ander te verhoog. Dit sal ‘n goeie oefening wees om te gaan uitwerk wat die implikasies hiervan sal wees, en hoe ons dit kan toepas in ons verskillende situasies: as ouers, kinders eggenote, bure, as deel van ‘n gemeente.

Kom ons kyk net na een situasie, die werksplek.

Volgens Efesiërs 6:5-7 is daar drie dinge waarvan ons gedurig bewus moet wees. Ons moet bewus wees dat ons werk (i) onder

(die juk van 1953 vertaling) Christus (ii) onder die oog van Christus (iii) met die oog op die troon van Christus.

ü *Onder Christus/ die juk van Christus*

Die verwysing na “here na die vlees” (OAV) impliseer ons sal nooit die regte houding teenoor aardse werkgewers en werk kan hê as ons nie verby kyk na die heerlike juk van Jesus nie. Ons is nie slawe van ‘n aardse werkgewer of werk nie, maar van Jesus Christus (Ef. 6:6) “slawe van Christus” en Kolossense 3:24b “julle dien die Here Christus!”

Implikasie? As jy werk as Christen, is jy in voltydse Christen/geestelike werk! Jy werk altyd vir Christus.

Die hervormers het hierdie waarheid so goed verstaan. Luister wat skryf A. McGrath:

Luther emphasize the fact that all Christians are called to be priests-and that calling extent to the everyday world. He says:” What seem to be secular works are actually the praise of God and represent an obedience that is well pleasing to him”. There were no limits to this notion of calling. Luther even extolled the religious value of housework, declaring that although” it had no obvious appearance of holiness, yet these very household chores are more valued than all the works of monks and nuns” Luthers’ English follower William Tyndale commented that while the “washing of dishes and preaching the word of God” represented different human activities, he went on to insist that as “touching to please God” there was no difference.

Kan enige werk bloot roetine werk wees as hierdie waarheid begryp word? Hoor die ma’s? Doeke was en preek is beide geestelike werk! Dit is Nuwe Testamentiese Christenskap (1 Kor. 10:31, Kol. 3:17).

Ü Die oog van Christus

Die punt hier is dat ons *nie moet werk asof die oog van die werkgewer op ons is nie, maar asof die oog van die Here op ons is.*

Wat gebeur as jy net werk omdat die ‘baas’ se oog op jou is?

§ Jy sal net produseer as jy onder toesig is.

§ Jy sal net uiterlik ‘n goeie vertoning lewer (jou hart sal nie in die werk wees nie).

Wat gebeur as jy werk omdat Christus se oog op jou is?

§ Jy sal die maksimum produseer met geen toesig.

§ Jou hart sal in jou werk wees.

Bedink maar self die implikasies hiervan vir ons alledaagse lewensta-kies!

Ü Die troon van Christus

Wat is die punt? *Jou optrede sal jou weer ontmoet!*

§ Om deur die geloof te lewe by die werksplek beteken daarom:

§ Ons sal nooit ander afkraak om onself beter te laat lyk nie;

§ Ons sal altyd ewe hard werk, of daar toesig is of nie;

§ Ons sal dieselfde kwaliteit werk lewer, of ons meerderes dit waardeer en raaksien of nie!

§ Ons sal nooit iets net vir verhoging doen, of om die goeie opinie van ons werkgewer te verkry nie;

§ As iemand bo ons verhoog word, sal ons nie bitter wees nie.

- § As ons bo ander verhoog word, sal ons al die eer aan God gee.
- § Ons selfbeeld is nie afhanklik van die werkgewer se opinie van ons nie.

Hoe lyk dit, leef jy deur die geloof in die werksplek? Die versoeking is natuurlik net so erg vir ons as predikers en ander geestelike werkers! Martyn Lloyd-Jones skryf:

Good people can be a man's greatest enemy. Many a preacher has been ruined by his congregation. Their praise, their encouragement of him as a man, has almost ruined him as a messenger of God, and he has become guilty of laying up treasures on earth. He tends almost unconsciously to be controlled by the desire to have his people's good opinion and praise, and the moment that happens a man is laying up treasures on earth.

Die sleutelfrase is: “*controlled by the desire to have his people's good opinion and praise.*” Dit is wat ons nooit moet toelaat om te gebeur nie. Die oomblik as die duiwel in jou studeerkamer vir jou sê, “moenie hier-die verse gebruik nie, miskien neem mense aanstoot.” Of, “sorg dat jy dit maar uitlê soos dit nog altyd uitgelê is”, al weet jy beter eksegetiese vereis dat jy verkil met die tradisie, wel, wanneer dit gebeur, raak jy nutteloos as prediker! Jy soek die eer van mense en nie God nie. (1 Kor. 4:3-5).

God is ons regter, Hy is die Een wat ons ondersoek. As ons deur Sy krag wat in ons werk, lewens leef wat Hom verheerlik, sal Hy ons die grootste eer en heerlikheid denkbaar gee. Hy is die Een wie se opinie tel. Niemand anders se opinie nie. Wat bring Hom die meeste eer? Wel, om te glo dat Hy ons eendag die grootste eer en heerlikheid gaan gee omdat ons in Christus Jesus is, nie omdat ons iets besonders in onself is nie. As ons dit glo teen alle bewyse in – eer dit Hom.

Die volgende ware verhaal het gedurende die dae van kommunistiese oorheersing van Oos Europa afgespeel. Josef Tson het teruggekeer na Romenië, na sy teologiese studies in Engeland, wetende dat hy sy dood kan tegemoetgaan. Vir jare het hy vervolging en belediging gesmaak. In die lig hiervan het Josef 'n teologie van martelaarskap ontwikkel. Hy argumenteer dat alhoewel ons nie moet soek om vir die Here te sterf nie, ons wel gewillig moet wees om dit te doen - en sy siening was dat God die dood van sy martelare op 'n matige wyse gebruik vir sy doelwitte. So Josef was reg om te sterf.

Maar gedurende een lang inhegtenisname, na 'n vreeslike dag van marteling en ondervraging, het die Roemeniër wat die ondervraging gedoen het, gesê: *“Josef, onthou jy die dae 20 jaar gelede toe jy jou rug op die geloof gedraai het? Ons het ondersoek ingestel, en ons weet nou dat jy gedurende daardie tyd vreeslike dinge gedoen het (en hy het). Wel, ons het nou 'n pamflet opgestel waarin daardie optredes onderstreep word, en ons het dit aan al die Christene in die land gestuur. So hulle almal weet. Almal wat gestroom het om na jou te kom luister, almal wat gesê het dat hulle jou liefhet, wel, hulle haat jou. Hulle verag jou vir wat jy gedoen het.”*

Dit het Josef van sy voete geslaan. 'n Man wat reg was om te sterf, 'n man wat vreeslike lyding met volharding deurstaan het, hierdie man het letterlik op die grond geval, toe hy dit hoor. Die ondervraer was oortuig dat Josef gaan sterf, en hy wou nie dat daar 'n gerug ontstaan dat hy hom doodgemaak het nie – so hy het Josef huis toe gestuur om te sterf.

Toe hy weer bykom het Josef tot God gebid: *“Hoekom Here? Ek het so baie verduur? Hoekom vat u ook al my vriende weg, almal wat my liefgehad het.”*

Josef het ondervind dat die Here geantwoord het: *“Josef, is dit hoe jy martelaarskap beskou? Jy word gelei na die brandstapel en al jou ondersteuners staan in ‘n ry en gee applous. Josef, ons het jou lief. Hoera vir Josef! Wees sterk, ons is met jou! Maar, wat as die marte-laarskap wat ek vir jou kies, anders is? Wat as ek jou vra om te sterf – met almal wat die strate vol staan, ingeslote jou vriende, terwyl hulle op jou spoeg, jou haat, jou verag – is jy gewillig om daardie dood te sterf? Is ek so baie werd vir jou? En terloops, Josef, hoe het ek gesterf?”*

Wat van jou? Is God soveel werd vir jou. Is jy gewillig om die goed-keuring van vriende, familie, land, werkgewer en selfs gemeente te ver-loor - en slegs die lof en goedkeuring wat van Jesus kom, oor te hê?

Kom ek stel die vraag vanuit ‘n ander hoek uit.

God het jou geskep om sy kind te wees, Sy erfgenaam – ‘n mede-erfge-naam met Christus, van die hele skepping. God het jou geskep sodat jy perfek kan word, perfek goed, liefdevol, - soos Jesus. God het jou geskep sodat Hy jou kan verhoog en op Christus se troon sit, en jou saam met Christus kan laat regeer.

Is dit genoeg vir jou? Is al hierdie eer en heerlikheid genoeg vir jou? Wil jy regtig meer as dit hê? Wil jy ook die tydelike, verganklike lof en eer van mense hê? Wil jy bo en behalwe God se goedkeuring ook hulle goedkeuring hê?

Ware eer en lof kom van God alleen! Maar natuurlik kan ons dit nie sien nie. Weereens, dit is geloof. Om seker te wees van wat ons nie sien nie, oortuig te wees van dinge wat ons hoop.

HOOFSTUK 7

God is jou God deur geloof alleen (Habakuk 2:18-20)

Verbeel jou vir 'n oomblik jy is twee jaar oud. Sommige van ons het nie in die laaste tyd te veel tyd met 'n 2 jarige spandeer nie, so kom ek verfris julle geheue en verbeelding met so 'n paar kenmerke van hierdie ouderdom:

- Tweejariges glo die wêreld draai rondom hulle. (Ek weet jy hoef nie twee jaar te wees om dit te glo nie) Maar dit is 'n uitstaande kenmerk van alle tweejariges.
- 'n Tweejarige sukkel vreeslik om nie behoeftes met begeertes te verwar nie. Dit is nie net: “Ek wil 'n koekie hê” nie, maar “ek moet 'n koekie hê.”
- Tweejariges se begeertes word baie gou omgesit in bevele: Ek moet daai koekies hê, word: “Gee my nou daai koekies!”
- Tweejariges het geen benul van wat hulle regtig nodig het nie. Ek het nooit een van my kinders ooit hoor sê: “Pappa het regtig nou 'n goeie nag se rus nodig, kan ek vroeg bed toe gaan?”

Goed, met hierdie verfrissing van jou geheue, verbeel jou jy is twee jaar oud. En verbeel jou nou, jy kan enige ouer kies wat jy graag wil hê - 'n ontwerpersouer. Jy definieer die karaktereienskappe van jou ouer. Wat-ter tipe ouer sal jy kies?

Kom ons neem aan dat jy baie wys is, soos tweejariges mos is. So jy bepaal dat jou ouer kos, skulping en versorging moet kan voorsien – eenvoudig gestel, jy kies 'n ouer wat tot jou voordeel daar sal wees. As 'n rare, wys tweejarige, besef jy dat jy nie alles

weet nie. Jy kies 'n ouer wat in staat sal wees om jou te leer. Derdens wil jy definitief 'n ouer hê wat jy kan vertrou- 'n betroubare ouer wat jou nooit sal teleurstel nie.

So ver klink dit nie te sleg nie, nê? Maar elke tweejarige sal ook 'n vierde karaktereienskap kies: Jy wil 'n ouer hê wat jy kan beheer. Jy kies 'n ouer wat doen wat jy wil hê hy moet doen. Ja, jy wil 'n ouer hê wat jou feite kan leer – wanneer en as jy wil leer. Maar jy wil nie 'n ouer hê wat jou beheer, en vir jou voorsê wat om te doen nie.

Wat sou uiteindelik gebeur as tweejariges toegelaat sou word om hulle ouers te kies?

Ons sal nooit toelaat dat tweejariges hulle eie ouers ontwerp nie: ons weet dat dit noodlottige gevolge sal hê. Maar ons leef in 'n kultuur wat geestelike tweejariges aanmoedig om hulle eie gode te ontwerp. As hulle die geleentheid kry, tree die meeste mense presies soos fisiese tweejariges op: hulle ontwerp 'n god wat vir hulle eie welvaart daar is, wat hulle iets omtrent die toekoms kan leer, vir wie hulle kan vertrou – maar bowe alles, een vir wie hulle kan beheer.

Die God van die heelal, die God wat geopenbaar is in hierdie boek, die Bybel – die enigste ware en lewende God, is nie so nie. Hy beloof om vir Sy mense daar te wees, Hy is totaal betroubaar, Hy lei ons in die volle waarheid – maar Hy word nie deur ons beheer nie. Hy word nie deur sistematiese teologiehandboeke en geleerdes beheer nie. Hy is altyd verrassend anders as wat ons wil hê Hy moet wees. Hy doen soos Hy wil, en Goddank daardie wil is 'n heilswil, maar Hy word nie deur ons beheer soos 'n genie nie.

Kom ons bring die vergrootglas nou na verse 18 tot 20....

h Die doelwit: Om die onkenbare te ken, om die onbeheerbare te beheer. Die middel: afgodery.

Hoekom wil hierdie persoon enige iets te doen hê met 'n afgod? Ons het reeds gesien dat hy streef na satisfaksie, sekuriteit, die toestand-brenging van iets en eer en hy het dit alles gesoek deur die gebruikma-king van geweld en die vernedering van ander. Hoekom maak hy 'n afgod en aanbid dit?

Omrede hierdie persoon weet dat sekere dinge buite sy beheer en kontrole is. Hy dink as't ware by homself: "Siekte, natuurrampe of my teenstanders se wraak, kan om elke hoek lê en loer. Ek weet nie wat more kan inhou nie. Ek het sover goed gedoen om my doelwitte te bereik – maar ek het bykomende krag nodig om my posisie te ver-seker."

Daarom wend hy hom tot 'n afgod. Dit is die middel wat hy gebruik om sy doelwit te bereik. Wat is 'n afgod?

'n Afgod is enige persoon, krag, mag of gees waarop jy steun en vertrou vir satisfaksie, sekuriteit, die toestandbrenging van iets, en eer – buite God.

Jy het seker opgelet: Al hierdie dinge is 'n beskrywing van die eerste 4 'ellendes'. In effek het die trotse een in elkeen van ons besprekinge van hierdie, op homself vertrou - en sodoende 'n afgod van homself ge-maak. Hier in die 5de ellende besef hy dat hy 'n bykomende krag nodig het om sy posisie te verseker, so hy draai na 'n fisiese afgod. Maar belangrik, ons is besig met afgodery wanneer ookal ons op iets anders as God vertrou om ons doelwitte te bereik.

Wat is die doelwitte hier in vers 18-19? Wel daar is 4.

- *Profyt*: Hy wil 'n god hê wat aan sy kant sal wees, wat tot sy voordeel sal werk.
- *Lering*: Die Hebreuse woord in verse 18 en 19 het dieselfde wortel as die woord 'Torah', die woord vir God se lering aan Israel, die wet van Moses. Hierdie persoon wil 'n 'god' hê wat die verwarring in die wêreld kan verduidelik, wat die toekoms kan voorspel, wat hom sal inlig oor die beste manier van lewe in hierdie wêreld.
- *Vertroue*: Hierdie persoon wil 'n 'god' hê, wat betroubaar is, wat hom nooit onbeskermd sal laat nie, wat kragtig genoeg is om hom van leed te bewaar.
- *Beheer* (Let op hoe roep hierdie persoon na die afgod!): Hy wil 'n god hê wat sy bevele uitvoer, sy begeertes sal bevredig.

Sien jy die inherente teenstrydigheid hier?

Om ons in alle omstandighede tot voordeel te strek, om ons vertroue waardig te wees, moet hierdie 'god' magtig wees. Om ons te kan leer, moet hierdie 'god' meer as ons weet – veral omtrent die toekoms, die onkenbare. Om hom natuurlik in alle omstandighede te kan vertrou, moet hy die toekoms met volkome akkuraatheid kan voorspel.

Tog wil ons hierdie 'god' beheer! Maar as ons hom kan beheer en hom kan voorsê, het ons hom dan nodig?

So, sien jy die noodwendige konklusie? Daar is nie sulke gode nie! Om die waarheid te sê daar kan nie sulke gode wees nie. Tog wil ons bewustelik of onbewustelik 'n magtige God hê wat onder ons beheer is. Dit is natuurlik logies onmoontlik.

Goed, so die trotse een se doelwit is om homself te bevoordeel, om ‘n leermeester vir homself te hê, om iemand te hê om te vertrou - nou, al hierdie doelwitte is God-gegewe, en God alleen is die antwoord vir hierdie begeertes. Tog verwerp hierdie persoon die ware, lewende God, omrede daardie God buite sy beheer is. So, hy kies eerder vir ‘n vals god wat hy kan beheer, ‘n afgod.

h Die straf: Nutteloosheid.

Vir die eerste 4 ‘weë’s’, is God se straf logies en regverdig: Die een wat plunder word geplunder, die een wat eer soek word oonteer, ens.

Met hierdie ‘ellende’ is daar so ‘n kinkel. God stel nie die eksplisiete straf nie. Nee, die straf is implisiet. Wat is dit?

Kyk na die woorde wat gebruik word om die afgod in vers 18-19 te be-skryf:

- ‘Sprakeloos’
- ‘Stom’
- ‘Leraar van valsheid.’ Hoe kan ‘n stom leraar valse dinge leer? Watter nut het ‘n sprakelose leraar? Wel, so ‘n leraar kan jou net vertel wat jy alreeds weet. So die leuen wat die afgod verkondig is in werklikheid die leuen van die afgod se maker, die valse belofte van ondersteuning en wysheid van die afgod.
- ‘Geen asem nie.’ Die Hebreeuse woord vir ‘asem’ is ook die woord vir ‘gees’, so hierdie frase kan vertaal word ‘geen gees in sy binneste.’”

So wat is die trotse een se straf? As jou leraar sprakeloos is, as die een wat jy vertrou, geen asem, geen gees het nie, wel, dan het hy ook geen krag nie - en gevolglik het jy geen beskerming nie. Op

die ou einde, is die vertrou op 'n afgod, bloot vertrou op jousef. Jy sal geen voordeel daaruit kry nie, jy sal leun op 'n stok wat breek (Psalm 115:8).

In watter sin sal jy word soos hulle? Wel, dood, kragteloos, hulpeloos. Dit is die straf.

h Lesse vir die lewe deur geloof

Soos die geval was in vers 14, gee God 'n eksplisiete les vir die lewe deur die geloof in vers 20.

Sien jy die kontras tussen God en die afgode?

- Daar is geen asem of gees in die afgod nie, maar die Here is werklik teenwoordig in Sy heilige tempel.
- Die een wat die afgod maak, praat met die afgod – tog is die afgod stom. In kontras: Die ware God van die heelal is die een wat praat - voor Hom val ons neer in stilte. Die Hebreeuse woord hier, is ook sterker: Letterlik staan daar: Stite voor Hom!, o, ganse aarde.

Met hierdie gedagtes as riglyn, kom ons kyk na lesse vir die lewe van geloof:

(1) Lewe deur die geloof beteken ons ontvang bevele van God, ons gee dit nie vir Hom nie.

Dit is 'n harde les, nie waar nie. Ons wil so graag in beheer wees. Ons wil regtig 'n *genie* in 'n bottel hê. Soos tweejariges glo ons ons weet wat is die beste vir ons en die wat onder ons sorg is - en dit lyk nie of God hierdie dinge bewerk nie!

C.S. Lewis bring dit pragtig uit in *The Lion, the Witch, and the Wardrobe*. Vier kinders word getranspoteer op magiese wyse na die land Narnia, waar Aslan - 'n Christus-figuur regeer. In hierdie gedeelte, het mnr. en mev. Bewer so pas die kinders vertel dat hulle Aslan moet ontmoet. Mnr. Bewer verduidelik:

“Aslan is a lion—the Lion, the great Lion.”

“Ooh!” said Susan, “I’d thought he was a man. Is he—quite safe? I shall feel rather nervous about meeting a lion.”

“That you will, dearie, and no mistake,” said Mrs. Beaver, “if there’s anyone who can appear before Aslan without their knees knocking, they’re either braver than most or else just silly.”

“Then he isn’t safe?” said Lucy.

“Safe?” said Mr. Beaver. “Don’t you hear what Mrs. Beaver tells you? Who said anything about safe? ‘Course he isn’t safe. But he’s good. He’s the King, I tell you.”

Sien God is nie ‘safe’ nie. Ons God is nie ‘mak’ nie. Ons God is nie onder ons beheer nie. God doen dinge wat ons nie kan begryp nie. Maar ons God is goed, Hy werk en stry vir Sy mense, teen die kwaad wat hulle bedreig. Lees maar net die Nuwe Testament. So, kom ons erken dat ons minder as tweejariges weet in vergelyking met Hom - en kom laat ons hom aanbid.

(2) Lewe deur geloof beteken om op die God te vertrou, wat met ons is.

Kyk weer na vers 20: Hoe begin dit?

Die Here is in Sy tempel.

Waar is Sy tempel vandag? Wat beteken hierdie sin vir ons vandag as Nuwe Testamentiese Christene. Gaan lees bietjie 1 Korintiërs 3:16.

As dit waar is - hoekom vertrou ons op enige afgod? Bedink dit!

Onthou julle nog die definisie van 'n afgod?

'n Afgod is enige persoon, krag, mag of gees waarop jy steun en vertrou vir satisfaksie, sekuriteit, die totstandbrenging van iets, en eer – behalwe God.

Op wie vertrou jy vir satisfaksie, sekuriteit, die bereiking van iets, en vir eer? Die God wat in jou is! As Hy in jou is, dan het Hy jou meer lief as wat jy ooit kan dink, as Hy alreeds vir jou die geskenk van onbere-kenbare waarde gegee het - Sy eie Seun se dood - hoe sal Hy jou nie al die ander dinge gee wat nodig is om die lewe van geloof te lewe nie.

Jesaja stel dit so:

So sê die Here, jou Verlosser, die Heilige van Israel: Ek is die Here jou God wat jou onderrig tot jou beswil, wat jou lei op die pad waarop jy moet gaan. As jy maar aan my gebooi gehoorzaam was, sou daar voorspoed en redding vir jou gekom het, so onkeerbaar soos 'n rivier, soos die golwe van die see. (Jes. 48:17-18)

Hy is die een wat ons leer! Hy is die een wat daar is vir ons voordeel!. As ons na Hom luister, lei dit ons na 'n oorvloedige lewe wat soos 'n rivier aanhou vloei, wat soos golwe aanhou breek op ons lewenstrand. Sy liefde en goedheid aan ons eindig nooit. As God sy teenwoordigheid in ons waarborg - is dit regtig

te veel gevra as hy ons vra om die beheer van ons lewens aan Hom oor te gee?

Waarin vertrou jy in die moeilike tye van jou lewe? Na wie draai jy wanneer:

- Mense jou teleurstel
- Siekte jou tref
- Jy jou werk verloor?
- Wanneer die dood dié wat jy liefhet, tref?

Die wêreld bied jou vandag miljuisende valse gode. Die wêreld probeer vir jou die toekoms voorspel op verskillende maniere deur horoskope of ekonomiese vooruitskouings. Maar niks daarvan werk regtig nie. Op die einde vertrou jy maar weer op jouself.

So, gaan jy die God van die heelal vertrou? Sal jy jouself in sy hande oorgee: “God, ek weet ek kan U nie beheer nie! Ek weet ek is minder as ‘n tweejarige voor U. Niemand kan U begryp nie. So, Here, ek vertrou U. Ek glo dat U alle dinge ten goede laat meewerk vir die wat U liefhet. Ek glo dat U vir my stry, dat U uiteindelik finaal gaan oorwin oor alle kwaad en lyding en sonde. O, Here maak my volkome U s’n.”

Vertrou God. Gaan voort om Hom te vertrou. Dit is iets wat nooit moet ophou nie. Dit is ons lewe totdat Hy weer kom en tot in alle ewigheid. Wat dit so moeilik maak om dit nou te doen, wat veroorsaak dat ons so maklik na ander gode draai, is die feit dat ons God nie kan sien nie! Ons kan nie Sy goedheid, krag en getrouheid altyd sien nie. O, maar dit is die lewe van geloof... Stry die goeie stryd van die geloof! En weet dit: God is in Sy heilige tempel, swyg voor Hom, o ganse aarde!

HOOFSTUK 8

Toorn en barmhartigheid (Habakuk 3:1-16)

Ek wil ‘n stelling maak: Sonder God se toorn, Sy regverdige woede teen sonde, is daar geen evangelie nie! Wat is die evangelie? Die goeie nuus dat God in Christus mens word, sterf en opstaan om ons te red van God se toorn teen sonde!

Die evangelie is nie terapie vir ons ‘hang-ups’ nie, nog minder raad vir hoe om gelukkig te wees nie. Die primêre boodskap van die evangelie is nie hoe om ‘n beter huwelik te hê, of hoe om jou kinders te dissi-plineer, of hoe om 50 kg te verloor nie. Nee, die evangelie sê vir ons hoe ons a.g.v. wat Jesus gedoen het, kan oor beweeg vanaf voorwerpe van Sy toorn na geliefde kinders. Ons verstaan nooit die omvang van God se barmhartigheid totdat ons die omvang van Sy haat teen sonde verstaan nie.

Toorn en barmhartigheid vorm die sentrale temas van die eerste deel van Habakuk 3. Die boek Habakuk het in die eerste twee hoofstukke as’t ware opgebou tot hierdie hooftemas. Dink weer aan die boek se raamwerk.

In verse 2-4 van hoofstuk 1, het die profeet uitgeroep! “Waar is die geregtigheid van God!” “God, ek het uitgeroep na U oor die ongeregt-tighede van Juda, ek is moeg om daarna te kyk. Tree op, o God!” God reageer in vers 5-11 deur te sê: Jy sal nie glo wat ek gaan doen nie. Ja, ek gaan optree – deur die Chaldeërs te stuur om alles in hul pad weg te vee en te vernietig. Dit was nie heeltemal wat Habakuk in gedagte gehad het nie. Hy het ‘n kliniese aanval in gedagte gehad. Selfaangedrewe missiele wat die sleuteloortreders van God se wet kon uithaal. Maar God beplan om die hele nasie te straf deur gebruikmaking van gewelddadige

mense. Hoofstuk 1:12-2:1 beskryf Habakuk se reaksie: “*Here, hoe kan U, wie se oë nie na boosheid kan kyk nie, hoe kan U gebruik maak van hierdie bose mense om u doelwit te bereik?*” Alhoewel verward, was Habakuk vol vertroue dat God hom sal antwoord, hom sal sê wat om aan die mense van Juda te sê. Die profeet wag dan ook op God se antwoord.

God antwoord dan ook. Eerstens sê Hy aan Habakuk: “*Dit mag vir jou lyk asof Ek talm, maar Ek tree altyd op presies die regte tyd op. Die regverdige man sal leef deur geloof – so hou vas aan my belofte!*” Wat die Babiloniërs betref en al die wat nie deur geloof lewe nie – “*Ellende wag vir hulle!*” God spreek dan 5 ellendes uit oor die Babiloniërs, waar-deur Hy die profeet wys dat Hy inderdaad dié sal oordeel wat boos is. In die proses sal julle nou weet, gee God ook vir ons wonderlike lesse omtrent die betekenis, prakties, van lewe deur die geloof.

Hoofstuk 3 is nou Habakuk se reaksie op hierdie openbaring van God. Kom ons kyk na vier sake:

- Die krag van God
- Die toorn van God
- Die reaksie van die profeet
- Die pleitroep van die profeet.

Lees weer die hele boodskap, alhoewel ons na vers 17- 19 sal kyk in die laaste hoofstuk.

h Die krag van God

Hoe groot is ons God? Wel, Hy is meer verblindend helder as die hel-derste ligte, kragtiger as enige iets in die skepping.

Meer verblindend helder as die helderste ligte

Vers 4 sê vir ons dat sy glans soos die lig is, verwysende na die sonlig, met weerligte wat uit Sy hand blits. Soos lig, is God volkome rein, daar is geen duisternis in Hom nie. Sy hitte penetreer alles. Verder kan ons nie kyk na Sy glans nie, omdat ons nie eers na die son kan kyk nie. En tog steek Hy nog die meeste van sy krag weg – wat ons sien is net ‘n fraksie van sy glans, sy helderheid.

Vers 11 lê nog meer klem hierop, deurdat dit daarop wys dat selfs die son nie kan kyk na die lig van God se pyle en spiese nie.

Kragtiger as enige iets in die skepping

Luister na vers 3 **“Die hemelruim is vol van sy majesteit, die aarde vol van sy roem.”** **“Voor Hom uit gaan die pes, in sy voetstappe volg die dood (vers 5).”** Sy krag se reikwydte oorspan selfs hierdie dinge!

“Wanneer Hy staan, skud die aarde; wanneer Hy kyk, bewe die nasies. Die eeue-oue berge verkrummel, die ou-ou heuwels val inme-kaar, die berge waaroor Hy van ouds af gewandel het!” (Vers 6) Wat lyk gewoonlik asof dit vir ewig sal bly staan hier op aarde? Wat lyk die mees permanentste? Wel, die berge en heuwels, nie waar nie? Tog, voor God skud en verkrummel hierdie berge en heuwels! In die 1983 vertaling gaan hierdie woordspeling verlore. Hy en sy krag is meer ewig, meer vas as die permanentste deel van die skepping.

So wat sien ons? God se glans, reinheid, en hitte is meer as die helderste lig wat ons ken...

Alle dele van die skepping – vanaf die kleinste sub-atomiese deeltjie tot die grootse element van die makro-kosmos, van die produktiwiteit van ‘n graanland tot die verwoesting van ‘n pessiekte – is onderworpe aan sy mag.

God alleen is ewig, Hy sal selfs vernietig wat vir ons die vaste van alles lyk.

h Die Toorn van God

Hoe gebruik God sy krag? Gedeeltelik om geregtigheid te laat geskied. Onthou julle dit was Habakuk se eerste vraag aan God: Here, waar is die reg? En God het verduidelik dat Hy reg sal laat geskied. Hy sal die leiers van Juda straf wat Hom verlaat het, Hy sal die Babiloniërs en almal wat nie leef deur geloof nie, straf. In hierdie gedeelte brei Habakuk poëties uit op hierdie gedagtes.

Vers 12 teken God as een wat in woede marsjeer, en nasies vertrap. Vers 8 is meer eksplisiet. **Was U kwaad vir die riviere, Here? Het u toorn teen die strome ontvlam? Het die see U woedend gemaak dat U op u perde gery het, op die strydwaens waarmee U oorwin?**

Antwoord? Nee, maar God het die water gebruik vir Sy doelwitte. Dit is nie duidelik watter spesifieke handeling van God in die verlede, Habakuk hier in gedagte het nie. Moontlik dink hy aan die skeiding van die Rooi See – onthou dit was ‘n tyd van verlossing vir die volk Israel en ‘n tyd van oordeel oor die Egiptiese weermag. God het die water teruggehou tot presies op die regte tyd, en Farao se troepe wat die Israeliete gejaag het, totaal vernietig. “Die perd en ruiter het Hy in die see gegooi.” Moontlik dink hy aan die vloed in Noag se tyd, toe God se oordeel oor die hele mensdom gekom het. Hoe dit ookal sy, God gebruik water, reën, vloede as lat (vers 9) om te straf vir die wat Hom verwerp.

Verse 13 and 14 is die mees grafiese : *“U het uitgegaan om u volk te red, om u gesalfde koning te red. U verpletter die aanvoerder van die goddeloses, U stroop hulle kaal van kop tot tone. Sela. Met sy eie pyle deurboor U die aanvoerder wanneer sy manskappe uitstorm om ons te verstrooi terwyl hulle jubel soos dié wat die ellendiges in hulle skuilplekke verslind.”*

Dit is God se geregtigheid. Die persoon verantwoordelik vir kwaad, word oopgesny. En let op wat gebruik God vir Sy doelwit: Die bese een se eie spiese (v. 14). Net soos die bese een homself verbly, en dink hy het oorwin, vernietig God hom met sy eie wapens.

Onthou jy Haman in die boek Esther? Haman het 'n galg gebou, 75 voet hoog, met die doel om Mordegai, die Jood, op te hang, maar God werk sake só dat Haman aan Sy eie galg hang. Dit is dieselfde gedagte hier. So laat God reg geskied!

Sekerlik moet ons bly wees oor die regverdigheid, die reg in hierdie handeling. En tog, dit is so erg dat ons ontnugter word. Kom ons kyk hoe Habakuk ontnugter is.

h Die reaksie van die profeet

“Toe ek hierdie dinge hoor, het ek gesidder, my lippe het gebewe, my hele liggaam het lam geword, my bene het aan die ruk gegaan. Tog sal ek geduldig wag dat die dag van die oordeel moet kom oor die volk deur wie ons aangeval is” (vers 16, vgl. ook vers 2)

Habakuk het vir oordeel gevra, maar hy is oorweldig deur God se reaksie. Hy bewee as hy dink aan die ontsagwekkende krag wat God teen mense gebruik. Hy kan beswaarlik staan, hy stort inmekaar as hy dink aan God se reinheid en Sy straf op kwaaddoeners. Habakuk sien God soos Hy is – en sy reaksie? Vrees!

Die Bybel verwys 8 keer na God as 'n verterende vuur. Dit is wat Habakuk sien. Die krag, die majesteit, die geregtigheid van God. God se oordeel is ernstig. Sy toorn is geen grap nie. Sy krag is oorweldigend en sy reinheid is perfek. Soos Jesaja (Jes. 6), sien

Habakuk sy eie swakheid en onreinheid in vergelyking met God – Hy sien dat ook hy God se toorn en straf verdien. So hy vrees.

Is dit ‘n regte reaksie? Verseker! Spreuke sê: “Die vrees van die Here is die begin van wysheid.”

Bewe jy voor God?

Wil jy reg en geregtigheid hê? Weet jy wat dit behels?

Vra jy soms, “Hoekom doen God nie iets omtrent die slegte mense nie?” Wil jy hê God moet optree? Weet jy waarvoor jy vra? Bewe jy as jy dit vra?

h Die pleitroep van die profeet

Habakuk gee vir ons ‘n wonderlike voorbeeld om te volg. Hy vrees, maar hy sê nie dan: “Ek het geen hoop voor God nie”, Nee, hy roep uit. “Herstel u werk! Maak u werk bekend, werk weer soos in die verlede by die sondvloed en die kloof van die Rooi See.” Hy vra dat dit sal gebeur “**in ons tyd**” Habakuk sê eintlik: “Moenie wag tot aan die einde van die jare nie, moenie wag tot die oordeelsdag nie. God, tree weer op in ons tyd.”

Maar wat vra Habakuk vir God om te doen? Hy herhaal nie sy versoek uit hoofstuk 1 nie. Hy vra nie langer net vir oordeel nie. Nee, hy pleit nou. In U toorn, onthou genade!

Hier is ons voorbeeld. Hy hoop in God. Te midde van sy vrees roep hy uit: O, God U is barmhartig, en dit is ons enigste hoop! Hy sê nie: O, God, moenie U toorn wys nie. Ons verdien dit nie. Hy weet dat God se volk, so wel as die Babiloniërs, God se toorn verdien! Hy weet God is reg om te oordeel – en hy sien dat behalwe as God genadig is, almal oordeel in die gesig staar. Want God se lig is helderder as die son, soos Johannes sê: “In hom is

geen duisternis nie” Maar tog, in God se mense is baie duisternis. So Habakuk pleit: “God, onthou genade..”

Het julle die uitstalling van God se genade in die res van die hoofstuk opgelet?

U het uitgegaan om u volk te red, om u gesalfde koning te red. U verpletter die aanvoerder van die goddeloses, U stroop hulle kaal van kop tot tone (vers 13). En die oordeel in vers 14 is teen die wat God se volk verstrooi.

So, God tree op in geregtigheid; *Hy oefen Sy groot krag uit vir die verlossing van sy volk .*

Joël gee dieselfde gedagte weer: *Die Here sal uit Sion brul, Hy sal sy stem uit Jerusalem laat hoor, en hemel en aarde sal bewe. Die Here is 'n toevlug vir sy volk, 'n veilige vesting vir die Israëliete (Joël 3:16).*

Mag, krag, oordeel, toorn – tog ‘n vesting van barmhartigheid vir sy mense. Dit is die aard van ons God.

h Wat jy moet onthou

God's toorn is nodig!

Selfs in hoofstuk 1 sê Habakuk: “U oë is te rein om kwaad te aanskou.” Dit is in die aard van God om die kwaad te haat. God tree altyd op in ooreenstemming met sy karakter. So, die bestaan van kwaad vra om straf. God sou nie God gewees het as Hy nie die kwaad gestraf het nie.

Ons toorn is nie nodig nie!

God se toorn vloei voort uit sy reinheid – “In Hom is geen duisternis nie.” Sy wese kan nie kwaad verdra nie, maar ons kan, en ons doen dit. Ons toorn bring nie God se geregtigheid na vore nie, want dit is gemeng met onsuier motiewe.

God maak Sy toorn bekend – maar ons mag nie (Kol. 3:6-8). Vergel-ding behoort aan die Here, nie aan ons nie. Die sekerheid van God se vergelding bevry ons van die ‘kwaad met kwaad vergeld’-patroon. Ons is nou vry om ons vyande lief te hê, om te bid vir die wat ons vervolg – en om te weet dat God sal toesien dat daar vir elke sonde betaal word. God se toorn is nodig, ons s’n nie.

God se toorn lyk of dit vertraag word, maar dit is seker

Uit ons perspektief lyk dit of God se toorn nooit gaan kom nie. Ons mag nie die straf sien vir al die kwaad rondom ons nie – inderdaad sal ons sekerlik nie al daardie straf sien nie. Habakuk het nie. Hy moes sekerlik ‘n volwassene gewees het in die tyd van Habakuk 1, omtrent 605 v.C. God het nie hierdie profesie teen Babilonië vervul tot 70 jaar later nie. Hy moes toe al dood gewees het.

Maar op die laaste dag sal God alle rekeninge regstel. Daar sal geen sonde wees waarvoor nie betaal is nie. Of deur die bloed van Jesus, of die ewige straf van die oortreder. Wanneer sal dit gebeur?

In die lig van Matteus 24:14 sal dit gebeur nadat ons die groot opdrag uitgevoer het, nadat ons die goeie nuus versprei het na elke stam en volk en taal en nasie - dán sal die einde kom. Daar is geen onsekerheid hier nie. Dan sál die einde kom (vgl 2Pet. 3:7-9)

Die dag kom. God wag vir die uitvoering van die groot opdrag. Dan sal die goddeloses vernietig word, en God se mense sal saam met Hom juig vir ewig.

Gegewe die vreeslike, ontnugterende aard van hierdie oordeel, moet ons steeds bid: Amen, Kom, Here Jesus? Ja!, maar die oordeel is vreeslik. So kom ons werk en getuig en bid sodat deur watter middele ook al, mense na Hom sal vlug en so gered sal word van die toorn wat kom.

God's toorn is die begin van die evangelie!

Sonder toorn is daar geen evangelie nie. Luister bietjie na 'n sleutel- verduideliking van die evangelie, soos gevind in Romeine 5:8.

Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

Dit is die hart van die evangelie, maar wat sê die volgende vers?

Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf (toorn) van God gered sal word (Rom. 5:9)

Ons verstaan nooit die diepte van God se barmhartigheid, die noodsaak-likheid van die kruis, die pyn en lyding van die kruis, behalwe as ons eers die toorn van God verstaan nie. Ons kan nie die vaagste benul hê van wat Jesus aan die kruis gedoen het, behalwe as ons sien dat God nie sonde kan verdra nie, dat Hy sonde moet straf, omdat dit ten diepste rebellie teen Hom, die Lewe self, is.

Habakuk het nie die wonder van God se werk aan die kruis gesien nie. Hy het slegs soos in ‘n dowwe spieël dit gesien, miskien deur Jesaja se profesieë in Jesaja 53, dat God se lydende diensknege ons sou genees deur Sy wonde. Hy het nie verstaan hoe God volkome regverdig en volkome barmhartig op dieselfde tyd kon wees nie. So, hy roep bloot uit: “Here, sonder u barmhartigheid is ons almal blootgestel aan u toorn. So in u toorn, dink aan u barmhartigheid!”

Aan hierdie kant van die kruis, sien ons God se barmhartigheid duidelik. Die vraag is: sien ons God se toorn so duidelik soos Habakuk? Ons moet beide sien!

Wat van jou? Hoe moet ek en jy daarteen reageer?

John Piper sê ons reaksie moet dit wees:

deeply sobered by the awful severity of God, humbled to the dust by the absoluteness of our dependence on his unconditional mercy, and irresistibly allured by the infinite treasury of his glory ready to be revealed to the vessels of glory.

Ontnugter, verootmoedig, bekoor. Is dit jou reaksie?

Glo jy in Jesus Christus? Loof God dan dat Hy ‘n God van geregtigheid is. Prys God dat Hy elke sonde straf. Dank God dat Hy geen skuldige ongestraf sal laat nie. Prys Hom dat Sy geregtigheid ons bevry van die noodsaaklikheid van vergelding. Laat daardie oneindige skat van heerlikheid jou so bekoor dat jy Hom meer en meer sal bemin.

Ons God is:

- Liefdevol en regverdig
- Goedhartig en ernstig
- Teer en ontsagwekkend

Prys Hom! Bewe voor Hom! En doen alles in jou vermoë om die koms van die koninkryk te versnel!

Glo jy nog nie in Jesus as redder en Here nie? Wel, dan is die woorde van Johannes 3:36 vir jou:

Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.

Glo in die Seun! Verneder jouself voor Hom. Buig. Hy en Hy alleen is die Lewe - nou en vir altyd. Die alternatief is te vreeslik om te bedink.

Glo – glo en jy sal lewe, omdat jy geregverdig is.

HOOFSTUK 9

Die geloof om te jubel (Habakuk 3:17-19)

Wat is die moeilikste ervaring waardeur jy al in jou lewe gegaan het? Watter moeilike ervaring het emosioneel die meeste uit jou uit gewurg? Vir sommige mag dit die:

- § doof van 'n eggenoot, of kind of ouer wees
- § toe jy met kanker gediagnoseer is, of een van jou geliefdes
- § vir ander die dag toe jy gekaap is.
- § Toe jy gehoor het jy het jou werk verloor
- § vir ander die feit dat jy geïgnoreer of verwerp is deur iemand wat jy liefhet.

§ Vir ander die konsekwensies van ‘n sonde wat jy self gepleeg het.

§ Vir ander ‘n tyd van intense geestelike worsteling.

Wat dit ookal mag gewees het, dink bietjie terug. Wat was jou gedagtes oor God in hierdie moeilike tyd in jou lewe. Het jy gebid? Indien wel, hoe? Met trane, met woede, met ‘n gebroke en verslae hart?

Habakuk 3:17-19 bevat woorde van hoop – groot hoop. Maar ons sal nie hierdie verse verstaan as ons nie die diepte van die wanhoop van die profeet wat dit geskryf het eers verstaan nie.

Soos ons gesien het, Habakuk sien God as ‘n verterende vuur, rein en heilig. In hoofstuk 1 het hy uitgeroep dat God iets aan die onreg in Juda moet doen. Here, straf die wetsverbrekers, hoekom laat U nie reg geskied nie. Teen Hoofstuk 3:16 begin hy die geweldigheid besef van daardie straf – die vernietiging van Jerusalem deur die Babiloniërs en hy bewe.

Onthou nou dat Habakuk skryf so 18-20 jaar voor Jerusalem vernietig is in 586 v.C. Heel moontlik het hy nog gelewe om die vernietiging te sien – hy mag selfs in die geveg gesterf het, of honger gely het tydens die beleëring, hy mag dit oorleef het. Ons weet bloot nie. Maar ons weet dat Jerusalem al die smart van daardie tyd deurleef het. Koning Nebukadnesar van Babilon het die stad vir twee jaar beleër en letterlik die mense deur honger tot onderwerping gedwing. Uiteindelik het die koning van Juda en sy leermag probeer om deur ‘n gat in die muur te ontsnap, maar is gevang en uitgewis. Die Babiloniese leermag het toe die stad binnegestroom, gemoor, geplunder, vernietig. Gaan lees net Klaagliedere 2:1-6; 11-17, 20-22 , wat Jeremia kort na hierdie gebeure neergeskryf het.

Ek dink nie ek hoof iets te sê nie. Met alle respek, min van ons het al so gely.

Kom ons kyk nou na hierdie gedeelte. Onthou Habakuk het vooruitge-kyk na hierdie gebeurtenis wat Jeremia vir ons beskryf: hongerdood, kannibalisme van kinders, die vernietiging van Salomo se tempel, die oënskynlike einde van die land. Terwyl hy dit sien, skryf hy Habakuk 3:17-19!

Ek gee die volgende indeling en opskrifte om dit vir jou maklik te maak:

- Vers 17: Ek het alles verloor!
- Vers 18: Tog sal ek jubel in my verlosser!
- Vers 19: Want Hy stel my in staat om hierdeur te gaan!

Ek het alles verloor! (v. 17)

Kyk weer na die vers. Onthou, die ekonomie van Juda in hierdie tyd was feitlik geheel en al gebaseer op landbou en veeteelt. Die landbou kon verdeel word in basies die volgende permanente oeste: Vrugte-bome, olyfbome, wingerde – en dan die jaarlikse oeste van graan en gort. Nou volgens hierdie verse, watter deel van die oeste het misluk?

Wel, vye, druiwe en olywe- al die permanente oeste.

Die jaarlikse oeste van die land. Die stapelvoedsel, die bron van kalo-rieë. So, nie die permanente of die jaarlikse oeste het enige iets gelewer nie.

Die laaste twee items. Kleinvee en beeste. Al hul lewende hawe is dood.

Sien ons wat hy sê? Selfs al het ek alles verloor. Ja, selfs al het my inkomste verdwyn. In ons idoom: Wanneer ek my werk

verloor het, en die werkloosheidspensioen raak op, wanneer die rekeninge inkom, maar geen geld inkom nie...

Maar eintlik is Habakuk se situasie erger as enige iets wat ons ons kan voorstel in ons tyd. Want sien in Juda is daar geen inrigtings vir haweloses nie, geen welaf familieledede iewers nie. Geen inkomste het vir Habakuk verhongering en die dood beteken. Eerstens vir die swakkes in die familie, die oues en die jonges en uiteindelik vir almal. Ek twyfel of enige een van ons werklik al die vooruitsig gehad het dat 'n familielid van die honger kan sterf a.g.v. geen inkomste nie. Dit was wat Habakuk in die gesig gestaar het.

Maar moenie dat die geweldige ekstreme van die geval jou oë verblind vir die relevansie vir vandag nie. Miskien is 'n ander manier om na die vers te kyk, waarmee ons miskien makliker kan identifiseer dít: “Alhoe-wel dit lyk asof al God se gawes van my weggeneem is”

Hoe het Habakuk teenoor hierdie situasie gereageer?

h Nogtans sal ek jubel! (vers18)

Let op: Habakuk ontken nie die situasie en sê: “Wel, dit is te erg om aan te dink. Ek sal my oë toemaak en aan iets anders dink nie. Ek sal voor die TV sit en sorg dat dit my aandag aflei nie.” Hy sê ook nie: “Wel, ten spyte van dit alles sal ek volhard nie. Ek sal 'n stywe bolip hou. Ek sal getrou bly.” Nee, hy is nie soos die treintjie wat teen die berg op loop en sê “ek dink ek kan ek dink ek kan”, nie.

Nee, wat sê hy? Ek sal JUBEL, ek sal JUIG in God my redder.

Habakuk het nie net die moontlikheid daarvan gesien om alles te verloor nie, hy het verseker gewet dat die wêreld soos hy dit

geken het – saam met alles en almal wat hy liefhet – op die allervreeslikste manier vernietig gaan word. En hy sê nie net, wel, ek sal maar nie vrae vra vir God nie. Nee, Hy sê Ek sal jubel in die Here. Hoekom? Want ek weet hy is my redder. Daaraan kan ek nie twyfel nie, sê Habakuk. Onthou julle wat hy gesê het in 1:12?

Hoekom kon hy dit sê? Wel, hy het geweet dat God homself aan Israel verbind het deur die verbond aan Abraham, Hy het geweet dat God nie hierdie belofte sal breek nie, die volk sal nie heeltemal uitgewis word nie – en die wat Hom aanbid en in Hom glo, soos Habakuk, sal lewe. Onthou julle Habakuk 2:4, soos dit in die oorspronklik Hebreeus en in die 1953 vertaling staan? *“Die regverdige sal lewe deur die geloof.”* So Habakuk weet, wat ookal gebeur, dit beteken nie God se verwerping van hom nie, dit is nie die einde van alles nie. Ja, hy het op hierdie stadium van die Goddelike openbaring nog min begrip gehad van wat hierdie lewe werklik beteken. Hy het min begrip gehad van God, die redder, maar Hy het verseker daaraan vasgehou – daarom jubel hy, en juig in wie? God, sy redder. Die God wat in die geskiedenis Homself bewys het as die redder van Israel.

Meer nog , kyk wat sê Hy in vers 19?

Hy stel my in staat om hier deur te gaan! (v.19)

“Hy maak my voet soos die van ‘n ribbok.” Nou ‘n ribbok kan op die mees onherbergsame terrein rondklim en kos vind. Hulle val nie.

Met ander woorde wat sê Habakuk?: Hy sê, soos God die ribbok ontwerp het, gevorm het om op gevaarlike hoë plekke in die berge te loop, so het God hom toegerus, so sal God hom toerus om op sy hoë plekke te loop. Hoë plekke in Habakuk se tyd was gevaarlike plekke. Hulle het nie berg en rotsklim as sport gehad

nie. As hy praat van hoë plekke dan praat hy van ongewone, uitdagende, moeilike en traumatiese ervarings. Hy sê God gee op een of ander manier aan sy kinders ribokkvoete om dit deur te maak.

Vir ons: Jy kan jubel, God sal jou in staat stel. Glo dit.

hMaar wat sê dit vir ons?

Kan ons Habakuk se situasie op ons van toepassing maak? Kan ons soos hy jubel en juig in God, ons redder? Maak God ons voete soos die van 'n ribbok om óns te lei op die hoogtes?

My antwoord is ja, nog meer. Maar voor ek kyk na die nog meer, net 'n paar opmerkings.

Ons as gelowiges is nie vrygeskeld van lyding nie. Ek en jy sal op een of ander stadium een of ander vorm van lyding en swaarkry ervaar. Hoekom?

Wel, blaai na Rom. 8:20.

Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee

Ons kan dus verwag dat daar swaarkry en lyding en smart sal wees.

Die direkte oorsaak van ons lyding is nie altyd presies dieselfde nie. Dit is nie altyd dieselfde as Habakuk se lyding se oorsaak nie. Hier het ons 'n Ou Testamentiese geval waar God sy volk straf vir hulle sonde, deur sy toorn op hulle uit te giet, deur gebruikmaking

van die Babiloniërs, die vernietiging van Jerusalem en die Ballingskap. Sy diensknegte soos Habakuk, ly ook daaronder.

Daar kan baie oorsake wees vir ons lyding, jou swaarkry, daar is baie rolspelers in ons lyding. Ons eie dwaasheid en keuses, ons eie sonde. Straf op ons eie sonde, die aanslae van die duiwel – daar is legio oorsake en presies hoe dit inmekaar skakel en presies op watter manier God betrokke is, is baie moeilik om vas te stel en ‘n mens kan baie hare kloof daaroor. Dit is ‘n studie op sy eie.

Kom ons dink net ‘n bietjie oor hoe ons kan en moet reageer as dit wel oor ons as gelowiges kom, wat ookal die direkte oorsaak, wat ookal die doel daaragter – want daaroor is ons dikwels in die duister, al probeer ons allerhande mooi teologiese antwoorde daarop gee.

So kan en moet ons jubel en juig soos Habakuk en hoekom?

Ons *kan* jubel en juig, want God *is* ons redder. Ons kan dit beter verstaan as Habakuk, want ons weet dat God in Jesus ons redder is en ons sien die kruis. Dit laat ons jubel. Hoekom? Wel, eerstens omdat ons weet ons finale verlossing is seker. As God dit vir ons gedoen het toe ons sondaars, goddeloses was, dan sal Hy vir ons die uiteindelijke heerlijkheid gee, soos Hy beloof het. Verseker gaan Hy oorwin, finaal oorwin oor alle kwaad, lyding en sonde!

Ons het Romeine 8:20 gelees, kyk net na Romeine 8:21.

die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlijkheid waaraan die kinders van God deel sal hê.

Lees net Openbaring en kyk hoe grafies hierdie oorwinning beskryf word! (Openbaring 19:1-7, Openb. 19:11-15, Openb. 21:1-4)

Ja, hoe lank en hoe swaar my lyding gaan wees, weet ek nie, maar dit gaan uiteindelik eindig, want God het in Jesus die sonde, lyding en kwaad oorwin! Hy sal my verlos, volkome. Hoe weet ek dit? Wel, ek maak staat op God se beloftes, ek GLO dit. Jy sien, weereens, ons lewe deur geloof en nie aanskoue nie. Maar dit is mos die lewe van die regverdige, nie waar nie!

Ons weet ook beter as Habakuk dat God saam met ons in ons lyding is. Dat God in Jesus die lydende dienskneq is. Miskien, waarskynlik het Habakuk Jesaja 53 nog nie werklik verstaan nie. Ons weet Jesaja 53 praat van die een waarvan Kol. 1:15 sê, *Hy is die beeld van die on sien-like God*. Jesus kom wys ons wie God is en dat hy die lydende God is.

Ja, Hy verstaan my lyding en jou lyding, want Hy het erger deurgegaan. Maar Hy ly ook saam met sy kinders. Reeds in Jesaja sê God: *“In al hulle benoudhede was ek benoud”* (63:9). Dit is nog duideliker in die Nuwe Testament. Dink aan Paulus se bekering. Jesus sê aan Paulus “Saul, Saul, waarom vervolg jy my...” Vir wie het Paulus vervolg? Jy’s reg – vir gelowiges, Christene. Jesus is egter so een met sy mense dat Hy kan sê dat Paulus Hom vervolg het. Ons kan dus weet, waar Sy kinders ly, ly Hy.

O, en dit gee ons vreugde. Ons God is nie soos die afgode nie. Hy is by ons. Dink so daaraan, die pad wat ons stap, die pad waarin ons dikwels swaarkry en ly en sukkel – dit is die pad wat Jesus as die eerste nuwe mens ook geloop het, maar Hy is uiteindelik verhoog en verheerlik. Ons volg Hom. Ons word verander, deur al ons swaarkry en lyding en smart om aan hom gelykvormig te word sê Romeine 8:28-30. Onthou: Hy was ‘n man van smarte

bekend met krankheid (Jes. 53:3), maar in dit alles het Hy getriomfeer en vol liefde en heiligheid gereageer en oorwin. As ek en jy hierdie dinge deurgaen, kan ons vir onself sê: “Ek is besig om te verander na die beeld van Jesus, dit is wat Hy deurgegaan het, so ek raak al hoe meer soos Hy, en daarom wag die verhoging wat Hy ontvang het ook op my.” Ja, Hy het selfs uitgeroep “My God, my God, waarom het U my verlaat.” Ons hoef nooit daarvoor te wonder nie.

Ja, dit sal ook vir ons soms lyk asof God nêrens is nie, maar ons kán jubel en juig, want Hy is langs ons.

Ons kan ons natuurlik verbly in lyding omdat die angel van die dood uitgetrek is. Daarom hoef ons nie bang te wees vir lyding en uiteindelik die dood nie. Ons kan juig in God, ons redder, wat die angel uitgetrek het.

Maar meer as dit. Hy maak ons voete soos die van ‘n ribbok. Hy stel ons in staat om ons lyding deur te gaan en bo uit te kom, geestelik gesproke. En ons in die Nuwe Testament kan dit beter beleef. Hoekom? Want dieselfde Heilige Gees wat in Jesus was en Hom deurgedra het deur alles, is in ons. Dit is hierdie Heilige Gees, wat in tye van swaarkry en lyding saam met ons Gees getuig dat ons kinders van God is. Wat in ons uitroep: “Abba Vader!” (Rom. 8:16).

Maar baie prakties, hierdie uitroep van Habakuk is baie moeilik vir gelowiges wat koud geraak het in hulle passie vir die Here. Ek dink een van die redes hoekom Habakuk so kon praat in hierdie verse, is omdat Hy in die eerste verse van Habakuk 1 duidelik iemand is wat ‘n passie gehad het vir God, ‘n hart vir God en sy eer.

Let op: Hy was oortuig dat God sy redder is. Hy het hom geken. Hy het gebedsverhoring geken. Hy bid dat God iets sal doen vir

Sy eer in die goddelose Juda en God antwoord hom – onthou jy? Hy was daarom iemand wat gebedsverhoring gesmaak het. Wat probeer ek sê? Ek wil sê dat jy lyding en swaarkry soveel makliker met gejubel en gejuig kan hanteer as jy in noue kontak met die Here lewe. Punt.

Miskien sê jy, ja maar dit is steeds moeilik om vas te hou aan die Here, veral met jubel en juig as dit so swaar gaan.

Wel, dit is. Die lewe van geloof is moeiliker as die lewe deur sig. Onthou wat ons gesien het in hierdie boek. Die lewe deur sig is ‘n lewe wat soek vir satisfaksie, sekuriteit, wat iets wil tot stand bring en wat eer wil ontvang. Ons het gesien die lewe deur die geloof werk anders. Hierdie lewe soek eers die Here, vertrou Hom eerste, verheug homself in Hom - en dan gee Hy die begeertes van die hart, wat natuurlik begeertes na Hom sal wees! Kortweg ons het gesien ware sekuriteit, satisfaksie, eer en die totstandbring van iets, word alleen in die Here gevind. Om so te leef is moeiliker as om deur sig te wandel. Natuurlik. Anders sou dit nie geloof gewees het nie!

Lewe deur geloof beteken dat ek God liever het as sy gawes

Dink aan ‘n ouer wat sy kind belaaai met allerhande presente. Die kind sê hy het die ouer lief, maar is die regte toets vir daardie kind se liefde nie dalk die wegneem van die presente nie?

Daar is ‘n groot verskil tussen: “Ek het jou lief omdat jy so baie vir my doen” en “ek het jou lief.”

Lewe deur geloof beteken om God self lief te hê. Natuurlik moet ons dankbaar wees vir sy gawes en ons kan dit selfs soek – maar God is ons vreugde. Hy is ons skat en niks anders wat ons begeer, kan met Hom vergelyk word nie.

Dit is wat Habakuk geweet het.

Maak nie saak wat die hoë plek is waar jy jousef bevind nie. God sal jou ribbokvoete gee. Verbly jou in Hom. Vertrou Hom. Werp jousef op Hom. Wees vir Hom lief met jou hele hart en siel en verstand en al jou kragte. Mag ek en jy saam met Habakuk kan sê: “Al sou nogtans”!

b